# ’n Sfeer van haar eie – ’n Ontwikkeling van die regsverbeelding in die konteks van ‘tuiste’ en die privaat-publiek onderskeid

deur

Eunette Beukes

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir ’n LLM-graad aan die Regsfakulteit

Universiteit van Pretoria

Voorberei onder begeleiding van Prof K van Marle
November 2013

© University of Pretoria

# Inhoudsopgawe

1. Hoofstuk een: Inleiding ..... 1

a. Aannames ..... 1

b. Die ontwikkeling van 'n derde kreatiewe sfeer ..... 2

c. Hoofstukuiteensetting ..... 2

2. Hoofstuk Twee: 'n Verstrengeling van Sfere en Geslagsrolle ..... 7

a. Inleiding ..... 7

b. Vroue, tyd en feministiese strategieë ..... 10

c. Patriargie, Politiek en die Reg ..... 18

i. 'Ethics of care' en kritiek ..... 20

d. Arendt: Aksie-arbeid-werk, die verstrengeling van die publieke en private sfeer en Rahel Varnhagen ..... 25

i. Hannah Arendt se siening aangaande arbeid, werk en aksie ..... 26

*ii.* Arbeid ..... 26

iii. Werk ..... 28

iv. Aksie ..... 29

v. Die verdwyning van die publieke sfeer ..... 30

vi. Die onderskeid en verstrengeling van die private en publieke sfeer ..... 32

vii. Rahel Varnhagen se Berlynse salon as voorbeeld van die verstrengeling van die publieke en private sfeer ..... 35

e. Vroulike kreatiwiteit en manlike uitvinding ..... 39

f. Gevolgtrekking ..... 42

3. Hoofstuk Drie: Die vrou en tuiste ..... 45

a. Inleiding ..... 45

b. Die verhouding tussen vrou en tuiste ..... 49

c. Definisie van tuiste(home) ..... 52

d. Bewaring deur fotos ..... 54

e. Buite die politiese sfeer ..... 57

f. Die vrou en landskap ..... 59

g. Die dualisme van manlik/vroulik, kultuur/natuur ..... 61

i. 'n Alternatiewe ruimte ..... 62

h. Vroulike Kreatiwiteit ..... 65



© University of Pretoria

i. Penelope – Die Wewer ..... 65
ii. Suster Juana Inés de la Cruz – die Kok ..... 71
i. Kos en resepte as kuns ..... 72
j. Gevolgtrekking ..... 74
4. Hoofstuk vier: Die derde, kreatiewe sfeer ..... 77
a. Die mens verplaas ..... 81
b. Die reg as ’n sosiale fenomeen ..... 82
c. Regsverbeelding ..... 90
d. Verbeeldingryke ruimte ..... 94
e. Ruimte sonder grondslag ..... 96
f. ’n Sfeer van haar eie ..... 98
g. Gevolgtrekking ..... 102
5. Hoofstuk vyf: Gevolgtrekking ..... 106
6. Bibliografie ..... 109
a. Artikels ..... 109
b. Boeke ..... 109
c. Sake ..... 110
d. Webwerwe ..... 111
e. Wetgewing ..... 111



© University of Pretoria

## 1. Hoofstuk een: Inleiding

Die fokus van hierdie skripsie is die ontwikkeling van ʼn derde, kreatiewe sfeer waar die vrou op haar terme erkenning sal kry vir haar kreatiewe werke. Hierdie skripsie spruit voort uit twee bronne: Virginia Woolf se *A room of one's own* en artikel 16(1)(c) van die Grondwet wat elke persoon se reg tot artistieke kreatiwiteit beskerm. Aldus Woolf benodig die vrou vyfhonderd pond en ʼn kamer van haar eie om te kan skryf. Die Grondwet gee aan elke persoon die reg tot kreatiwiteit, tog is die beperkinge van die reg as sisteem van so ʼn aard dat elke vrou nie ʼn kamer van haar eie kan kry om haar kreatiwiteit in uit te leef nie. Ek poog om die konsep van die verbeelding te gebruik en ʼn sfeer te ontwikkel waarin die vrou haar kreatiwiteit kan uitleef. Hierdie sfeer sal die beperkinge van regshervorming uitdaag in die mate waartoe dit die regsverbeelding ontwikkel.

### a. Aannames

Die beskrywing, die derde sfeer, is gegrond op my uiteensetting van die tradisionele verskille tussen die private en publieke sfeer.

My eerste aanname is dat kreatiwiteit verbonde is aan die private sfeer en as vroulik geag word; terwyl uitvinding gebonde is aan die publieke sfeer en as manlik geag word. Die private en die publieke sfeer het verstrengel geraak en die gevolg daarvan is dat die geslagsrolle sowel as uitvinding en kreatiwiteit ook verstrengel geraak het. Die konteks waarin regsverbeelding ontwikkel word is die publiek en private onderskeid sowel as die opvatting van 'tuiste' (home).

Die tweede aanname wat ek maak is dat tuiste ʼn prominente rol speel in vroue se bestaan. Die vrou se verhouding met tuiste is dualisties van aard – aan die een kant is dit tradisioneel ʼn ruimte van onderdrukking deur die patriargie, maar dit is terselftertyd ook ʼn ruimte wat ʼn verlenging is van haar kultuur en identiteit. Die idee agter die derde, kreatiewe sfeer is om die private sfeer, waarin die tuiste geleë is, te herskryf na ʼn ruimte waarin daar kreatiewe voordeel vir die vrou lê. Die tuiste het beide private en publieke eienskappe. Die vrou het ook al deur die ontwikkeling van die feministiese beweging vanuit die private sfeer geskuif



© University of Pretoria

na die publieke sfeer en het dus toegang tot albei sfere. Die probleem bly steeds dat, alhoewel hulle beide sfere kan betree, vroue nie genoegsaam erken word as gevolg van die oorheersende patriargie en die beperkinge van die reg nie.
Dus is my derde aanname dat die vrou nie ŉ sfeer van haar eie het nie.

### b. Die ontwikkeling van ŉ derde kreatiewe sfeer

Die ontwikkeling van die derde, kreatiewe sfeer word gedoen in verskillende fases. Die rede hiervoor is dat sekere konsepte en teorieë eers uiteengesit en ontwikkel moet word voordat die kreatiewe sfeer, binne konteks verduidelik kan word.
Die eerste ontleding is om te bepaal wat die tradisionele betekenis van die private en publieke sfeer is en tot watter mate die kreatiewe/uitvinding onderskeid en die private/publieke onderskeid bevraagteken kan word. Die bespreking van die publieke-private onderskeid sal ook aandui wat die faktore is wat die verstrengeling van die sfere veroorsaak het.
Binne die konteks van die private-publieke bespreking sal ek bespreek watter rol die opvatting van tuiste in die vrou se bestaan speel en hoe hierdie rol herbedink en herinterpreteer word.
Enige herinterpretasie van sfere, sal verbeelding van die sfeer vereis. Die derde ontleding is om te bepaal wat ŉ kreatiewe sfeer behels en watter voordele hierdie sfeer inhou wat regshervorming nie kan bied nie. Ek sal ook bespreek hoekom die reg ook eerder geïnterpreteer moet word as ŉ manier om ware geregtigheid te laat skied.

### c. Hoofstukuiteensetting

In die eerste substantiewe hoofstuk na die inleiding, hoofstuk twee, fokus ek op die verskille tussen die private en publieke sfeer. Om te bepaal in watter ruimte die vrou haarself vind ten opsigte van die sosiale sisteem, sal ek die verskillende fases van die feministiese beweging verduidelik. Hierdie verskillende fases sal die vrou se ommegang met die private en publieke sfeer verduidelik. Die vroue se ommegang is nie net beperk tot die sfeer waarin sy verkeer nie – soos die feministiese beweging ontwikkel het in terme van ruimte so het dit



© University of Pretoria

ook ontwikkel in terme van tyd. Ek sal 'n uiteensetting van die verskillende golwe van tyd gee deur gebruik te maak van Julia Kristeva se *Women's Time.*[1] Die drie fases kan ook omskryf word as strategieë met drie eienskappe – ongelyke dualismes wat geseksualiseer is en dat die reg altyd die manlike kant van die dualismes bevoordeel. Al drie die besprekings sentreer rondom die verplasing en ontwikkeling van die vrou – tussen ruimtes, tussen tyd en in sosiale verkeer.

Gegrond op die laaste van die drie strategieë sal ek bespreek hoe die reg dit moontlik gemaak het vir die patriargie om die vrou onderdruk te hou in die private sfeer. Die patriargie se onderdrukking het nie net sover gegaan om die vrou te onderdruk in die private sfeer nie – dit het ook vroue as a-polities beskou en so gehou deur militante aftakeling. Die patriargie verseker dat die vrou nie erkenning kry vir haar huishoudelike werke nie en sodoende is enigiets wat die vrou skep waardeloos.

Die vrou se ommegang met mense en goedere word anders benader as die van 'n man. Ek gebruik Carol Gilligan se 'ethic of care' om aan te dui hoe vroue die wêreld benader – sorg en verhoudings word altyd in ag geneem. [2] Die vrou definieer haarself tussen die mense en die goedere wat rondom haar is, terwyl die man homself apart hou van die wêreld – sy volg 'n 'ethic of care' en hy volg die 'logic of justice'.[3] Die bespreking van Gilligan sal nie volledig wees sonder die kritiek van Catherine MacKinnon en haar bespreking oor die oorbeklemtoning van geslagsverskille wat sal veroorsaak dat die vrou weer in onderdrukking geplaas sal word nie.[4] Weens die feit dat die samelewing steeds onder patriargale beheer is, sal vroue dominansie erken en as magteloos beskou. MacKinnon voel dat vroue meer erkenning moet kry vir hulle kreatiwiteit, maar dit sal nie gebeur nie weens die feit dat die dominansie alles wat die vrou maak volgens 'n manlike standaard sal beoordeel.

Na die bespreking van MacKinnon sal ek Hannah Arendt se werk gebruik om die tradisionele verskille tussen die private en publieke sfeer aan te dui, sowel as die redes vir die verstrengeling van die verskillende sfere.[5] Ek verduidelik eers die verskil tussen arbeid, werke en aksie sodat ek dit later kan gebruik om aan te dui hoekom die patriargie vroulike

[1] Kristeva J 'Women's time' (1981)7:1 *Signs*-35.
[2] Gilligan C (1982) *In a different voice: Psychological theory and women's development* 30.
[3] Gilligan (1982) 30.
[4] MacKinnon C (1987) *A feminism unmodified: Discourse on life and law* 33-25.
[5] Arendt H (1958) *The human condition* 22-78.



© University of Pretoria

kreatiwiteit op ’n sekere manier benader. Na ek die verskille verduidelik het, bespreek ek die wegkwyn van die publieke sfeer en die faktore wat daartoe gelei het.

Die verstrengeling van die sfere het sekere sosiale moontlikhede gebied en een hiervan is die salon van Rahel Varnhagen. [6] Die salon is ’n ruimte gewees wat terselfdertyd privaat en publiek is en waar beide geslagte, sowel as verskeie klasse van die samelewing saam kon floreer. Onder ander is briewe lees een van die aktiwiteite. Briewe lees, wat meestal as vroulik geag word, het beide private en publieke eienskappe gehad.

Die rede hoekom aktiwiteite soos briewe skryf, kook en naaldwerk as huishoudelike aktiwiteite beskou word eerder as kunswerk is vanweë die kunstenaar. Die kunstenaar is ’n man en sy muse is ’n vrou. Sy muse is nie dieselfde vrou wat die kos maak nie, want daardie vrou is haar eie muse, wat kuns in die gemarginaliseerde areas van die samelewing beoefen. Terwyl die vrou haar kreatiewe werk maak, probeer sy nie die proses of die werk vasvang nie, anders as mans wat glo in outonome outeurskap en die moontlikheid daarvan om ander uit die kreatiewe proses uit te sluit.

In my derde hoofstuk bespreek ek die konsep van tuiste en hoe dit herskryf moet word. Deur die bewaring van items in die huis, bou die vrou ’n identiteit vir haarself. Ek sal kyk na hoe huishoudelike aktiwiteite soos fotografie geïnterpreteer kan word as kreatiewe werke. Om die tuiste te kan herskryf na ’n ruimte waarin kreatiwiteit plaasvind, sal ek Louise du Toit se konstruksie gebruik om die tuiste eerder as ’n werkwoord as ’n selfstandige naamwoord te interpreteer.[7] Die identiteit van die vrou strek nie net tot by haar tuiste nie, maar ook in haar ommegang met landskap. Die landskap word ook deur die patriargie beheer en wanneer die vrou die landskap betree, word sy nie gesien as ’n neutrale mens nie, maar as ’n oorbodige geslagsneutrale mens vanweë die feit dat sy ’n vrou is. Dit is die posisie ten spyte van die feit dat die vrou ’n nou band vorm met die natuur en die tyd waarin beide verkeer. Dit is om hierdie rede dat die vrou moet fokus op ’n alternatiewe ruimte waarin die patriargie haar nie kan definieer en vasvang nie.

In hoofstuk drie sal ek ook verwys na twee vroue wat die patriargie uitgedaag het in die ruimte waarin die patriargie hulle onderdruk het. Hierdie twee vroue is Penelope die weefster en die tweede is Suster Juana. Beide van hierdie vroue het hulle privaat sfeer,

---

[6] Sien in die algemeen Arendt H (1997) *Rahel Varnhagen : The life of a Jewess*.

[7] Du Toit ‘Feminism and the ethics of reconciliation’ (2007) 183-213 in Veitch S (ed) (2007) *Law and the politics of reconciliation* 185-211.



© University of Pretoria

waarin vroue tradisioneel onderdruk en verplig is om in te bly, verander na 'n kreatiewe sfeer. Penelope het die tyd van die vrou gekombineer met haar wewery en 'n ruimte buite die liniêre tyd van die patriargie geweef. Suster Juana het die kombuis as die belangrikste vertrek geag vir haar skryfwerk en die inspirasie daarvan.

Die kombuis en die aktiwiteite wat daarin plaasvind sal ek ook bepreek in konteks van die kunsvorm wat kos aanneem. Ek sal Ernst Wolff se bespreking van Kant se verduideliking van die duursaamheid vir kuns gebruik.[8] Kos is 'n unieke kunsmiddel omrede dit deel is van die narratief van identiteit en kultuur. Die oordra van resepte van geslag tot geslag of vriendin of suster skep 'n band. Wanneer 'n resep beproef en aangepas word, word die notas 'n intieme leesstuk vir die volgende leser. Kos hou ook verband met roetine en tradisie en dus kan dit deel vorm van 'n nostalgiese ervaring.

In my vierde hoofstuk, sal ek in diepte kyk na die konsep van verbeelding en hoe dit moet toegepas word op die reg. Die reg as 'n vak van die geesteswetenskappe, 'n veld wat in ommegang is met die menslik kondisie, word vanaf die opkoms van moderniteit as 'n wetenskap benader. Ek begin die hoofstuk deur ondersoek in te stel na 'n derde ruimte waarin daar onsekerheid is. Hierdie derde ruimte benader die reg vanuit 'n oogpunt van verbeelding eerder as beleid of wetenskap. In hierdie hoofstuk fokus ek spesifiek op die werk van Marianne Constable en Mark Antaki om aan te dui hoe die regsverbeelding benodig word vir geregtigheid om weer teenwoordig te kan wees in die reg.[9] Die regsverbeelding word veral benodig in kwessies waar die positiewe reg en regspositivistiese benadering tot die reg nie antwoorde kan gee nie. Die nood van afwesigheid van die reg tot artistieke kreatiwiteit kan nie vervul word met tradisionele regshervorming nie.

Die reg moet ook nie beskou word as die alwetende bron van regsprobleme nie en daarom moet mense nie altyd hulle antwoorde in die reg soek met die reg as die middelpunt nie. Ek bespreek Carol Smart se kritiek op feminisme dat hulle na die reg draai vir elke antwoord op 'n regsprobleem, sowel as enige feministiese teorie wat beskou word as die universele standaard vir alle feministiese teorieë.[10] Die rede hiervoor is dat sy kritiek lewer op

[8] Wolff E 'Oor die estetika van kos en kookkuns' (2006) 25:4 *South African Journal of Philosophy* 291-304.
[9] Constable M 'Genealogy and jurisprudence: Nietsche, nihilism and social scientification of law' (1994) 19:3 *Law and Social Enquiry* 551- 590; Antaki M 'The turn to the legal imagination' (2012) 23:1 *Law Critique* 1.
[10] Smart C (1989) *Feminism and the power of law* 5.



© University of Pretoria

MacKinnon se teorie van dominansie weens die feit dat dit deel vorm van die patriargie se benadering tot regsleer.

Die derde, kreatiewe sfeer word ontwikkel vanuit die verbeelding en spesifiek Drucilla Cornell se 'imaginary domain'.[11] Ek bespreek hierdie ruimte omrede dit 'n psigiese ruimte is waarin die vrou ten volle aanvaarding en vryheid sal kan beleef weens die feit dat sy op eie terme erken kan word. Die feit dat hierdie sfeer nie 'n fisiese grondslag het nie is irrelevant wanneer ek die storie van Artemis vertel en haar soeke na ' n ruimte waarin sy haar eie mens kon wees. Ek sal die hoofstuk afsluit met 'n uiteensetting van Woolf se essay en aanduiding hoe elke vrou 'n sfeer van haar eie kan hê.

In die laaste hoofstuk sal ek 'n breë uiteensetting gee van al die hoofstukke sowel as die vergelykings wat deurlopend deur die skripsie aangetref word.

[11] Cornell D (1995) *The imaginary domain* 4-27.



© University of Pretoria

## 2. Hoofstuk Twee: ʼn Verstrengeling van Sfere en Geslagsrolle

### a. Inleiding

In hierdie hoofstuk, ondersoek ek die verstrengeling van die publieke en die private sfeer sowel as die geslagsrolle wat aan hulle verbind word. Kreatiwiteit is tradisioneel verbonde aan die private sfeer en is as vroulik beskou. Uitvinding is tradisioneel verbonde aan die publieke sfeer en is as manlik beskou.[12] Die redes vir die verstrengeling van die twee sfere sal ook uiteengesit word. Omdat hulle verstrengel geraak het, het die tradisionele grense van die publieke en private sfeer verskuif. Dit het veroorsaak dat die geslagsrolle wat gekoppel is aan die sfere ook verstrengel geraak het. Hierdie hoofstuk is dus ʼn uiteensetting van die tradisionele betekenis van die private en publieke sfeer. As gevolg van die verstrengeling is daar komplikasies vir die onderskeid tussen kreatiwiteit en uitvinding. Verder sal daar bepaal word tot watter mate die kreatiewe en uitvinding onderskeid en die private en publieke onderskeid bevraagteken kan word.

Ek begin met ʼn basiese voorstelling van die verskillende fases van die feministiese beweging om aan te dui in watter tyd vroue hulself bevind. Die rede vir my bespreking oor die verskillende fases van die feministiese beweging is om aan te dui in watter tipe fase ons nou is. Namate vroue deur die fases beweeg, verskuif die sfeer waarin hul hulself bevind. Dit is ook ʼn aanduiding van watter sfeer hul voor 'veg'. In hierdie hoofstuk dui ek aan hoe sfere verstrengel geraak het met die uiteensetting van die feministiese beweging. Die publieke sfeer is huis toe gebring en kwessies van die private sfeer is aan die publiek ten toon gestel. Na die uiteensetting van die feministiese beweging, beweeg ek na Julia Kristeva en haar ommegang met vroue se sfere in die konteks van tyd.[13] Die feministiese beweging kan nie net gedefinieër word in konteks van fisiese ruimtes nie – daar moet ʼn aanduiding wees van die vroue se ommegang met tyd, weens die feit dat vroue ʼn nou verband het met tyd.
Na die bespreking van Kristeva, bespreek ek Frances Olsen se werk.[14] Olsen se werk word gebruik om die posisie van die vrou verder te kontekstualiseer. Alhoewel hierdie skripsie

[12] Gupta R 'Copyright v Copyleft: A feminist perspective on marginalisation' (2011)65 *National University of Juridical Sciences Law Review* 67-82.
[13] Kristeva (1981) 13-35.
[14] Olsen F 'The sex of law' (1998) in Kairys D (ed) (1998)*The politics of law: A progressive critique* 691-705.



© University of Pretoria

beoog om die vrou in 'n sfeer van haar eie te plaas, leef sy nie afsonderlik van die res van die wêreld nie. Sy leef in 'n patriargale sisteem, teenoor mans en teenoor die reg. Olsen dui op drie strategieë wat die vrou gebruik het om haar verhouding teenoor die patriargale sisteem en teenoor die reg te definieer.

Nadine Taub en Elizabeth Schneider se werk word dan gebruik oor hoe die reg, die vroue beperk tot die private sfeer.[15] Daar het altyd 'n ongemaklike verhouding bestaan tussen hierdie drie subjekte (die reg, die vrou en die publieke sfeer). Ek verwys as voorbeeld na Louise du Toit se verduideliking van vroue in die Waarheid - en Versoeningskommissie.[16] Taub en Schneider se argument is van belang want dit dui aan hoe die reg en patriargie hand-aan-hand teen die vrou werk. Die dualisme van die vrou en die patriargale sisteem is ongelyk weens die feit dat die reg altyd saam met die patriargale sisteem die vrou onderdruk. Dit het gelei tot die miskonsepsie dat die werk wat die vroue doen waardeloos is.

Vanuit Taub en Schneider se werk, word gekyk na Carol Gilligan se 'ethics of care'. [17] Hierdie teorie verduidelik hoe mans en vroue konflikte en menseverhoudings benader – die vrou sal altyd probeer om verhoudings te bevorder, terwyl die man eerder 'n logiese benadering sal volg wat geregtigheid sal verseker. Hierdie teorie beskryf nie net aspekte van die vrou, haar kreatiwiteit en haar benadering tot die wêreld wat belangrik is vir hierdie hoofstuk nie, maar dit dra ook by tot die verduideliking van die verhouding met die vrou en haar tuiste in hoofstuk drie. Die kritiek op Gilligan se teorie, deur Catherine MacKinnon, verduidelik hoekom differensiasie tussen geslagte daartoe lei dat vroue nie op hulle eie terme erken word nie, veral ten opsigte van hul kreatiwiteit. [18]

Daarna sal ek die werk van Hannah Arendt en haar verduideliking aangaande die verstrengeling van die publieke en private ondersoek. [19] Arendt se werk beantwoord die vraag oor wat die tradisionele betekenis is van die publieke en private sfeer. Gepaard met die geskiedenis van die feministiese beweging, gee Arendt ook 'n verduideliking oor die rede hoekom die grense vervaag het tussen die publieke en private sfeer. Eerstens sal ek die

---

[15] Taub N& Schneider ME 'Women's subordination and the role of law' (1998) 328-351 in Kairys D (ed) (1998) *The politics of law: A progressive critique*.
[16] Du Toit (2007) 185.
[17] Gilligan (1982) 25.
[18] MacKinnon (1987) 33.
[19] Arendt (1958) 22.



© University of Pretoria

verskil tussen arbeid, werk en aksie bespreek, wat kardinaal is vir die verstaan van die onderskeid tussen die private en publieke sfeer. Ek sal ook aandui met watter geslagsrol arbeid, werk en aksie geassosieër kan word. Hierdie is van belang, want dit dui aan hoe die vrou se kreatiewe werk benader word deur die patriargale sisteem. Arendt se werk oor Rahel Varnhagen word gebruik om aan te dui dat die verstrengeling van sfere wat gepaard met die geslagsrolle waaraan dit geheg is, nie 'n moderne sosiale verskynsel is nie.[20] Varnhagen het haar private sfeer oopgemaak vir die publiek – in die vorm van die salon. Binne-in die 'publieke' salon is daar baie private oomblikke geskep deur briewe-lesery en dus het die dualisme van geslag en sfere 'n digte net van verstrengeling geweef. Vir die bespreking oor Varnhagen, word daar ook gebruik gemaak van die werk van Seyla Benhabib. Arendt se werk is belangrik omdat hierdie skripsie handel oor waar die vrou vir haarself 'n kreatiewe sfeer kan skep. Arendt wys uit wat die grense is ten opsigte van die private en publieke sfeer en hoekom hulle verstrengel geraak het. Die kern van haar werk word gebruik om aan te dui hoe die vrou vir haarself 'n ruimte kan skep, in hierdie verstrengelde sfere, om haarself in uit te leef.

Die werk wat vroue in die huishoudelike sfeer doen, al is dit kreatief, word negeer deur die patriargie. 'n Bespreking vanuit 'n vroulike akademikus se oogpunt oor vroulike kreatiwiteit word gegee deur die werk van Jane Bradley.[21] Sy verduidelik hoe die vrou altyd gemarginaliseer is wanneer kreatiwiteit betrokke is – sy is die muse van die manlike kunstenaar of haar kreatiewe werk word slegs beskou as huishoudelike werk. Hierdie argument word verder gevoer in hoofstuk drie waar verduidelik word dat huishoudelike werk omskryf kan word in die behoud van kultuur. Laastens sal ek Raadhika Gupta se siening verduidelik vir wie kreatiwiteit 'n konsep is wat tradisioneel vroulik geag is. Konsepte soos kopie- en patente-reg is konsepte wat tradisioneel verband hou met manlikheid.[22] Met die verstrengeling van sfere en geslagsrolle gekoppel aan hierdie rolle, vervaag dit ook die grense vir die onderskeid tussen kreatiwiteit en uitvinding.

---

[20] Sien in die algemeen Arendt H (1997) *Rahel Varnhagen: The life of a Jewess*.
[21] Bradley J 'On teaching women and creativity: Speaking from the margins' (1989) *Paper presented at the annual meeting of the National Women's Studies Association* 1-8.
[22] Gupta (2011) 67.



© University of Pretoria

Ek sal in hierdie hoofstuk dus die verhouding verduidelik tussen die vrou in haar huidige sfeer en tyd in 'n patriargale sisteem wat onderhou word deur die reg. Hierdie sfeer moet ontwikkel word om 'n sfeer te skep waarin sy haar kreatiwiteit kan uitleef en waar sy op eie terme erken sal word.

### b. Vroue, tyd en feministiese strategieë

Voordat daar verduidelik word wat die publieke en private sfeer behels en hoe hulle verstrengel geraak het, moet ek eers kyk na die geskiedenis van vroue en hoe hulle deel geword het van die liniêre tyd van geskiedenis. In die antieke tyd is hulle nie ingesluit by die tyd en die ruimte wat deur mans geskep is nie. Namate die ontwikkeling van die vroue bewegings het hulle die patriargale gordyn van uitsluiting oopgeskeur en vir hulself 'n ruimte in tyd geskep. Eerstens sal die drie fases van feminisme en hulle ontwikkeling verduidelik word.[23] Dit sal dien as inleiding, sodat die ontwikkeling van ruimte en tyd waarin vroue hulself bevind het oor die afgelope eeu, uiteengesit word. Om 'n sfeer te kan ontwikkel waarin die vrou se kreatiwiteit erken kan word, moet daar eers bepaal word in watter tipe sfeer sy haarself op die oomblik bevind. Die sfeer waarin die vrou haarself bevind, is in 'n nou verhouding met die vrou se verhouding met tyd. Kristeva gee 'n duidelike uiteensetting van hierdie tydsverloop van die feministiese beweging.[24] Na Kristeva, sal ek gebruik maak van Olsen en aandui hoe die drie bewegings van die feministiese bewegings omskryf kan word in terme van drie strategieë van dualisme.[25]

Die konteks van vroue en ruimte kan slegs verduidelik word indien die ontwikkeling van die feministiese beweging uiteengesit word. Daar is drie fases of golwe in hierdie beweging en elkeen het haar eie eienskappe en redes gehad. Die eerste fase van feminisme het plaasgevind in die laat 19^de^ en vroeë 20^ste^ eeu. In die eerste fase van die beweging het vroue hulle uitsluiting van die publieke sfeer uitgedaag – onderrig en professionele geleenthede

[23] Sien in die algemeen Humm M (1995) *The dictionary of feminist theory* ; Krolokke C and Sorenson A (2006) *Gender communication: Theories and analyses: From silence to performance* 1-23; Rampton (2008).http://www.pacificu.edu/magazine_archives/2008/fall/echoes/feminism.cfm; Albertyn C (2004) 294-301 in Roederer C & Moellendorf D (ed)(2003) *Jurisprudence*.
[24] Kristeva (1981) 13-35.
[25] Olsen (1998 691-705.



© University of Pretoria

het aandag geniet, terwyl kwessies in die private sfeer vir eers opsy geskuif is.[26] In Suid-Afrika is daar steeds ŉ baie sterk neiging dat die vrou nie ŉ plek in die regsberoep het nie – veral nie as sy kinders gehad het nie. In die *Incorporated Law Society v Wookey* saak het die hof bevind dat die vrou nie ingesluit is in die definisie van 'persoon' nie en kon gevolglik nie ŉ regspraktisyn wees nie.[27] Hierdie uitspraak is omgekeer in 1923 deur die Women's Legal Practioner's Act 7 van 1923 en in 1930 kon blanke vroue stemreg verkry. In daardie tydperk, is daar nie baie ondersteuning vir swart vroue om stemreg te ontwikkel nie. Vir meeste van die vroeë 20ste eeu is die swart vrou se kwessies meer gesentreerd om die rassekwessies soos om ŉ pas te kry en lewenskoste vir die versorging van gesinne. Alle vroue kon eers stem in die eerste nasionale demokratiese verkiesing in 1994.[28]

Die tweede fase van feminisme het begin in die 1950's en is aangevuur deur die feit dat vroue in die werksplek moes tree tydens die Tweede Wêreldoorlog. Die tweede groep van vroue het die ongelykheid in die private sfeer uitgedaag asook die seksuele verdeeldheid in arbeid. Hierdie groep het krete soos 'Die persoonlike is die politieke' (the personal is the political) gebruik om hulle saak sterker na vore te bring.[29] Hulle het veral geveg vir liggaamlike outonomie, keuse in seksualiteit, gelykheid in die werksplek en onderriggeleenthede.[30] In die veld van regte, het feministiese regsleer ontwikkel en vroue het die reg ontbloot as instrument vir mans om die ongelykheid van vroue te verseker. Vroue het met meer agterdog na die reg begin kyk en in Suid-Afrika is daar gefokus op die rassekwessie. Swart feministiese bewegings het ander aspekte in die feministiese beweging beklemtoon soos kwessies rondom identiteit en armoede.[31] Alhoewel swart feminisme, Westerse feminisme gekritiseer het vir die naïewe uitbeelding van swart vroue, is daar ŉ neiging om die vroulike geveg vir gelykheid te sien as ŉ klas-aksie.[32] Daar is in die 1970's ŉ klein groepie middelklas, wit vroue wat in ommegang getree het met kwessies soos aborsie

---

[26] Rampton ( 2008) http://www.pacificu.edu/magazine_archives/2008/fall/echoes/feminism.cfm ;Krolokke ( 2006) 4; Albertyn (2004) 296 .
[27] Incorporated Law Society v Wookey 1912 AD 623.
[28] Albertyn (2004) 297.
[29] Krolokke (2006) 9.
[30] Rampton (2008) http://www.pacificu.edu/magazine_archives/2008/fall/echoes/feminism.cfm; Krolokke (2006) 9-10, Albertyn (2004) 297.
[31] Krolokke ( 2006) 13.
[32] Rampton (2008) http://www.pacificu.edu/magazine_archives/2008/fall/echoes/feminism.cfm; Krolokke (2006) 13.



© University of Pretoria

en geweld teen vroue, maar die meeste van die wit vroue se belangstelling is in nasionale bevryding van Suid-Afrika.[33] Alhoewel baie vroue saam teen nasionale bevryding gewerk het, het baie ook aan organisasies behoort gemik daarop om slagoffers van geslagsmisdaad te ondersteun. Dit het 'n platform geskep vir vroue om die rol van die reg te bevraagteken ten opsigte van geweld in die huishoudelike sfeer. Vroue van verskeie rasse kon saamstaan in nasionale bevryding omdat ras en vroue onderdruk is deur die politieke sisteem.

Die derde fase van feminisme het nie meer die verskille tussen mans en vroue as belangrik geag nie – die klem het eerder verskuif na die verskille tussen vroue met betrekking tot klas en ras.[34] Die feministiese teorie het ontwikkeling nodig gehad – dit is nodig om verskillende klasse vroue se mening te respekteer en te ontwikkel en dit is nodig om argumente, wat in kategorieë geplaas is, te herkonstrueer en te herbedink.[35] Die beklemtoning van hierdie beweging is die verskil tussen vrou en vrou ten opsigte van hulle verskillende agtergrond, ras, geloof en kultuur. Die idee van hierdie beweging het ontstaan weens die idee dat die verskille in geslag teen alle vroue diskrimineer. Die kwessies is wyer maar daar is minder groepe betrokke as in die tweede beweging van feminisme. Kwessies soos seksualiteit, globalisering, geregtigheid en tegnologie is aangehoor.[36] Hierdie beweging het ook baie minderheidsgroepe beklemtoon en is populêr in Suid- Afrika weens die verskeie ras - en kultuurgroepe.

Die drie fases van die beweging het verskeie sfere betrek tydens verskillende fases. Die eerste fases het publieke sfeer kwessies uitgedaag in die publieke oog. Die tweede fase het private sfeer kwessies uitgedaag, steeds in die publieke oog. Alreeds in die tweede fase het die verstrengeling van sfere begin – taboe kwessies is teen geprotesteer in die publiek en namate het die sfere se grense begin vervaag. In die derde sfeer is kwessies van beide die private en publieke sfeer uitgedaag, terselfdertyd. Nie net die sfere is uitgedaag deur die feministiese beweging nie, maar ook tyd.

---

[33] Albertyn (2004) 299.
[34] Rampton (2008) http://www.pacificu.edu/magazine_archives/2008/fall/echoes/feminism.cfm; Krolokke (2006) 16-17; Albertyn (2004) 300.
[35] Krolokke (2006) 16.
[36] Krolokke (2006) 19.



© University of Pretoria

Dit is belangrik om te kyk na vroue se verhouding met tyd omdat die tyd van vroue verskil van die tyd van die wêreld, met ander woorde patriargale tyd. Daar is ook geen plek vir vroue as groep in tyd voor die 20ste eeu nie. Hulle is nie ingeskryf in die verloop van tyd nie, behalwe vir 'n paar individue soos Penelope waaroor die leser later sal lees.[37]

Vroue het tot dusver 'n unieke pad in terme van tyd gevolg en daarom word Kristeva gebruik om vroue se verskyning in liniêre tyd aan te dui. Kristeva problematiseer identiteit – in die eerste geval is daar identiteit wat saamgestel is deur historiese onenigheid. In die tweede geval is daar verlore identiteit – dit bestaan uit herinneringe wat probeer wegbeweeg van geskiedenis, net om vasgevang te word deur antropologie.[38] Kristeva verduidelik dat ons, onsself bevind in twee temporale dimensies: die eerste is liniêre tyd of altans lopende tyd (cursive time) en monumentale tyd (monumental time).[39] Monumentale tyd het die vermoë om sosio-kulturele groepe, verhewe bo nasionaliteit, te globaliseer. Kristeva plaas klem op sekere sosio-kulturele groepe omdat hulle gedefinieer word in terme van hulle rol in die produksie en herproduksie van die wêreld, en hoe hulle verteenwoordig word.[40]

Wanneer mens dink aan die noodlot van vroue, neig mens meer daaraan om te dink aan 'n ruimte of 'n area wat die menslike ras voortgebring het, eerder as tyd – in terme van geskiedenis.[41] Wanneer mens vroulike tyd en subjektiwiteit oorweeg, word dit bepaal volgens twee metodes van tyd: herhaling (repetition) en ewigheid (eternity). [42] Dit is 'n tyd wat gemeet word in siklusse en swangerskap, 'n tyd wat een is met biologiese ritme.[43] Hierdie tyd het 'n konneksie met die natuur, 'n soort harmonie word ervaar met onbeskryflike 'jouissance' (genot).[44]
As gevolg van hierdie siklus-gedrewe, herhalende, biologiese ritme is daar 'n massiewe aanwesigheid van monumentale tyd. Hierdie tyd is so ver verwyderd van die liniêre tyd, dat die woord 'tyd' skaars inpas in hierdie vergelyking. Hierdie tyd beskryf Kristeva as 'n

[37] Hoofstuk 3.h.i 65.
[38] Kristeva (1981) 14.
[39] Soos bo.
[40] Kristeva (1981) 15.
[41] Soos bo.
[42] Kristeva (1981) 16.
[43] Soos bo.
[44] Soos bo.



© University of Pretoria

alomvattende en oneindige verbeeldingsfeer.[45] Daar is nooit werklik ’n moontlikheid dat mens sal wegbeweeg van hierdie metode van tyd nie.

Hierdie tipes metodes van tyd – herhaling en ewigheid – word gesien as die fundamentele manier waarop baie beskawings tyd ervaar, veral die beskawings wat simbolies en misties ingestel is. [46]
Die werklikheid is dat vroue hulle tyd opgegee het om in te pas by die tyd van geskiedenis – dit wil sê tyd wat liniêr is, tyd wat ’n beginpunt, progressie en ’n eindpunt insluit.[47]

Die begin van die feministiese beweging het beoog om ’n ruimte in liniêre tyd te skep. Hierdie is die tyd van progressie en geskiedenis soos bo verduidelik. Vroue wou ’n politieke spasie skep – een waarin hulle regte van gelykheid ten opsigte van professionele geleenthede ontwikkel sal word. Hulle sou gelyk kon wees met mans en dit sou ’n spasie wees waarin hulle die vroulike en moederlike aspekte kon verwerp, indien hulle sou wou. Hulle wou deel word van die ‘...logic of identification’.[48] Dit behels nie dat hulle wou deel word van ’n bepaalde ideologie nie, maar eerder dat hulle aksies ’n uitwerking en gevolgtrekking sou kon hê. Hulle wou ook die vroulike probleem van verskillende milieus en ouderdomme globaliseer – die ‘universele vrou’ het tot stand gekom.[49] Die logiese gevolgtrekkinge en uitwerking wat hierdie groep van vroue gehad het is gemeet in terme van progressie.

Die feministiese beweging dring deur die publieke sfeer in die eerste fase en terselfdertyd skep hulle ’n ruimte in die liniêre tyd. Dit kan vergelyk met ’n verhoog – sodra die aktrise haar verskyning maak aan die gehoor het sy die deurlopende, liniêre tyd van die verhoog deurdring. Die tyd van die verhoog kan alles beheer,behalwe die sfeer en die tyd wat die aktrise vir haarself skep.

---

[45] Soos bo.
[46] Kristeva (1981) 17.
[47] Soos bo.
[48] Kristeva (1981) 18-19.
[49] Kristeva (1981) 19.



© University of Pretoria

Die tweede generasie van vroue het ŉ wantroue en ongeloof gehad in die hele politieke dimensie. Hierdie groep is meer ingestel op die sosiokulturele ontwikkeling van die vrou – hulle het wegbeweeg van die kollektiewe groep wat die eerste generasie gebou het en het gesoek na regte vir die individu, asook hulle eie tyd. Hulle is geïnteresseerd in vroue sielkunde, self-identifikasie en intra –subjektiwiteit –'...these women seek to give a language to the intra-subjective and corporeal experiences left mute by culture in the past.'[50] Hierdie feminisme het haarself buite die liniêre tyd geplaas en kommunikasie het deur middel van projeksie en regverdiging (projection and revindication) plaas gevind. Dit het ŉ mistieke en sikliese of monumentele tydelikheid bymekaar gebring vir die gemarginaliseerde groepe.[51]

Nadat die aktrise haarself bevestig het in die publieke sfeer, het sy teruggekeer na die gemarginaliseerde areas van die gehoor. Die tweede sfeer het teruggekyk na die private sfeer en het kwessies daar begin ondersoek.

Die eerste twee generasies het gesamentlik die derde een geskep. Die kern van albei se sterkste eienskappe – aan die een kant, die invoeging tot geskiedenis en aan die ander kant, die radikale verwerping van die subjektiewe beperkinge voorgestel deur geskiedkundige tyd – het die derde generasie die lig laat sien. Vir Kristeva is die derde generasie van vroue nie net ŉ massa vrouebeweging wat die fakkel van die tweede generasie oorgeneem het nie.[52] Kristeva verwys na die woord generasie en hoe dit nie ŉ tydsbepaling impliseer nie maar ŉ betekenisvolle sfeer (signifying space) laat bestaan. Dit is ŉ sfeer wat bestaan uit ŉ fisiese en begeerlike denkvermoë. Sy gebruik generasie nie net as aanduiding van ŉ chronologiese volgorde nie, maar meer as ŉ ruimte wat ŉ tasbare en geestelike ruimte voorstel. Hierdie derde generasie dui aan dat al drie die generasies parallel saam kan bestaan of selfs deurweef is met mekaar – daar hoef nie ŉ groep uitgesluit te word nie. Kristeva wil verbeel dat die vyandige verskille ten opsigte van geslagsverskille beperk word tot die metafisika – dit wil sê dat hierdie verskille hulle plek sal vind by die eerste fundamentele beginsels van filosofie.

[50] Soos bo.
[51] Kristeva (1981) 20.
[52] Kristeva (1981) 33.



© University of Pretoria

Die ontwikkeling van die vorige twee generasies lê in die feit dat daar minder beklemtoning is van verskil – 'demassification on the problem of difference'.[53] Waar die vorige generasies 'n militaristiese standpunt ingeneem het teen die idee van verskillende geslagte, onttrek die derde geslag van die oorlog. Hierdie generasie fokus op die verskille tussen vroue of soos Kristeva daarna verwys, die 'interiorization of the founding separation of the sociosymbolic contract.'[54]

Die derde tyd is soos die derde beweging nie ingestel op die verskille tussen vroue en mans nie, maar het alle kwessies aangehoor, kwessies van agter die gordyn tot die kwessies wat op die verhoog verskyn en alle groepe kon 'n rol vertolk. Kristeva verduidelik die tyd van vroue as 'n sikliese tyd, 'n tyd wat buite die liniêre tyd van die patriargale sisteem beweeg – 'n alomvattende verbeeldingsfeer. Dit is om hierdie rede slegs vir 'n persoon wat haarself kan vereenselwig met die sikliese tyd, om 'n ruimte te verbeel, buite die liniêre tyd. In hoofstuk vier, is daar 'n omvattende beskrywing van watter rol verbeelding in die vrou se kreatiewe sfeer speel. Hierdie sikliese tyd regverdig die grensvervaging van die publieke en die private sfeer, aangesien hierdie twee sfere, onafhanklik, nie voordeel vir die vrou ingehou het tot dusver nie. Beide hierdie sfere het die reg gebruik om hulle patriargale sisteem in plek te hou. Die sfere het dit gedoen in drie tipe dualismes of generasies.

Die drie generasies se bestaan kan omskryf word deur middel van tyd soos geïdentifiseer deur Kristeva of as 'n strategie om die reg as 'n manlike sisteem van hiërargie teen te werk. Olsen verwys na 'n sisteem waarin dualismes bestaan en beweer dat die dualismes drie karaktereienskappe het: Die eerste is dat dualismes geseksualiseerd is. Tweedens, staan die dualismes nie gelyk teenoor mekaar nie – 'n hiërargie bestaan – en die manlike een van die twee is in 'n bevoordeelde posisie. Die derde eienskap is die feit dat die reg identifiseer met die manlike kant van hierdie dualisme.[55] Die eerste strategie verwerp seksualisering van die dualisme, maar aanvaar steeds die hiërargie wat in plek is. Hulle volg 'n argument wat

[53] Kristeva (1981) 34.
[54] Soos bo.
[55] Olsen (1998) 691.



© University of Pretoria

daarop dui dat vroue nie vanselfsprekend irrasioneel, passief, emosioneel en subjektief is nie, maar dat daardie eienskappe natuurlike kenmerke van vroue is.[56]

Die tweede strategie verwerp die hiërargie maar aanvaar die seksualisering van die dualisme.[57] Hierdie strategie aanvaar dat daar ʼn verskil tussen mans en vroue is – elkeen met hul eie, onderskeie eienskappe. Waar die eerste strategie die doel gehad het om vroue by die publieke sfeer in te sluit, het die tweede strategie ʼn herevalusie van vroue se karaktereienskappe ten doel gehad.[58] Morele hervormingsgroepe het die argument gemaak dat vroue meer moreel as mans is en dat mans die vroulike morele ideaal moet nastreef. Hierdie argumente het gelei tot die erkenning van ʼn 'vroulike sielkunde', 'vroulike verbeelding' en 'vroue se gemeenskaplike taal'.[59] Alhoewel hierdie argumente aanleiding gegee het daartoe dat die vroulike ervaring meer teenwoordig is in die publieke sfeer, het die patriargale dominansie steeds bly voortleef. Nadat ek klaar Olsen bespreek het, sal ek verder uitbrei hierop deur te verwys na die konsep van 'ethics of care' sowel as die kritiek daarop.[60]

Die derde strategie is adrogenie en hierdie strategie het beide die seksualisering en die hiërargie verwerp.[61] Mans het nie die vermoë om meer rasioneel en objektief as vroue te wees nie en daardie kenmerke (geassosieër met mans) word nie as meer belangrik beskou om na te streef nie. Hierdie strategie het die verwerping van beide die seksualisering sowel as die hiëragie van die dualisme veroorsaak, dus verwerp dit ook die norm van konvensionele geslagsrolle.[62] Daar het ʼn klemverskuiwing plaasgevind van die posisie om vroulike kenmerke teenoor manlike kenmerke te ontwikkel na ʼn posisie waar beide mans en vroue saam ontwikkel om mense te word wat sterk, onafhanklik en deernisvol is.[63] Feministe van die post-moderne beweging bevraagteken en problematiseer die grense wat gestel is deur die dualisme, die opponerende standpunte wat hul het teenoor mekaar en ontken ook die skeiding onder mekaar.

---

[56] Olsen (1998) 693.
[57] Olsen (1998) 695.
[58] Soos bo.
[59] Olsen (1998) 696.
[60] Hoofstuk 2.c.i 20.
[61] Olsen (1998) 696.
[62] Olsen (1998) 697.
[63] Soos bo.



© University of Pretoria

Olsen se dualismes dui aan dat die driehoek-ommegang tussen die reg, die vrou en die man in die konteks van hiërargie en seksualisering, ʼn ongemaklike ommegang is. Die drie strategieë is ooreenstemmend met die drie fases van die feministiese beweging, sowel as die drie benaderings van tyd soos aangedui deur Kristeva. Nadine Taub en Elizabeth Schneider dui aan hoe die reg altyd tot bevordering van die patriargale sisteem is.[64] Die reg is die verskuilde platform waarop die patriargale sisteem kon floreer en dus is dualisme tussen die man en vrou in konteks van die reg nie korrek nie. Dualisme skep die idee van gelykheid – ʼn konsep wat nie in hierdie geval teenwoordig is nie. Daar is eerder ʼn bevoordeling van die patriargale sisteem, wat ondersteun word deur die reg. Vroue is met goeie rede agterdogtig jeens die reg en die manlike motiewe wat daaragter skuil.

### c. Patriargie, Politiek en die Reg

Taub en Schneider argumenteer dat werk wat vroue in die huishoudelike sfeer doen selde erken word en die instansies wat daardie vroue tot die private/huishoudelike sfeer beperk, dikwels in stand gehou word deur die reg.[65] Die reg is tradisioneel afwesig in die private sfeer met die gevolg dat mans, vroue kon domineer. Dit wil sê nie net het die reg vroue uit die publieke sfeer gehou nie, maar dit het ook nie vroue in die private sfeer beskerm nie.

Die eerste fase van die feministiese beweging dui aan dat vroue vir hulself ʼn ruimte geskep het in liniêre tyd. Hul hoofoogmerk is om geïdentifiseer te word in die publieke sfeer –hulle wou ʼn professionele beroep kon beoefen, opvoeding bekom en deelneem aan die besigheidslewe. Taub en Schneider verwys spesifiek na die verbod op stemreg en die reg om in besigheid te tree met ander as die eerste uitsluiting van vroue in die publieke sfeer.[66] Selfs na die verbanning gelig is, word vroue steeds benadeel as hulle ten volle hul burgerskap wil uitleef deur middel van militêre aktiwiteite.[67]

[64] Taub, Schneider (1998) 328-351.
[65] Taub, Schneider (1998) 328.
[66] Taub, Schneider (1998) 329.
[67]Taub, Schneider (1998) 330.



© University of Pretoria

ʼn Voorbeeld hiervan is Louise du Toit se verwysing na die Waarheid –en Versoeningskommissie (WVK).[68] Een van die metodes om militante vroue af te kraak in tronke is om ʼn boodskap weer te gee dat hulle nie ʻregte vroueʼ is nie[69]. ʻRegte vroueʼ bly buite die politieke arena, by die huis waar hul verantwoordelikheid lê om na hulle gesinne om te sien.[70] Vroue is gesien as a-polities en privaat van aard en enige afwyking van hierdie kenmerke is verduidelikings soos: ʻyou are not the right kind of woman – you are irresponsible, you are a whore, you are fat and ugly, or single and thirty and looking for a manʼ.[71] Die boodskap wat oorgedra is, is dat ʼn werklike vrou nie ʼn onafhanklike politiese identiteit het nie, maar ʼn private, seksuele en ondersteunende natuur het. Slegs deur jou seksualiteit aan mans beskikbaar te maak sal jou geslag ʼn staanplek kry in die publieke en politiese sfeer.[72]

Vroue is verder uitgesluit om hul eie ekonomiese bedrywighede voort te sit. Hul is uit sekere beroepe gehou, kon nie hul eie kontrakte teken of goedere verkoop nie, hul is beperk tot beroepe wat hulle pligte in die huishoudelike sfeer weerspieël het en opvoedkundige geleenthede is beperk. [73] Hulle reg op liggaamlike integriteit is ook weerhou aangesien voorbehoedingsmiddels en aborsies verbied is.[74]

Die reg het aan die een kant op ʼn subtiele manier vroue beperk tot die private sfeer deur hulle te erken as regspersone slegs as hul getroud is (die manlike status van beheer om hul in toom te hou). Aan die ander kant is die reg heeltemal afwesig van die private sfeer. Familiale sake met ʼn emosionele ondertoon is nie sake waarmee die reg sy hande wou vuilmaak nie. Omdat die reg afwesig is in die private sfeer, het dit die vrou geïsoleerd gehou en dit het ʼn bydrae gelewer tot hul minderwaardige status, aangesien hul geen regshulp gehad het om hulle posisie te verbeter nie.[75] Alhoewel daar verbetering plaasgevind het in die siviele en strafregtelike velde van die reg, is daar steeds areas in die private sfeer wat die

[68]Du Toit (2007) 183-213.
[69] Sien Antjie Krog (1998) *Country of my skull* en die *Special women's hearings* WVK verslag volume 4 hoofstuk 9 soos beskryf deur Du Toit (2007) 191-195 .
[70] Du Toit (2007) 194.
[71]Krog soos verwys deur Du Toit (2007) 194.
[72] Soos bo.
[73] Taub, Schneider (1998) 330 – 331.
[74] Soos bo.
[75] Taub, Schneider (1998) 333.



© University of Pretoria

reg verkies om te ignoreer. Hierdie gee aanleiding daartoe dat vroue nie belangrik genoeg is om deur die reg beskerm te word nie[76]. Dit lei tot ′n denkpatroon dat die vrou se doen en late in die private sfeer soos die huishoudelike take wat sy verrig, nie dieselfde waarde het as die projekte van die patriargale besigheidswêreld nie.

Gelykheid is ′n norm wat deur die reg verseker moet word, maar dit is verwyderd van die sfeer waarin vroue hulself bevind, dus het dit ′n beperkte toepassing op vroue.[77] Die beperkte toepassing lei daartoe dat vroue se ondergeskiktheid aan ′n patriargale sisteem behoue bly. Taub en Schneider stel voor dat vroue se posisie in terme van private/publieke onderskeiding kan verander sodra daar erkenning gegee word dat die huishoudelike werk van vroue ekonomiese waarde het.[78] Hulle is nie seker hoe die instansies en regulering te werke sal gaan om dit te verseker nie, buiten die feit dat baie van hierdie aktiwiteite vanuit die huishoudelike omgewing sal skuif na die publieke sfeer. Die waarde van vroulike werk (women's work) moet fundamentele waarde kry.[79]

### i. 'Ethics of care' en kritiek

Die patriargale dominansie sal bly voortleef want alhoewel die vroulike stem en vroulike ervaring meer na vore kom, daag dit nie die patriargie genoegsaam uit nie. Om hierdie punt weer te gee, gaan ek Carol Gilligan se konsep van 'ethic of care' verduidelik.[80]

Gilligan verduidelik haar teorie met twee kinders – ′n 11 jarige seun en meisie wat met die Kohlberg metode bevraagteken word oor hulle moraliteit. Hulle morele norme word getoets deur ′n hipotetiese gevallestudie: Heinz oorweeg of hy medisyne moet steel van die apteker. Hy benodig die medisyne om sy vrou se lewe te red. Die apteker weier om die prys te verlaag en dus word die vraag gevra of Heinz die medisyne moet steel?[81]

---

[76] Soos bo.
[77] Taub, Schneider (1998) 334.
[78] Taub, Schneider (1998) 334-335.
[79] Soos bo.
[80] Gilligan (1982) 25.
[81] Soos bo.



© University of Pretoria

Wanneer die seun antwoord, gee hy 'n logiese antwoord in terme van Kohlberg se skaal wat wys dat hy die verskil tussen moraliteit en die reg verstaan, maar ook dat regte oorweeg moet word indien geregtigheid moet geskied. Wanneer die meisie die vraag beantwoord, oorweeg sy nie die reg as uitkoms nie, maar die verhoudings en kommunikasie tussen Heinz en sy vrou en die apteker. Haar antwoord het altyd beide partye van die konflik oorweeg. Deur haar studie wys Gilligan hoe die vrou dilemmas benader – met 'n vrouestem of vroue-metode. Die vrou se wêreld is een waarin verhoudings en bewustheid bestaan as gevolg van die verantwoordelikheid tussen mense.[82] Moraliteit kom vanuit die erkenning van vriendskap/verhoudings en kommunikasie moet gebruik word om konflik op te los.[83] Die bogenoemde vertel vir ons dat vroue meer ingestel is op die 'ethics of care' teenoor mans wat die 'logic of justice' metode volg.[84] Eerder as om verhoudings slegs te ervaar, word daar gefokus op die bou en instandhou van verhoudings. 'Keuse' eerder as die 'logika van regverdiging' word beklemtoon.[85]

Wanneer ander individue in die situasie gebring word, sal vroue probeer om ander se behoeftes in ag te neem eerder as om hulle eie begeertes na te jaag. Keuse is belangriker as die proses van eliminasie met die gevolg dat dit wat eerste kom voorkeur kry. Uit ander gevallestudies waar die kinders gevra is om hulself te beskryf, het die seun die fisiese plek beskryf van waar hy kom en die meisie het voorkeure en aspekte van haar kultuur beskryf. Hy beskryf sy fisiese posisie in die wêreld en verwyder homself dan van die wêreld deur sy vermoë en oortuigings te beskryf. Die vrou beskou haarself as deel van die wêreld, sy beskryf aksies wat sy kan uitvoer om die wêreld en ander te help en sy plaas haarself in verwantskap met die wêreld en kies 'n beroep of 'n leefstyl wat ander sal help. Die man plaas homself op die wêreld sodat sy karakter gedefinieer kan word, sy status beaam word en sodat die kwaliteit van sy lewe kan verbeter.[86] Beide van die geslagte definieer hulself deur die wêreld maar die vrou definieer haarself deur verhouding en die man definieer homself deur afsondering. Beide meet hulself aan 'n objektiewe standaard – hy meet homself aan 'n

[82] Gilligan (1982) 30.
[83] Soos bo.
[84] Soos bo.
[85] Gilligan (1982) 31.
[86] Gilligan (1982) 32.



© University of Pretoria

abstrakte idee van perfeksie en sy meet haarself aan die hoeveelheid aktiwiteite wat sy kan doen wat sorg voorstel.[87]

Op die vraag: 'Wat is die verantwoordelikhede van myself in tye van konflik?', is die antwoorde van die seun gemik op outonomie. Sy verantwoordelikheid word eerste oorweeg, dan sy verantwoordelikheid wat hy teenoor ander het. Daar moet minimale inmenging wees van ander partye wat dan sal lei tot minimale pyn. Indien daar minimale inmenging is, sal die lewe binne 'n gemeenskap veilig wees, outonomie sal op die basis van wederkerigheid beskerm word en dieselfde oorweging wat hy vir ander gee, gee hy vir homself.[88]

Die vrou se antwoord word kontekstueel benader eerder as kategories – alles hang af van omstandighede. Sy oorweeg eerste die situasie – indien jy 'n verantwoordelikheid het teenoor iemand, moet jy daardie verantwoordelikheid hou. Daarna oorweeg sy hoe baie verantwoordelikhede sy het. Indien sy in 'n situasie is, waar sy kan doen wat sy wil, oorweeg sy eerste hoeveel pyn of hartseer dit aan ander sal veroorsaak. Sy probeer nie inmenging keer nie en verwelkom dit eerder, want wanneer daar 'n oplossing oorweeg word, moet dit een wees wat almal gelukkig sal maak.[89] Sy oorweeg sorg en beskerming bo konfrontasie.

Hierdie siening van kulturele feminisme is gekritiseer deur MacKinnon. Sy verduidelik dat daar 'n oksimoron ontstaan wanneer daar gekyk word na geslagsgelykheid: Aan die een kant, stel gelykheid eendersheid en aan die ander kant geslag, verskil voor.[90] Vroue word dus die keuse gegee: wees soos mans of wees anders as mans. Die eerste opsie gee geslagsneutraliteit en bied die opsie vir vroue om soos die ideologie van die wêreld te word, die manlike standaard te aanvaar.  Aan die ander kant as vroue anders as mans is, moet regstellende aksie toegepas word. Hierdie is 'n area van die reg wat gesien word as 'n dubbele standaard en word die spesiale voorkeurreël genoem.[91]

---

[87] Soos bo.
[88] Gilligan (1982) 33.
[89] Gilligan (1982) 34.
[90] MacKinnon (1987) 33.
[91] Soos bo.



© University of Pretoria

In beide gevalle word die man en die vrou vergelyk: word sy vergelyk as gelykstaande aan 'n man, word daar gekyk na hoeveel ooreenkomste sy het, met hom. As daar gekyk word na haar in die lig van verskil, word daar gekyk na wat 'n man kan bied wat 'n vrou nie kan bied nie.[92] Beide van hierdie gevalle lei tot 'n geval waar die reg 'n vrou meet aan 'n manlike standaard en dit dan geslagsgelykheid noem.

Geslagsgelykheid het vir beide vroue en mans baie voordeel gebring – dit het deure oopgemaak vir onderrig en arbeidsgeleenthede vir vroue, maar dan het dit ook sekere dinge weggevat, soos bv dat slegs vroue voorheen toegang gehad het tot kinders. In die oë van geslagsgelykheid het mans 'n groter inkomste om na kinders te kyk en mans inisieer die bou van familie-eenhede.[93] Die gevolg van hierdie tendens is dat mans en vroue gelyke regte het ten opsigte van die kind, tydens die huwelik en na die egskeiding. 'n Voorbeeld hiervan is artikel 20, 21 en 30 van die Kinderwet 28 van 2005 wat daarop aandui dat ongetroude en getroude pa's van kinders volle ouerlike verantwoordelikhede en regte kan kry en dat hulle kan besluite neem oor die kind, sonder om die mede-ouer daarvan in kennis te stel , behalwe waar dit teen wetgewing of 'n hofuitspraak is.[94] Dit lei tot 'n groter aanvraag vir pa's om toesig te kry oor kinders weens die feit dat hulle inkomste hoër is en ook omdat die reg, gelykheid teenoor beide ouers verseker.

[92] MacKinnon (1987) 34.
[93] MacKinnon (1987) 35.
[94] Artikel 20. Ouerlike regte en verantwoordelikhede van getroude vaders. Die biologiese vader van 'n kind het volle ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind – (a) indien hy getroud is met die kind se moeder; of (b) indien hy getroud is met die kind se moeder – (i) tydens die kind se konsepsie; (ii) tydens die kind se geboorte; (iii) op enige tyd tussen die konsepsie en geboorte van die kind. Artikel 21. 21. Ouerlike regte en verantwoordelikhede van ongetroude vaders. — (1) Die biologiese vader van 'n kind wat nie ingevolge artikel 20 ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind het nie, verkry volle ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind – (a) indien hy tydens die kind se geboorte saam met die moeder woon in 'n permanente lewensdeelgenootskap; of (b) indien hy, ongeag of hy saam met die moeder woon of gewoon het – (i) daartoe toestem om geïdentifiseer te word of ingevolge artikel 26 suksesvol aansoek doen om geïdentifiseer te word as die kind se vader of skade betaal ingevolge die inheemse reg; (ii) bydra of in goeie trou gepoog het om by te dra tot die kind se grootmaak vir 'n redelike tydperk; (iii) bydra of in goeie trou gepoog het om by te dra tot uitgawes in verband met die onderhoud van die kind vir 'n redelike tydperk. Artikel 30. Mede-besitters van ouerlike regte en verantwoordelikhede. — (1) Meer as een persoon kan ouerlike regte en verantwoordelikhede besit ten opsigte van dieselfde kind.
(2) Wanneer meer as een persoon dieselfde ouerlike regte en verantwoordelikhede besit ten opsigte van 'n kind kan elk van die medebesitters handel sonder die toestemming van die ander mede-besitter of mede-besitters wanneer hy of sy daardie regte en verantwoordelikhede uitoefen, behalwe waar hierdie Wet, enige ander wet of 'n hofbevel anders bepaal.



© University of Pretoria

Volgens Mackinnon, wanneer verskil die maatstaf is, sal die reg altyd die geleentheid gebruik om vroue uit te sluit byvoorbeeld dat vroue nie in sekere omstandighede kan werk nie, omrede dit te gevaarlik is. Mans word nooit van situasies uitgesluit nie en dus is dit nie vir hulle nadelig nie. Hierdie reël verseker dat vroue nie soveel waardigheid kry soos die reël wat fokus op gelykheid nie. MacKinnon verduidelik dat die werk van Gilligan die reël van verskille meer waarde gee as wat mens sou kon voorstel daar is, maar stel dan die volgende:

> But she achieves for moral reasoning what the special protection rule achieves in law: the affirmative rather than the negative evaluation of that which has accurately distinguished women from men, by making it seem as though those attributes, with their consequences, really are somehow ours, rather than what male supremacy has attributed to us for its own use.[95]

Sodra vroue verskil erken tussen mans en vroue, dan beteken dit hulle erken dominansie (in die geval van geslag), en gevolglik magteloosheid. MacKinnon verduidelik dat vroue baie goeie goed gemaak het en daarvoor erkenning moet kry soos byvoorbeeld dat ʼn lappieskombers, ʼn kreatiewe werk is.[96] Ten opsigte van enige vorm van kreatiwiteit word vroue op ʼn tweeledige manier uitgesluit: enige kreatiewe aksie of kreatiewe objek word nie as kuns beskou nie, maar dit skep dan ook nie ʼn alternatiewe standaard vir kuns nie. Die vroulike kreatiwiteit word nie as ʼn standaard beskou nie, want dit word nie volgens enige standaard as kuns aanvaar nie.

Aldus MacKinnon plaas vroue soveel klem op versorging omdat mans ons meet aan die sorg wat ons aan hulle verskaf. Sy voer aan dat vroue in terme van verhoudings dink, omdat ons bestaan gedefinieer word in terme van ons verhoudings met mans. MacKinnon maak mens bewus van die feit dat wanneer vroue magteloos is, hulle nie gaan praat in ʼn ‘different voice’ nie – hulle gaan glad nie praat nie, hulle gaan geen stem hê nie. Wanneer ons verskil beklemtoon mag dit baie nadelig wees vir vroue.[97]

---

[95] MacKinnon (1987) 38-39.
[96] Soos bo.
[97] MacKinnon (1994) 39.



© University of Pretoria

Mackinnon maak 'n sterk argument ten opsigte van sogenaamde geslagsgelykheid maar vir doeleindes van hierdie skripsie steun ek op Gilligan se 'ethics of care'. In die volgende hoofstuk, verduidelik ek Iris Marion Young se siening dat sorg en bewaring deel uitmaak van vroulike kreatiwiteit.[98] Dit is om hierdie rede dat Gilligan se sorg nie uitgesluit kan word nie. Alhoewel daar waarde is in Mackinnon se argument dat vroue, teenoor mans, altyd aan die kortste end trek, is dit glad nie nodig om vroue teenoor mans te vergelyk ten opsigte van die vroulike kreatiewe sfeer nie. Die kreatiewe man het reeds fisies sy ateljee of sy studeerkamer. Die vroulike kreatiewe sfeer gaan nie 'n fisiese sfeer inneem nie en dus is die vergelyking onnodig. Die element van sorg sal 'n sterk rol speel (veral as Young in ag geneem word) in die ontwikkeling van die kreatiewe sfeer vir vroue.

Sorg het tradisioneel slegs bestaan in die private sfeer. In die volgende teks, word die argument van Arendt gebruik om te verduidelik wat die verskille is tussen die private en publieke sfeer. Sy gee ook redes hoekom die verskillende sfere verstrengel geraak het inmekaar.

### d. Arendt: Aksie-arbeid-werk, die verstrengeling van die publieke en private sfeer en Rahel Varnhagen

Arendt se boek *The human condition* help ons om te bepaal in watter sfere die vrou haarself kan plaas, deur te verduidelik watter sfere beskikbaar is – hoe hulle bestaan en ontwikkel het.[99] Die eerste aspek wat bespreek sal word is haar onderskeid tussen arbeid, werk en aksie. Daarna sal haar verduideliking volg oor die uiteensetting van die verstrengeling van die private en publieke sfeer, sowel as haar gevallestudie van Rahel Varnhagen en haar ommegang tussen die private en publieke sfeer. Hierdie werk sal aandui dat die private en publieke sfeer nie meer as aparte sfere gesien kan word soos in die antieke tyd nie. Die sfere het verstrengel geraak en dus kan 'n private sfeer baie publieke blootstelling ontvang, net soos 'n publieke sfeer, intieme en private ruimtes kan inneem.

---

98 Young IM (1997) *Intersecting voices: Dilemmas of gender, political philosophy and policy 134-164.*
99 Arendt (1958) 22.



© University of Pretoria

### i. Hannah Arendt se siening aangaande arbeid, werk en aksie

Voor Arendt se verduideliking van die verstrengeling van die private en publieke sfeer, moet daar eers ŉ verduideliking gegee word van haar siening oor die verskille tusssen arbeid (labour), werk (work) en aksie (action). Haar uiteensetttting aangaande hierdie sfere is belangrik vir die verduideliking van vroulike kreatwiteit en hoe die patriargale sisteem dit benader het – dit sal verduidelik hoekom hulle steeds vroue se aksies en projekte op ŉ sekere manier benader.

### *ii.* Arbeid

Arendt verduidelik dat arbeid as beide ŉ werkwoord en ŉ selfstandige naamwoord beskou kan word: die werkwoord sal nog nie ŉ finale produk lewer nie, maar is ook ŉ gerundium, want die woord 'arbeid' word afgelei van 'werk'.[100] Slawe, verslane vyande en ander huismense wat tot diens is van die meester van die huis het in die sfeer van arbeid opgetree want hulle het seker gemaak dat die noodsaaklikhede van die lewe verskaf word.[101] Die private huishouding is geassosieër met arbeid en die publieke politiese sfeer is geassosieër met aksie. Die private aktiwiteite moes in stilte en in die donker gedoen word en dit is oorheers deur die aktiwiteite van die publieke sfeer wat altyd gesien en gehoor moes word weens die feit dat dit onthou moet word.[102] In die moderne era is daar ŉ verskuiwing van arbeid na die publieke sfeer. As gevolg van hierdie skuif het Karl Max, ŉ alternatiewe verduideliking gegee vir arbeid. Marx verduidelik dat dit nie saak maak hoe kortdurend en nutteloos die produkte van arbeid is nie, daar is inderdaad ŉ produktiwiteit aan arbeid. Die produktiwiteit is nie in die vermoë om produkte te vervaardig nie,maar om menslike krag te verrig. Hierdie menslike krag kan nie uitgeput word nie en dus sal dit altyd tot ŉ surplus lei. Die produktiwiteit van werk sal altyd lei tot ŉ finale produk, maar die produktiwiteit van arbeid lei tot verdere reproduksie/voortplanting en kan dus gebruik word om meer as een lewensproses voor te plant.[103]

[100] Arendt (1958) 80.
[101] Arendt (1958) 81-83.
[102] Arendt (1958) 85.
[103] Arendt (1958) 88.



© University of Pretoria

In 'n verbygaande kommentaar, verduidelik Arendt dat die bekwaamheid of onbekwaamheid van 'n sekere stuk werk, tweede viool speel teenoor die produktiwiteit van arbeid en dat die aktiwiteite soos 'n huis skoonmaak of kook, nie minder in die produktiwiteit van arbeid is as om 'n boek te skryf of 'n huis te bou nie.[104]

Ten spyte van die positiewe eienskappe, voel Arendt steeds dat die minste duursame produkte van tasbare dinge nodig is vir lewensprosesse. Sy gebruik Locke se verduideliking dat indien hierdie dinge nie vinnig deur menslike verbruik opgebruik word nie, sal dit vanself agteruitgaan en verdwyn.[105] Die natuurlike en mensgemaakte prosesse van leef en sterf het 'n kenmerk ingemeen – beide is deel van 'n sikliese beweging in die natuur en word dus voortdurend herhaal[106]. Die proses van arbeid het nooit 'n begin en nooit 'n einde nie, en dus verskil dit van werk, wat 'n finale produk lewer.[107] Natuur sal altyd arbeid verkies, aangesien dit uit natuur vat en konstant weer terug sit, teenoor werk wat slegs uit natuur neem en 'n aparte produk maak. Terselfdertyd gaan arbeid ook teen natuur, aangesien die proses altyd vereis dat daar 'n geveg moet wees teen agteruitgang of verdwyning.[108] Die menslike bestaan hang af van beide werk – wat dit uit die natuur moet neem om te gebruik - en arbeid, wat moet veg teen die verdwyning of afsterwing van die menslike spesie.[109]

Voor Arendt verder verduidelik word, moet die verband tussen Arendt se opvatting van arbeid en Kristeva se opvatting van sikliese tyd uitgelig word. Sikliese tyd is 'n herhalende proses – dit haal uit die natuur en plaas weer terug in 'n oneindige sirkel. Daar is wel 'n onenigheid met arbeid in die natuur, weens die feit dat arbeid die natuur wil verander en onderhou, terwyl natuur wil floreer sonder beperkinge. Maar ten spyte van hierdie onenigheid, is daar steeds 'n beter interaksie tussen die natuurlike sikliese tyd en arbeid, as tussen natuur en werk.

[104] Arendt (1958) 90.
[105] Arendt (1958) 96.
[106] Soos bo.
[107] Arendt (1958) 98.
[108] Arendt (1958) 100.
[109] Arendt (1958) 135.



© University of Pretoria

### iii. Werk

Werk se onderskeid van arbeid is eerstens, in die areas van die menslike liggaam – werk word gedoen met die hande teenoor arbeid wat gedoen word met die lyf. Die produkte van werk is duursaam, word verhandel en getuig van produktiwiteit.[110] Hulle stabiliseer die menslike lewe, want alle goedere is interafhanklik van mekaar – produkte is afhanklik van die mens wat hulle gemaak het en die goedere getuig van die mens se bestaan. Hierdie bestaan van produkte dui aan wat die persoon of maker se behoeftes is.[111] Die mens haal bronne uit die natuur om sy produkte maak, deur dit weg te neem of selfs dood te maak. Die mens in die poging om sy eie bestaan te verseker sal altyd 'n verwoesting in die natuur saai. Die mens voel trots/gelukkig dat dit moontlik is vir hom om die elemente van die natuur te oorwin en om voor te plant ten spyte van die teenstand wat hy kry.[112] Die rede hoekom werk so belangrike rol speel is weens die feit dat dit getuig van 'n bestaan. Dit is nie 'n sikliese proses van onderhoud wat geen begin of einde het nie, dit beeld 'n permanente bestaan in die wêreld uit.

Arendt verduidelik dat hierdie objekte wat die mens gebruik om stabiliteit te verseker, ook gebruik word om 'n betroubare huis vir homself te skep. Soms is daar objekte wat geen nut het nie en dus ook geen spesifieke geldelike waarde het nie – soos kuns. Kuns is die mees wêreldse van die duursame voorwerpe omdat dit nooit gebruik sal word nie en moet gepreserveer word vir eeue. [113]

Reeds in die verduideliking van werk en arbeid, word daar geslagsverskille uitgebeeld. Arbeid, gekoppel aan die private sfeer, is vroulik – die aktiwiteite wat plaasvind is siklies en oneindig van aard soos die preservering van 'n huis. Werk, aan die ander kant is gekoppel aan die publieke sfeer en is manlik. Die voorbeeld van kuns dui aan dat die kuns van mans as werk beskou word vanweë die permanente bestaan. Deur hierdie onderskeid te tref, kom die verskillende vlakke van waardering na vore. Daar is baie waardering vir die manlike

[110] Arendt (1958) 136.
[111] Arendt (1958) 137.
[112] Arendt ( 1958) 139-140.
[113] Arendt (1958) 167.



© University of Pretoria

werk, die permanensie, die manlike kuns. Daar is heelwat waardering vir vroulike arbeid, herhaaldelike preservering, die vroulike instandhouding.

### iv. Aksie

Arendt noem dat aksie in sy heel basiese vorm beteken om inisiatief te neem, om te begin of om iets aan die beweeg te sit.[114] Sy verduidelik dat elke keer wanneer iemand gebore word, daar iets nuuts in hierdie wêreld kom – mens kan dus sê dat daar voorheen niks is voor hierdie persoon se geboorte nie. Indien aksie aan die begin soos geboorte is en aan die menslike kondisie geboorte gee, dan sal spraak (speech) beteken om duidelikheid te gee en aan die menslike kondisie pluraliteit te gee.[115] Spraaklose aksie sou geen aksie wees nie – die akteur of die doener van dade sou nie kon aandui wat hy gaan doen indien hy dit nie sê nie. Slegs deur middel van praat en aksie sal 'n persoon werklik sy persoonlike identiteit openbaar – sal hy sy verskyning maak in die wêreld. Hierdie volle verskyning sal slegs moontlik wees in die publieke sfeer en daarom is aksie nou verbonde aan die publieke sfeer.[116]

Die verskil tussen werk en aksie lê in die omgewing en waarmee die mens homself omring. Vir aksie en spraak om te gebeur moet daar ander mense wees – die doener moet homself omring met 'n gehoor. Vir aksie en spraak om te gebeur, moet die aksie en spraak van ander mense ook teenwoordig wees. Werk, wat vervaardiging behels van 'n eindproduk, moet met die wêreld in kontak tree, maar nie noodwendig praat en in aksie wees nie. [117] Arendt noem hierdie ruimte waarin mense bymekaarkom en in aksie en spraak met mekaar omgaan, die ruimte van verskyning (space of appearance).[118] Hierdie ruimte se bestaan is afhanklik van die mense teenwoordig – sodra die mense verdwyn, verdwyn die ruimte. (Indien die mense verdwyn tydens die onthulling van werk, sal die werk as eindproduk steeds daar wees.) Wanneer aksie en spraak saam optree, sal daar mag wees. Hierdie mag sal slegs realiteit word wanneer die woorde nie leeg of vol leuens is nie, maar gevul met realiteit. Aksie moet

[114] Arendt (1958) 177.
[115] Arendt (1958) 178.
[116] Arendt (1958) 180.
[117] Arendt (1958) 188.
[118] Arendt (1958) 199.



© University of Pretoria

ook nie brutaal wees of inbreuk maak op ander nie, maar moet eerder verhoudings bou en beter realiteite skep.[119] Mag is dit wat die publieke sfeer onderhou –'n sfeer waar spraak en aksie kan verskyn.

Aksie is 'n dualistiese term wat beide manlike en vroulike eienskappe inhou. Die voorbeeld van geboorte weerspieël 'n maternale uitgangspunt. Aksie moet ook plaasvind met die oog op die verbetering en verbouing van verhoudings – dus is daar elemente van Gilligan se 'ethics of care'. Haar teorie het aangedui dat vroue hulself kontekstualiseer teenoor ander in die wêreld en dus oorweeg hulle altyd die opinie en toestand van ander voordat hulle 'n besluit maak wat almal sal raak.[120] Hierdie tipe onderhandeling sal nie inbreuk maak op ander nie. Aan die anderkant, blyk dit asof aksie baie manlik van aard is – dit is iets wat slegs in die publieke sfeer kan bestaan voor 'n gehoor en dit is gevul met mag. Hierdie eienskappe dui die manlike aspekte van aksie aan weens die feit dat vroue nie beweeg het in die publieke sfeer nie en mag nie 'n eienskap wees wat aan vroue toegeken is nie.

### v. Die verdwyning van die publieke sfeer

Die publieke sfeer het nie heeltemal verdwyn in die streng sin van die woord nie, maar die grense van die sfeer het verdwyn met die gevolg dat verstrengeling met die private sfeer gebeur het.

Arendt gee vir ons 'n paar redes hoekom die publieke sfeer nie kon bly voortbestaan nie. Soos voorheen verduidelik, hou mag die publieke sfeer in stand, maar niks is van so korte duur soos die bestaan van mag nie.[121] Die mensdom het ook meer belanggestel in die produktiwiteit en die finale produkte wat werk bied as in die spraak van ander.[122] Die spraak van ander is 'n ledige produk en die mens het iets gesoek wat die wêreld mooi kon maak of hulle langer laat lewe. Wanneer hulle dan wel in kontak en in kommunikasie met mekaar getree het, is dit in die konteks van die mark waar hulle met mekaar onderhandel het oor produkte en goedere. Daar is nie 'n gesprek oor die uniekheid van die mens en 'n uitbreiding

---

119 Arendt (1958) 200.
120 Sien in die algemeen Gilligan C (1982) *In a different voice: Psychological theory and women's development.*
121 Arendt (1958) 204-205.
122 Arendt (1958) 208.



© University of Pretoria

oor individualiteit en lewe nie – dit is ’n besigheidstransaksie met ’n bepaalde eindpunt voor oë.[123] Die ware identiteit van ’n persoon is gehou vir sy familie of vriende by die huis – in die private sfeer.[124]

Die enigste ‘plek’ waar ware aksie en spraak betrokke is, is in die werk van ’n kunstenaar. Hier moet ons onderskei tussen ’n kunswerk van ’n ware genie en die handewerk van ’n ambagsman of vakman. Die werk van ’n ambagsman is gesien as werk soos verduidelik as eindproduk. ’n Kunswerk het dieselfde kwaliteite en uniekheid gehad as die eienskappe van iemand wat aksie en spraak beoefen. Die moderne eeu het ontsaglik baie respek gehad vir die genie-kunstenaar, te veel eintlik, dat dit gelei het tot ’n soort verafgoding. Hierdie verafgoding het veroorsaak dat die kunstenaar nie meer as ’n konkrete individu op sy eie beskou word nie. Alhoewel daar gepoog word om hierdie kunswerk objektief te analiseer – te sien of dit die ware beeld sal weergee van die individue, vehoed die verafgoding van die persoon hierdie moontlikheid.[125] Die kunswerke sal meer oor hulself praat as van die kunstenaar – self sy slegste werk sal meer beteken as wat hy te sê het en op die einde word die kunstenaar die ‘seun van sy werk’.[126]

Hierdie tipe uitkyk het die basis gevorm vir hoe die patriargie kuns aanskou het. Die verwydering van die kunstenaar van sy kuns – dat die objek nie meer ’n verlenging is van die mens nie – is die grondslag vir die waardering en erkenning van kreatiewe werke. Die publieke sfeer eienskappe wat geheg is aan aksie, wat veroorsaak dat dit geheg is aan manlikheid het veroorsaak dat vroulike kreatiwiteit wat in die private sfeer plaasvind en nie die konsep van mag oordra nie, ondermyn word. Hierdie ondermyning bestaan reeds te lank om vir die vrou nou ’n plek te maak in die wêreld wat haar kreatiwiteit sal erken. Die oogmerk van hierdie skripsie is om ’n alternatiewe sfeer te bedink. Voordat dit gedoen kan word, moet daar eers gekyk word na die sfere wat bestaan het.

---

[123] Arendt (1958) 209.
[124] Arendt (1958) 210.
[125] Arendt (1958) 211.
[126] Valery P ( Tel quel II, 149) soos gebruik deur Arendt (1958) 212.



© University of Pretoria

### vi. Die onderskeid en verstrengeling van die private en publieke sfeer

Arendt keer terug na die antieke tyd en verwys na Aristoteles wat aangedui het dat die twee aktiwiteite teenwoordig in die menslike gemeenskappe, polities van aard is: (praxis) aksie en (lexis) spraak.[127] Vir 'n persoon om werklik in die *polis* of in die politiese sfeer te leef, het dit beteken dat beslissings deur woorde en oortuigings gemaak word. Die metode om mense met geweld te konfronteer is beperk tot gedrag buite die publieke sfeer en tot die private sfeer wat die familiale en huishoudelike lewe insluit.[128]

Die politiese sfeer (die sfeer waarin aksie teenwoordig is) is geheg aan die publieke sfeer en die huishoudelike sfeer is die private sfeer (die waarin arbeid en werk teenwoordig is). Die twee sfere is streng verdeeld in die antieke tyd, totdat die sosiale sfeer ontwikkel het met die bestaan van massa populasie en 'n nasie-staat.[129] Hierdie oorvleueling van die twee sfere is vir Arendt ontstellend, weens die feit dat dit lei tot verwarring van 'ekonomie' – 'n term wat in die antieke tyd verwys het na die huishoudelike, private sfeer.[130] Met die ontwikkeling van verskillende gemeenskappe het die nasie-gesin ontstaan en die ekonomie om hierdie 'massa-gesin' te onderhou is 'n kwessie wat die hele nasie raak. Dit is 'n probleem vir Arendt aangesien die term 'ekonomie' nie 'n politiese aard gehad het nie, maar wel 'n huishoudelike aard.[131]

Buiten dat 'ekonomie' 'n huishoudelike konneksie gehad het, het dit ook ander karaktereienskappe van die private sfeer gehad. Een daarvan is dat die private sfeer 'n sfeer is waar mense saamgebly het en hul hoofdoel is om die mens as spesie te laat voortleef. Beide mans en vroue het hul doel gehad: Die individuele onderhoud is die mans se arbeid soos om kos te voorsien. Die spesie se onderhoud is die vrou se arbeid deur middel van geboorte.[132] Geheg aan die private sfeer is 'n soort heiligheid – 'n ruimte waar geboorte en dood plaasgevind het. Geboorte en dood is weggesteek van die publieke sfeer weens die feit dat dit uit die publieke oog moes bly omrede die mens nie weet waar hy vandaan kom

[127] Arendt (1958) 25.
[128] Arendt (1958) 27.
[129] Arendt (1958) 28.
[130] Soos bo insluitend Arendt (1958) 33.
[131] Arendt (1958) 28-29.
[132] Arendt (1958) 30,72.



© University of Pretoria

nie en ook nie waarheen hy gaan as hy doodgaan nie.[133] Teenoor die private sfeer, is vryheid ’n kenmerk van die publieke sfeer. Deur die noodsaaklikhede van die private sfeer te beheer, is vryheid moontlik maar politiek sou onder geen omstandighede bestaan om mens as spesie te onderhou nie.[134] Nog ’n verskil is dat die publieke sfeer, ’n sfeer van absolute gelykheid is teenoor absolute ongelykheid in die private sfeer. Die tipe gelykheid wat bestaan het in die antieke tyd is nie gelykstaande aan die gelykheid soos ons dit vandag verstaan nie – gelykheid is nie gelyk aan geregtigheid nie, maar eerder soos vryheid: Die vryheid om in en uit verskillende sfere te beweeg sonder om op enige oomblik deur enigiemand beheer te word.[135] Sou ’n man verkies het om buite die publieke sfeer te bly, in die privaatheid van sy eie huis, is daardie persoon nie ten volle ’n mens nie (is not fully human).[136] Die woord privaatheid is gesien om mense te weerhou (‘privacy...it meant literally a state of being deprived’).[137] Arendt voer aan dat die rede waarom ons nie meer so ’n negatiewe verbintenis met die woord privaat of privaatheid het nie, is weens die verryking van die private sfeer deur middel van moderne individualisme.

Die twee karaktereienskappe van die publieke sfeer is onderskeidelik die publieke verskyning en die gemeenskaplike wêreld, gekoppel aan aksie. Die eerste eienskap van publieke erkenning het beteken dat alles vir die publiek beskikbaar moet wees om gesien en gehoor te word.[138] Slegs wanneer ’n gedagte of ’n gevoel uit die mistiese ryk van die verstand gehaal word en in die lig van ’n gehoor gesê of gesien word, is daardie gedagte of gevoel, ’n realiteit. Arendt verwys daarna dat ‘...the passions of the heart, the thoughts of the mind, the delights of the senses – lead an uncertain, shadowy kind of existance unless and until they are transformed, deprivatized and deindividualized...’[139] Deur hierdie sin te vergelyk met die dualisme van Olsen, kan mens sien waar die idee van rasionaliteit en objektiwiteit by die patriargie vandaan kom. Om ’n gedagte of selfs ’n gevoel privaat te hou, sou tot die bestaan van só ’n gedagte of gevoel lei, wat individualities van aard is en dit sou onaanvaarbaar wees vir publieke interpretasie. Wanneer emosies en gedagtes deur ander

133 Arendt (1958) 63.
134 Arendt (1958) 31,37.
135 Arendt (1958) 33.
136 Arendt (1958) 38.
137 Soos bo insluitend Arendt(1958) 58.
138 Arendt (1958) 50.
139 Soos bo.



© University of Pretoria

mense ervaar word, word jy as individu verseker van die realiteit van jou bestaan. Hoe meer intens en privaat emosies word van die mens weens die verdwyning van die publieke sfeer se perke, hoe minder is die ervaring van realiteit.[140] Arendt beweeg verder in haar argument en verwys na die betowering of bekoring (enchantment) wat veral die Franse mense ervaar het in klein objekte (petit bonheur).[141] Met die verbrokkeling van hul publieke sfeer het die Franse ŉ drastiese keer gemaak na die private sfeer en die objekte van daardie sfeer. Daar is ŉ bekoorlikheid in die private sfeer, omdat daar nie ŉ gehoor is om daardie gevoel of gedagte ŉ realiteit te maak nie. Alhoewel die publieke sfeer ŉ omvangrykheid aan dit het, sal dit verbeeldingloos bly want dit sal nooit die 'irrelevante' kan begryp nie.[142]

In die vierde hoofstuk, word die term 'verbeelding' gebruik en geïnterpreteer ten opsigte van die reg en ten opsigte van sfere. Arendt dui aan dat die publieke sfeer verbeeldingloos is weens die grootheid wat daaraan geheg word.[143] Die publieke sfeer sal dus nie die antwoord wees vir die ruimte waarin die kreatiewe vrou haarself kan bevind nie. Die vrou is uit die aard van die saak verbind aan die private sfeer, maar die verskuiwing na die publieke sfeer is nie ŉ opsie, waarin sy haar kreatiwiteit kan uitleef nie, weens die verbeeldingloosheid wat daaraan gekoppel word. Haar kreatiewe sfeer gaan ontwikkel word uit verbeelding, sodat dit nie dieselfde beperkinge het as wat die publieke sfeer bied nie. Die publieke sfeer het ook slegs waardering vir enige kreatiewe werk mits dit teen ŉ patriargale standaard vergelyk kan word. Haar kreatiwiteit sal nie erken word in die gemeenskaplike wêreld nie.

Die tweede eienskap, die gemeenskaplike wêreld, verwys nie na die aarde met die organiese lewe daarop nie, maar na die mensgemaakte wêreld waar die sake van mense gehanteer word. Arendt verwys daarna dat die gemeenskaplike wêreld soos ŉ tafel tussen mense is – dit is ŉ oppervlak of ŉ ruimte wat hulle verbind en skei terselfdertyd.[144] Die publieke sfeer is ŉ ruimte waar mense bymekaar gekom het om met mekaar te praat tog het dit ŉ skeiding gebring. Die gebrek van hierdie spesifieke eienskap is ŉ groot rede hoekom oorvleueling van die twee sfere plaasgevind het. Hierdie gebrek is veroorsaak deur

140 Soos bo.
141 Arendt (1958) 52.
142 Soos bo.
143 Soos bo.
144 Soos bo.



© University of Pretoria

die feit dat die populasie tot so mate vermeerder het dat daar 'n gebrek aan ruimtes is wat verbintenisse en skeidings tussen mense kon meebring.[145] Mense betree die publieke sfeer om permanent sigbaar te wees in tyd – enige aksie wat in die publieke sfeer plaasvind verseker dat hul in tyd sal onthou word, 'n onverganklike toestand bestaan. Enige aksies wat die lig van die publieke sfeer sien, sal voortaan bly skyn deur generasies en eeue deur. Arendt dui daarop dat die gebrek aan kommer oor sake soos onverganklikheid en ewigheid die grootste aanduiding is dat die publieke sfeer meegee.[146]

Ten spyte van beide sfere se bestaan is daar ook 'n ruimte wat nie aan een van die vorige twee behoort nie en dit is die reg. Arendt verwys na die reg as 'n niemandsland, 'n ruimte wat die twee sfere uitmekaar gehou het.[147] Die private sfeer het gerebelleer teen hierdie skeiding en stelselmatig het vroueregte en werkersklasse vrygebreek vanuit die die private sfeer. Hierdie emansipasie dui vir ons daarop dat die noodsaaklikheid om die menslike spesie te onderhou nie meer weggesteek word in die private sfeer nie.[148]

### vii. Rahel Varnhagen se Berlynse salon as voorbeeld van die verstrengeling van die publieke en private sfeer

Namate die twee sfere begin verstrengel het, het dit begin deursypel en opmerklik geword in die sosialisering van mense. Die skeiding van die sfere is minder sigbaar en dit is veral in 18[de] eeu se salonne sigbaar. Arendt het briewe gevolg van 'n Joodse saloneienaar, Rahel Varnhagen en haar ommegang met verskeie kunstenaars, aristokrate en akteurs in haar salon.[149] Haar salon en briewe is vir ons 'n voorbeeld van ruimtes wat beide privaat sowel as publiek kan wees.

Varnhagen is relevant tot hierdie skripsie want dit dien as voorbeeld van hoe vroulike ommegang met die sfere is in 'n tyd toe die verstrengeling van die private en publieke sfeer minder sigbaar is. Haar salon dui aan hoe 'n vrou die skeiding van sfere tot haar voordeel gebruik het om 'n salon, met kreatiewe aspekte, te laat floreer.

[145] Arendt (1958) 53.
[146] Arendt (1958) 55,58.
[147] Arendt (1958) 63.
[148] Arendt (1958) 73.
[149] Sien in die algemeen Arendt H (1997)*Rahel Varnhagen: The life of a Jewess*.



© University of Pretoria

Seyla Benhabib in haar ommegang met Varnhagen ontbloot die romantiese selfbespieëling (romantic introspection) wat lei tot ŉ verlore realiteit – die grense tussen die private en publieke sfeer vervaag, sowel as tussen intieme sake en dit wat mens met ander sou deel.[150]

> Introspection leads to two feats: it annihilates the actual existing situation by dissolving it in mood, and at the same time it lends everything subjective an aura of objectivity, publicity, extreme interest. In mood, the boundaries between what is intimate and what is public becomes blurred; intimacies are made public, and public matters can be experienced and expressed only in the realm of the intimate –ultimately, in gossip.[151]

Die Joodse eienaresse het deur middel van die salonne drie sosiale konstruksies geherkonstruktureer: eerstens, het hul hulself geëmansipeer van hul tradisionele, patriargale tradisies. Tweedens, het hulle ŉ sosiale sfeer geskep waarin mense vanuit verskille agtergronde met mekaar oor kreatiewe en intellektuele sake kon kommunikeer. Die laaste konstruksie, wat veral van belang is vir hierdie skripsie, is dat hulle die mure verbreek van verskeie klasse, geloofsgroepe en beide geslagte.[152] Hierdie vordering in die sosiale omstandighede van mense is ŉ vreemde fenomeen in daardie era. Die vroulike beweging het eers in die 20ste eeu verskyn, hierdie vroue wat uitgebreek het uit hulle patriargale tradisies sou as getuies van die eerste beweging van feminisme beskou kon word. Gepaard daarmee het hulle salonne verskeie klasse van mense ge-akkomodeer. Hierdie interaksie het gebeur al het demokrasie in verskeie lande eers eeue later verskyn. In hierdie salonne is daar ook die moontlikheid dat vroue en mans kon kommunikeer op ŉ gelyke vlak.

In die werk van Arendt is daar ŉ bespreking oor die grense van die publieke en die private sfeer en die verskillende geslagsrolle wat aan hierdie sfere gekoppel is. Vroue is tradisioneel verbonde aan die private sfeer, maar tog het sy nie ŉ ruimte gehad waarin sy werklik

[150] Benhabib S (2003) *The reluctant modernism of Hannah Arendt* 1-31.
[151] Arendt in Rahel Varnhagen soos aangehaal deur Benhabib (2003) 11.
[152] Benhabib (2003) 16.



© University of Pretoria

privaatheid kon hê nie. In hierdie salonne is vroue die keuse gegee om in die publieke areas van die salonne te sosialiseer, maar tog is dit moontlik vir hulle om intieme oomblikke te hê tussen vriende of vriendinne. Hulle kon dus met gemak in beide van die sfere verkeer.

Die Franse salonne het ook ʼn deurbraak gemaak deur ruimtes te skep waarin groepe wat voorheen geskei is deur status en rang, met mekaar kon omgaan deur kunswerke of literêre werke te bespreek of voor te lees.[153] Hierdie salonne is deel van ʼn sosiale proses – mense wat voorheen aan ʼn streng hiërargie behoort het, wat spesifieke gewoontes gehad het, kon nou in kontak tree met individue waarmee hulle tradisioneel geen kontak mee sou gehad het nie. Dit is moontlik vir die eerste groep om hulself voor te stel op ʼn minder rigiede manier – ʼn manier waardeur persoonlikheid, kreatiwiteit en intellek gewys kon word.[154] Benhabib verwys na hierdie salonne as ʼn eksperiment waar die oue in die nuwe verander het tydens pre-revolusionêre Europa. Hierdie salonne het dit nie net moontlik gemaak vir verskillende sosiale groepe om te ontmoet nie, maar dit het ook gelei na eksperimentering van geslagsrolle en seksuele verwagtinge.[155]

Die Duitse salonne is nie net belangrik vir die kreatiewe interaksie van verskeie groepe nie, maar ook vir vroulike affiliasie groepe – die proses om jou 'Seelensfreund' (sielsvriendin) te ontmoet.[156] ʼn 'Seelensfreund' is iemand deur wie jy jouself weer opnuut ontdek, ʼn vriendin aan wie jy geheg is deur middel van ʼn siel en deur wie jy diepte in jouself kan projekteer. Daardie fasette van ʼn persoon wat nie deur die publiek gesien word nie, word vertoon deur haar.

Die salon is ʼn unieke spasie, enig in haar soort want dit is ʼn ruimte wat privaat en tegelykertyd publiek is. Varnhagen het groepe onthaal in haar woning (ʼn private ruimte binne haar huis, wat nou publieke eienskappe gekry het deur Varnhagen wat mense van buite daar onthaal) maar tog deur gesprekke of die lees van poësie of briewe het daar privaat en intieme oomblikke ontstaan (poësie en briewe is van nature private objekte wat slegs vir een persoon bedoel is, maar deur dit voor ander te lees, het dit in die publieke

[153] Soos bo.
[154] Soos bo.
[155] Soos bo.
[156] Benhabib (2003) 17.



© University of Pretoria

ruimte ingetree). Deur mense uit die publiek te neem na 'n ruimte waar slegs twee of drie mense in gesprek met mekaar kan tree, tree jy in 'n ruimte in waar jy werklik jouself kan wees.[157] Terselfdertyd is die salon ook 'n groot en weelderige vertrek, waar baie mense kan saamkom – elkeen besig met hul eie, intieme gesprek. Dit maak die salon 'n ruimte waar die private en die publieke sfeer verstrengel, 'n ruimte waar hart- en gemeenskaplike sake gedeel kan word.[158]

Buiten vir die besprekings, is daar ook briewe gelees. Briewe moet ook beskou word as 'n manier, eerder as 'n ruimte, waar die publiek en die privaat verstrengel raak. Benhabib beskou briewe as die '...preferred "feminine" pattern of prose' as gevolg van hulle '..quasi-public, quasi-private quality...'.[159] Die waarde van briewe lê in die skrywer se emosies en gedagtes wat daarin bevat is, wat 'n band vorm met die leser. Selfs al word daar persoonlike briewe voorgelees vir 'n groter, publieke skare, is daardie skare steeds bewus van die persoonlike band.[160] Briewe deur vroulike skrywers is veral van belang, aangesien dit hulle deel gemaak het van 'n publieke sfeer – 'n sfeer waarvan hulle uitgesluit is. Dit is 'n medium wat vroue gebruik het om vanuit die private sfeer te praat met die publieke sfeer in 'n taal waarin hulle kon skryf met vroulike definisies en uitdrukkings.[161] Ons kan dus die brieweskrywery vereenselwig met vroulike kreatiwiteit aangesien dit vroue se verkose metode van kommunikasie is – een wat met gemak, sowel as intimiteit met die publieke sfeer kon praat.[162] Benhabib stel briewe gelyk aan die salon deur daarna te verwys as grensoorskreidende metode (transgressive mode) waardeur vroue grense kon breek, verskuif, uitvee, onderhandel en hervorm.[163]

Die salon is vroue se manier om vir hulself 'n publieke sfeer te skep deur gebruik te maak van hul huis en private spasie geheg daaraan. Dit het in verskeie opsigte verskil van die

---

157 Benhabib (2003) 18.
158 Soos bo.
159 Benhabib (2003) 19.
160 Soos bo; 'n Voorbeeld van hierdie in die huidige samelewing is familie en vriende wat briewe lees by 'n begrafnis aan die persoon wat oorlede is. Alhoewel die brief privaat van aard is, daar word 'n gesprek gevoer met die oorledene, word dit gedoen voor 'n publieke gehoor.
161 Benhabib (2003) 19.
162 Briewe kan ook gesien word as die vroulike stem wat uitkom soos deur Gilligan (1982) verwys (soos bo 8-10).
163 Benhabib (2003) 19.



© University of Pretoria

tradisionele publieke sfeer. Die publieke sfeer het vroue ten volle uitgesluit, terwyl die salon gedomineer is deur vroulike teenwoordigheid.[164] Die salon het die erotiese verwelkom en die taal is gemaklik en speels, terwyl die publieke sfeer ernstig is en die erotiese onderdruk het.[165] Daar is wel ook ooreenkomste: in beide is almal teenwoordig op ŉ gelyke vlak en het vriendskappe ontstaan (alhoewel die salonne se vriendskappe meer persoonlik as polities is, het sommige persoonlike vriendskappe tot politiese bande gelei).[166]

Die ooreenkomste tussen die twee sfere dui vir ons aan hoe daar ŉ verdere verstrengeling van die twee sfere plaasgevind het. Manlikheid is aan die *polis* (soos die antieke betekenis daarna verwys) of altans aan die publieke sfeer gekoppel en vroulikheid aan die private sfeer. Deur die verstrengeling van die sfere sowel as ontwikkeling van vroueregte, het die geslagsrolle wat geheg is aan die sfere ook verstrengel geraak. Manlikheid is verbonde aan die publieke sfeer, sowel as aan die reg.

### e. Vroulike kreatiwiteit en manlike uitvinding

Die patriargie ag werk wat deur vroue verrig word, as huishoudelike werk. Die feit dat daar kreatiwiteit in hierdie werk gaan word onderskat deur ŉ patriargale sisteem wat die 'reëls' neergelê het oor die betekenis van kreatiwiteit. Jane Bradley skryf oor haar ervaring as ŉ akademikus wat vir studente moes leer oor vroue en hul kreatiwiteit.[167]

Haar ervaring dui aan tot watter mate vroulike kreatiwiteit nie erken word in terme van die patriargale sisteem nie. Die patriargale stem van die akademie het haar beperk in haar bespreking oor kreatiwiteit. Definisies, voorgeskrewe handboeke, studie–eenhede en studie uitkomste is te rasioneel, te akademies en die ware betekenis van kreatiwiteit is vasgevang soos ŉ voël in ŉ hok.[168]

---

[164] Soos bo.
[165] Benhabib (2003) 20.
[166] Soos bo.
[167] Bradley (1989) 1-8.
[168] Bradley (1989) 2.



© University of Pretoria

Bradley se ervaring dui aan dat die patriargie tot in die veld van akademici ( ’n veld wat steeds patriargaal beheer word en waarin vroue meeste van die tyd tot die manlike leerervaring moet konformeer) elke proses van die sillabus voorskryf – al is dit ironies oor kreatiwiteit. Die verbeeldingloosheid van die akademiese wêreld word vererger deur die beleidsoorwegings wat elke leerprogram beperk en definieer.

Sy analiseer die drie faktore van die kreatiewe proses: die kunstenaar, die muse en die gehoor vir wie die kuns gemaak word. Die kunstenaar is gewoonlik altyd uitgebeeld as ’n wit man en sy gehoor is die kerk of die hof of enige instansie wat hom kan finansier. Die muse is ’n half-geklede vrou wat wag om geïnterpreteer te word deur hom en sy verbeelding. Die beeld van die muse is ver verwyderd van ’n ‘regte vrou’ wat na kinders omsien, kos maak of ’n kwilt aanmekaar stik. Die vrou, in vergelyking met die man, is haar eie muse.[169]

Die kreatiwiteit wat vroue uitleef deur middel van briewe skryf, kwiltwerk doen of kosmaak word nie geag as werklike kuns nie. Bradley verduidelik dat die onderliggende metafoor van vroulike kreatiwiteit is dat vroue besef dat hulle in die kreatiewe proses vrylaat, anders as die man wat kuns wil vasvang.[170] In die derde hoofstuk verduidelik ek vroulike kreatiwiteit en hoe dit vereenselwig word met die preservering van die menslike bestaan. Bradley se verduideliking van vroulike kreatiwiteit wat die kreatiewe proses wil vrylaat heg tot die preservering van die mensdom. Dikwels is die produk van vroulike kreatiwiteit ’n ervaring wat met ander gedeel word en ander trek voordeel uit haar kreatiwiteit. Die manlike kunstenaar maak sy kuns vir sy eie gewin en geniet dan die finansiering en bewondering wat daarop volg. Vroue se kreatiewe werke word nie erken nie, want selfs hulle hou dit uit die publieke oog.

Vroue het hul kuns beoefen in die private sfeer, in die kantlyne (margins). Kopie- en patentereg is een manier waarop kuns vasgevang word en vroue in die kantlyne hou van kreatiewe ontwikkeling. Raadhika Gupta spreek haarself uit teenoor kopiereg aangesien dit

[169] Bradley (1989) 3.
[170] Bradley (1989) 4.



© University of Pretoria

gemarginaliseerde groepe se kreatiewe werke nie in ag neem nie en dit beperkte invloede het op kunswerke waarmee vroue hulself identifiseer soos kosmaak, brei en kwilt.[171]

Alhoewel die reëls van kopiereg voorgee om neutraal te wees, bevorder hulle slegs formele gelykheid en nie substantiewe gelykheid nie.[172] Kopiereg het ŉ sterk patriargale invloed weens die beklemtoning van die individu, individuele outonomie en die self – verantwoordelikheid vir die man se kreatiewe werk. Manlike kuns is dikwels in ŉ oorlog – dit is kompeterend en daarom is daar altyd ŉ geveg om die bedreigende medekunstenaar te oorwin. Olsen het verwys na dualismes wat geheg is aan geslagte: In die geval van kopiereg word manlike eienskappe soos segregasie, outonomie, werk as ŉ handelsartikel, erkenning en rasionele kennis beklemtoon. [173] Gupta stel voor dat die reg wat kreatiewe werke beheer ŉ feministiese herkonstruksie moet ondergaan. Vroue is meer mededeelsaam met hul kreatiewe werke en hul fokus lê op die gemeenskap en onderhandeling. Vroue benader nie hulle werk as ŉ ekonomiese eindproduk nie, maar eerder as ŉ kunswerk wat uit liefde, omgee en toewyding bestaan.[174] Gupta ondersteun Bradley se argument dat vroue die kreatiewe proses vrylaat deur aan te dui dat vroue ontken dat daar ŉ geïsoleerde outeurskap is aan elke kreatiewe werk. Vroue erken dat kreatiewe werke ontstaan uit die invloede van jou tyd, jou gemeenskap en jou verlede. ŉ Feministiese benadering tot kreatiewe werke sal meer gemeenskaps-georiënteerd wees en werke sou gedeel eerder as vasgevang word in die outeurskap van die eie ek. Hierdie benadering tot die kreatiewe werk is van toepassing op die vrou se benadering tot regte of konflik – dit is alles deel van ŉ relasionele feminisme wat glo daarin om te sorg, te deel en almal deel te maak van die kreatiewe proses.

Alhoewel hierdie ideaal van Gupta waardig is, moet mens steeds in ag neem dat kopiereg sowel as patente-reg altyd ŉ sterk patriargale invloed sal hê. Uitvinding sal altyd gebonde wees aan konkrete reëls en regulasies om presies dit genoem te word: uitvindings. My argument is dat vroue moet wegbeweeg van die manlike konstruksie van kreatiewe

---

[171] Gupta (2011) 67-82.
[172] Gupta (2011) 70.
[173] Gupta (2011) 76-77.
[174] Gupta (2011) 77.



© University of Pretoria

werke.[175] Vroue sal waarskynlik 'n gemarginaliseerde groep bly en moet voortgaan om soos vantevore hulself in die kantlyn van die patriargale sisteem uit te druk waar hulle kreatiewe vryheid gevind het.

Hierdie kantlyn kan daarom nou verder omskryf word in 'n vroulike kreatiewe sfeer. Dit sal 'n sfeer wees buite die verstrengeling van die private en publieke sfeer en uit die geveg van die manlike kunstenaars. Dit is 'n heromskepping van die kantlyn in 'n sikliese tyd wat ooreenstemmend is met die ritme van die vroulike kreatiwiteit.

### f. Gevolgtrekking

Vroulike kreatiwiteit benodig 'n sfeer waarin dit vrylik uitgebeeld kan word. Hierdie hoofstuk begin deur te verduidelik hoe vroue hulself teenwoordig gemaak het in die publieke en private sfeer. In die eerste fase van die feministiese beweging het vroue hulself geplaas in die publieke sfeer en het dus as individue uit die huis getree in die publiek in. In die tweede fase het hulle private kwessies uitgedaag in die publiek en hierdie verskuiwing van beide die private en publieke sfeer het die verstrengeling van sfere tot gevol gehad op 'n feministiese manier. Maar sfere bestaan nie net op hul eie nie – alle sfere word gekenmerk deur die tipe tyd wat hulle definieer en vir daardie rede word Kristeva se uiteensetting van vroue in verskillende tydstippe aangedui. Tyd en sfere het 'n nou en ingewikkelde band en die een kan nie verander sonder dat dit die ander een beïnvloed nie. Dus toe daar 'n verskuiwing in die publieke en private sfeer veroorsaak is deur die feministiese beweging het daar 'n verandering in tyd ook plaasgevind. Die sikliese tyd van vroue is ingesluit in liniêre, patriargale tyd. Mettertyd is daar 'n oorvleueling van die verskillende tipe tyd van vroue tot vroue in die patriargale sisteem. Vroue het altyd tweede viool gespeel in die hiërargie van die patriargale sisteem teenoor die man. Sy het verskeie strategieë ontwikkel, in terme van seksualisering en hiërargie, om haarself te vestig in die patriargale sisteem. Hierdie strategieë het ontwikkel in dieselfde mate as wat die drie fases van die feministiese beweging ontwikkel het. Daar is dus 'n noue interaksie tussen die fases van die feministiese beweging, die verskillende tyd waarin vroue hulself bevind het en die strategieë wat hulle ontwikkel het om erkenning te kry in die patriargale sisteem wat met behulp van die reg

[175] Bradley (1989) 6.



© University of Pretoria

behoue gebly het. Die reg het dikwels vroue belemmer om uit die private sfeer te kom en hulself te verteenwoordig in die publieke sfeer. Terselfdertyd het die reg nie vroue beskerm in die private sfeer nie en onderdrukking het plaasgevind.

Deur die loop van die bespreking van Kristeva, Olsen en Taub en Schneider kom die woorde 'vroulike ervaring' voor. Hierdie 'vroulike ervaring' word in meer detail uiteengesit in Gilligan se teorie van 'ethics of care'. Die teorie beaam dat sorg en menseverhoudinge die grondslag uitmaak van hoe die vrou konflik benader. Alhoewel die teorie gekritiseer word omrede dit geslagsongelykheid ondersteun, word hierdie teorie gebruik met Young se verduideliking ( in hoofstuk drie) hoe die vrou se bewaring van haar tuiste, die behoud van kultuur moontlik maak. Die vroue se sorg van haar tuiste kan ook omskryf word in haar kreatiewe werk.

Die vrou benodig ŉ sfeer waarin haar kreatiewe werk kan plaasvind en waarin dit erken sal word. Voor hierdie sfeer kan ontwikkel, is die tradisionele betekenis van die private sfeer uiteengesit. In die onderskeidelike sfere kom arbeid, werk en aksie voor. Arbeid is ŉ aktiwiteit wat lewensprosesse onderhou en word gekonnekteer aan die private sfeer – dit het ŉ sterk konneksie met die sikliese tyd van vroue. Werk is iets wat ŉ eindproduk skep en word verbind aan die private sfeer – dit oorwin natuur sodat die mens verseker kan wees oor sy permanente vestiging op aarde. Aksie sit iets in beweging en moet in die publieke sfeer plaasvind, alhoewel dit vroulike kenmerke het soos geboorte en die verbetering van verhoudings (dit is ŉ kenmerk van die vroulike moraliteit in Gilligan se 'ethics of care').

Die verskil tussen die private en die publieke sfeer is dat die private sfeer bedoel is om die menslike spesie te laat voortleef. Geboorte, eet, sorg en dood is aktiwiteite van die huishoudelike sfeer. Gelykheid en vryheid het floreer in die publieke sfeer, terwyl ongelykheid en onderdrukking verbonde is aan die private sfeer. Die verdwyning van die publieke sfeer is veroorsaak deur die verskuiwing van ekonomie vanuit die private sfeer na die publieke sfeer. Alle tipe 'tradisionele rolle' se verskuiwings het veroorsaak dat die grense tussen die publieke en private sfeer verbrokkel – vroue se teenwoordigheid in die publieke sfeer is een voorbeeld. Die publieke sfeer sou egter nie die sfeer wees waarin ŉ vrou haar kreatiewe sfeer kan laat ontwikkel nie, as gevolg van die ontkenning van vroulike



© University of Pretoria

kreatiwiteit deur ŉ manlike standaard en weens die feit dat die publieke sfeer verbeeldingloos is. Daar is enkele individue wat dit moontlik gemaak het om hulle private en publieke sfeer te laat verbind om hulle kreatiewe nood te vul en sy is Varnhagen. Haar private sfeer is omskep in ŉ publieke salon waar verskeie klasse kon saamkom. Die aktiwiteite van hierdie salon is ook dualisties van aard – persoonlike briewe is in die publiek uitgelees, of intieme gesprekke het ontstaan in ŉ publieke bespreking.

Die verstrengeling van sfere het veroorsaak dat aksie en spraak oral moontlik is en die enigste plek waar dit tradisioneel steeds ontstaan het is in die vorm van ŉ kunswerk. Die manlike kunstenaar se kuns het dieselfde uniekheid gehad as aksie en spraak in die tyd van die *polis*. Waar dit verskil van tradisionele aksie en spraak is die feit dat die kunswerk meer uniek is as die kunstenaar en dus is dit nie ŉ verlenging van die kunstenaar nie, maar ŉ individue op sy eie. Dit het veroorsaak dat die patriargie nie kan begryp hoe vroulike kreatiwiteit kan bestaan nie – vroulike kreatiwiteit word as huiswerk geag. Die patriargie onderskat en ontken die vroulike kreatiwiteit, as gevolg van die reëls wat hulle neergelê het oor hoe kreatiewe werk geïnterpreteer moet word. Hierdie reëls word verleng na beleid oor onderrig en dus gaan kreatiwiteit verlore want dit word vasgelê in ŉ beleid en is dus verbeeldingloos. Dieselfde benadering word gevolg in regsontwikkeling waarop uitgebrei word in hoofstuk vier.

Vroulike kreatiwiteit lei dikwels tot gemeenskapsbevordering. Dit is ook ŉ eienskap wat toegeskryf kan word aan die vrou en haar sorg (ethics of care). Vroue pas hulle kreatiwiteit toe in die kantlyne, buite bereik van kopiereg en dus moet die kantlyn ontwikkel word vir verdere erkenning van vroulike kreatiwiteit. Dit baat vroue nie om ŉ plek te bevestig in die patriargale sisteem en erkenning te verwag nie, want die standaard wat daar bestaan hou slegs vir mans voordeel in. In die kantlyne kan ŉ sfeer verbeel word om haar kreatiwiteit uit te leef. Die kantlyn is dikwels die huis waarin die vrou woon en die konsep van huis sal verder ondersoek word in die volgende hoofstuk.



© University of Pretoria

## 3. Hoofstuk Drie: Die vrou en tuiste

### a. Inleiding

In hoofstuk twee het ek bespreek in watter tyd ruimte en tyd die vrou haarself bevind – in ommegang met die reg. Ek het die tradisionele betekenis van die publieke en private sfeer ondersoek, sowel as die verstrengeling van beide hierdie sfere. Die vrou se kreatiwiteit is nie erken volgens haar terme nie, weens die feit dat dit altyd teen 'n manlike kunstenaar se standaard vergelyk is. Die reg het altyd die patriargale sisteem gehelp om die vrou te onderdruk. Voor die eerste fase van die feministiese beweging in die 1920's is die vrou beperk tot die private sfeer – die sfeer van die huis. Dus het hierdie ruimte en die vrou 'n dualistiese verhouding – aan die een kant is dit 'n ruimte wat geassosieer word met onderdrukking. Aan die ander kant, is dit 'n ruimte waarin die vrou haarself gereeld bevind en moet daar 'n gemaklike verhouding wees met die private ruimte en haarself. 'n Eienskap van die private ruimte is dat dit gemarginaliseer is. Ek het in die vorige hoofstuk bespreek hoe die vrou haar kreatiwiteit moet uitleef in hierdie gemarginaliseerde ruimtes. Die vrou se tuiste is een van hierdie ruimtes en dus sal ek ondersoek instel oor hoe hierdie ruimte herskryf kan word in 'n ruimte wat voordeel kan hou vir die vrou en haar kreatiwiteit. Deurlopend sal ek verwys na die vroulike ervaring van hierdie ruimte as een wat benader word met sorg, soos beskryf in die vorige hoofstuk as 'ethics of care'.[176] Ek beoog om in hierdie hoofstuk te oorweeg watter rol speel die huis tradisioneel in die vrou se bestaan en hoe hierdie rol herbedink of herinterpreteer kan word.

Die belangrikste aspek van hierdie hoofstuk is om die tuiste van die vroue anders te omskryf as die tradisionele betekenis. Tradisioneel word huishoudelike take verbind met die huis – sinnelose take wat nooit ophou nie. Maar hierdie versorging van die huis kan omskryf word in terme van bewaring. Iris Marion Young verduidelik hierdie tipe bewaring in die konteks van die huis.[177] Die bewaring van 'n tuiste lei tot die bewaring van 'n kultuur, taal en geskiedenis. Die grondslag van bewaring is sorg. Gilligan se teorie van sorg speel 'n kardinale rol in bewaring.[178] Die vrou se aanvoeling vir sorg word verleng tot die goedere in haar huis

---

[176] Sien in die algemeen Gilligan C (1982) *In a different voice: Psychological theory and women's development*.
[177] Young (1997) 134-164.
[178] Sien in die algemeen Gilligan C (1982) *In a different voice: Psychological theory and women's development* – die teorie oor 'ethics of care'.



© University of Pretoria

wat haar storie en die storie van haar familie vertel. ʼn Vrou benader ʼn tuiste anders as ʼn man. Young verduidelik hoe die man ʼn huis sal benader en hoe die vrou haar tuiste sal benader.[179] Die manier hoe die vrou ʼn huis benader sou selfs beskryf kon word as ʼn verlenging van haar persoonlikheid. Soos haar fisiese ruimte groei in grootte en in goedere, so ook groei sy in ontwikkeling en identiteit van die vrou. Behalwe vir die sorg van die tuiste is bewaring ook moontlik met die neem, ontwikkeling en rangskikking van fotos. Gillian Rose beskou hierdie ommegang met fotos as ʼn vorm van kreatiewe werk wat vroue doen wat weereens nie erken word nie, omrede dit te ʻhuislik' is.[180] Die tradisionele benadering van wat fotografie ʼn kuns maak, is daardie foto's wat meer objektief is as daardie foto's wat lyk of dit by die huis geneem is – die alledaagse maak nie kuns nie, slegs die uitsonderlike. Rose verduidelik dat daar baie dualismes is wat aan foto's gekoppel word en dus het dit ʼn band met die dualismes van die vrou – dit kan privaat of publiek wees.

Die privaat-publiek onderskeid word ook gebruik in die bespreking van hoe die patriargale sisteem verkragting gebruik het om die vroue uit die publieke-politiese sfeer te hou. Louise du Toit gebruik die werk van Antjie Krog om aan te dui hoe vroue as a-politiese wesens beskou is, wat beperk is tot die private sfeer.[181] Die beperking tot die private sfeer het vroue sonder ʼn subjektiewe identiteit gelaat. Hierdie identiteit se terugkeer sal wel moontlik wees as die woord ʻtuiste' geherkonstrueer word na ʼn werkwoord eerder as ʼn selfstandige naamwoord. Du Toit se werk is van belang vir hierdie skripsie weens die feit dat dit aandui in watter rigting tuiste geherdefinieer word om soveel as moontlik voordeel vir die vrou en haar kreatiwiteit in te hou.

In die vorige hoofstuk het ek na die vroulike ervaring en hoe die vroulike kreatiwiteit nie vergelyk moet word teen ʼn manlike standaard nie gekyk. Rose gebruik hierdie konsep van die vroulike ervaring en verbind dit met die verhouding wat vroue het met tyd en geografie. Rose kritiseer hoe die patriargale sisteem die vrou as identiteitsloos identifiseer. Daar is ʼn ooreenkoms met die werk van Du Toit wat daarop aandring dat die afwesigheid van die vrou se subjektiewe identiteit lei tot die onderdrukking in die private sfeer en Rose se kritiek teen die geslagsneutrale mens. Hierdie geslagsneutrale mens hou meer voordeel in vir die

[179] Young (1997) 134-164.
[180] Rose ( 2010)*Doing family photography : The domestic, the public and the politics of sentiment* 1.
[181] Du Toit (2007) 185.



© University of Pretoria

patriargie as vir die vrou, weens die feit dat die geslagsneutrale mens eintlik die man voorstel en die oorbodige geslagsneutrale mense die vrou voorstel.

Ek het reeds aangedui in die vorige hoofstuk met die gebruik van Kristeva se werk dat die vrou ʼn sterk band het met die sikliese tyd van natuur.[182] Omdat vroue verbonde is tot natuur, hanteer die patriargie vroue dieselfde as natuur –ʼn verhouding wat gebaseer is op jag en oorwinning. Hierdie dui aan dat die vrou ʼn moeilike pad gestap het met die minimale erkenning van haarself en haar identiteit. Die vrou word konstant oorweldig met die patriargale sisteem wat haar tyd, ruimte en identiteit binnedring, maar steeds is die vroulike ervaring en kennis nie beskikbaar vir die patriargie nie. Rose moedig die vrou aan om in ʼn alternatiewe ruimte vir haarself ʼn ruimte te soek.[183] Ek beskou daardie alternatiewe ruimte as die ruimte wat in die kantlyne sal ontwikkel. Die kantlyne sal nie ʼn ruimte wees waar haar kreatiewe werk as huishoudelike werk beskou sal word nie. Die kantlyne hou voordeel in vir vroue veral op die beperking tot fisiese ruimte. Die kreatiewe sfeer hoef nie ʼn fisiese sfeer te wees nie – dit is ʼn sfeer wat verbeelding vereis en het daarom nie dieselfde beperkinge as die private en publieke sfeer nie. Die sfeer sonder fisiese beperkinge of fisiese ruimte sal een wees wat nie oorgeneem kan word deur die patriargie nie.

Verder in hierdie hoofstuk sal ek kyk na verskeie vroue wat die beperkinge van die patriargie uitdaag met hulle vroulike huishoudelike kreatiwiteit – die eerste vrou is Penelope. Die storie van Penelope verduidelik hoe die vrou haar sikliese tyd, soos deur Kristeva beskyf, kan gebruik tot haar voordeel om ʼn ruimte te skep in die tyd van patriargie. Sy weef en ontweef haarself in ʼn vroulike ruimte wat geen man kan binnedring nie, weens die feit dat die weefkamer die vrou se plek is waarin hy haar onderdruk het. Penelope kan haarself slegs in hierdie ruimte hou weens die sterk band wat gevorm word tussen haar en die ander vrou – haar tyd is ondeurdringbaar vir die patriargie.  Hierdie storie is van belang om aan te dui hoe vroue in die verlede hulself kon toeweef in hul eie spasie. ʼn Alternatiewe ruimte is nie heeltemal vreemd nie en sal dus moontlik wees vir vroue van vandag. Iets wat die vrou van vandag wel kan aanleer is om vriendskappe of verhoudings te bou met ander vroue.[184] Drucilla Cornell se uiteensetting word verduidelik aangaande die verdwyning van die

---

[182] Kristeva ( 1989) soos na verwys in hoofstuk 2,bl 13-16.
[183] Rose (1993) *Feminism and geography: The limits of geographical knowledge* 2.
[184] Dit is ironies dat Cornell vroue aanmoedig, terwyl volgens Gilligan se 'ethics of care' teorie aangedui word dat die vrou alles benader deur sorg met die doel om verhoudings te bou. Daardie etiek van sorg van die vrou het verdwyn as gevolg van die sentrale plek wat die heteroseksuele huwelik in vroue se lewens speel ten koste van ander vriendskappe en verhoudings.



© University of Pretoria

kameraadskap tussen vroue.[185] Met die ontwikkeling van die feministiese beweging is daar ʼn toename in vrouegroepe wat mekaar steun gebied het oor verskeie sake van die hart. Maar weens die vrees vir die verbrokkeling van die heteroseksuele huwelik, het vroue teruggekeer na die private sfeer waar hulle vir hulle families sorg. Vroue stimuleer nie hul eie behoeftes nie – slegs die van hulle families word na omgesien. Cornell verduidelik dat die vrou haarself moet terugeis deur haarself in ʼn ruimte te plaas waarin hulle nie hulle eie emosies hoef te privatiseer nie. Hierdie ruimte is Cornell se 'imaginary domain' en sal verder bespreek word in hoofstuk vier.[186]

Die kameraadskap van vroue en hulle deurlopende gesprek oor wat ʼn tuiste is en dat die afwesigheid van ʼn tuiste sal lei na ʼn diep ontwrigting van identiteit en kreatiwiteit word aangevoer deur Njabulo Ndebele.[187] In ʼn gesprek tussen die karakters in sy boek onderskei hulle tussen ʼn huis en ʼn tuiste en die feit dat ʼn tuiste ʼn plek is waar jy voel jy geanker is. Hierdie gesprek is waardevol, want dit kan aan verskeie teorieë verbind word wat alreeds bespreek is. Eerstens kan verwys word na Gilligan se 'ethics of care' en hoe vroue in ʼn gesprek, sorg teenoor mekaar bewys. Die vroue se herontdekking van ʼn land en die ruimte daarvan is baie na aan Young se teorie van dekonstruksie van tuiste en die aktiwiteite wat daarmee gepaard gaan. Die vier vroue het ook ʼn ander insig gegee op Rose se werk en hoe vroue van verskillende rasgroepe, dieselfde ruimte kan bekom en hoekom dit belangrik sal wees om ʼn ruimte te verbeel waarin vroue van alle ras- en kultuurgroepe hulself kan verbeel.

Die tweede vrou wat die patriargie uitgedaag het deur haar kreatiewe werk uit te druk in terme van huishoudelike aktiwiteite is die Meksikaanse non en kunstenaar – Suster Juana Inés de la Cruz. Deborah Weagel beskryf die Rooms-katolieke non se ommegang met die klooster as ʼn ideale sfeer vir vroue om hulle kreatiwiteit uit te leef.[188] Sy het die kombuis as die belangrikste vertrek geag want dit het haar kreatiewe skryf gestimuleer. Vir meeste vroue is die kombuis ʼn ruimte van onderdrukking, maar hierdie non het haar ruimte verbeel in ʼn ruimte waarin sy kon eksperimenteer, sodat haar algemene dagtaak van kosmaak, ' n kreatiewe werk word en selfs ook ander kreatiewe werke kan inspireer. Daar is ʼn verband

[185] Cornell D 'Musings –The solace of resonance' (2005)*Hypatia* 15-22.
[186] Sien in die algemeen Cornell (1995)*The imaginary domain*.
[187] Ndebele N (2003) *The cry of Winnie Mandela* 66 – 84.
[188] Weagel D 'Sor Juana Inés de la Cruz in seventeenth-century New Spain and finding a Room of one's own' (2005) 7:1 *CLC Web: Comparative Literature and Culture* 1-11.



© University of Pretoria

tussen die non en Penelope weens die feit dat ek hulle beide as motiverende gevallestudies kan gebruik om aan te dui hoe die vrou haar eie ruimte kan skep, met haar definisie van kreatiewe werke, in 'n patriargale sisteem.

Tot dusver is daar verwys na huishoudelike take wat die vorm van kunswerke kan aanneem. Ek gaan in hierdie hoofstuk spesifiek fokus op die kuns van kos en resepte. Ernst Wolff maak gebruik van Kant en die verduideliking van die duursaamheid van verskillende kuns.[189] Daar word dus aangedui in watter kategorie hierdie tipe huishoudelike taak as kunswerk val. Maar, behalwe vir die klassifikasie van kos as kuns is dit noodsaaklik om te besef dat kosmaak en die skryf van resepte, 'n intieme verhouding het. Deur resepte te skryf is daar ommegang met literatuur en kos. Wanneer die vrou resepte neerskryf in haar taal en notas langsaan haar resepte skryf, skep sy 'n kultuur, 'n taal en 'n familieband tussen haar en die vroue na haar wat dieselfde resepteboek sal gebruik.

Die tuiste van die vrou en haar aktiwiteite waarmee sy omgaan is belangrik, sodat daar bepaal kan word tot watter mate sy haar eie kreatiewe ruimte kan skep.

### b. Die verhouding tussen vrou en tuiste

In hierdie afdeling word die balans tussen die vroue en haar bewaring van kultuur en identiteit ontleed in terme van tuiste. Die verhouding tussen die vrou en haar tuiste of woning is 'n ongemaklike een. Soos aangedui in die vorige hoofstuk is sy meestal beperk tot die private sfeer wat meestal haar huis is. Dog het sy vanaf die tweede siklus in die feministiese beweging begin veg teen die ongelykheid van die private, huishoudelike sfeer. In die huidige era, bestaan dieselfde dualisme wat die vorige generasies geskep het: aan die een kant neem huishoudelike misdaad toe (veral in Suid-Afrika) en is die huishoudelike sfeer steeds 'n onderdrukte sfeer.[190] Sy is 'n kluisenaar wat die voeding en koestering van die manlike lede moet verseker. Aan die anderkant is daar positiewe kenmerke aan 'n huis

[189] Wolff (2006) 291-304.

[190] Victims of crimes Survey November 2011 4( http://www.statssa.gov.za/publications/P0341/P03412011.pdf): Die statistiek het aangedui dat meeste vroue aan fisiese aanranding of aanranding van 'n fisiese aard onderwerp is in die huishouding, die tipe vorme van geweld word nie voldoende gerapporteer nie: 29.9% van alle aanrandingsake is deur iemand wat in die gemeenskap is, gedoen; 20.9% deur 'n eggenoot of lewensmaat. 35.7% van alle aanrandings gebeur by die huis en 29.8% van alle seksuele oortredings gebeur by die huis, 18.5% gebeur in iemand anders se huis.



© University of Pretoria

verbonde vir die vrou – dit is ŉ'n plek waar jou identiteit lê, jou veilig en gemaklik laat voel en waarheen jy vriende en familie nooi vir samesyn. Dit is ŉ ruimte waar geweld en onderdrukking kan plaasvind, sowel as verbouing van ŉ identiteit en vriendskaplike samesyn. Iris Marion Young verwys na die gevoel van die huis as ŉ spanning: aan die een kant is dit ŉ ruimte waar die vrou haar kinders en mans bedien, sorg en onderhou sodat hulle vertroue in hul subjektiewe self kan vind om in die wêreld ŉ naam te maak – alles ten koste van die vrou se identiteit en subjektiwiteit. Aan die ander kant, is daar unieke waardes wat geheg kan word aan die huis wat bevrydende potensiaal kan ontlok.[191]

Young begin haar argument deur van Martin Heidegger te gebruik wat aandui dat 'dwelling' (woning) die mens se manier is van bestaan.[192] Bou en bewoon loop in ŉ sirkelverhouding met mekaar. Ons bewoon ŉ plek deur onsself in ŉ huis te plaas waarin al ons aktiwiteite voorkom. Bouery het twee aspekte: Bewaring/instandhouding en konstruksie. Heidegger beklemtoon konstruksie aangesien dit lei tot die eindproduk wat bewaar moet word. Bewaring/instandhouding het teenoor konstruksie, geen eindproduk nie en dus word geargumenteer dat niks gemaak of vervaardig word nie.[193] Die mens bevestig ŉ identiteit in geskiedenis deur te bou – dit gee subjektiwiteit aan die mens. Indien bou lei tot identiteit en mans meestal die geslag is wat bou, blyk dit dat vroue identiteitsloos is aangesien bouery en boubedryf meestal deur mans bedryf word. Indien bou die wêreld bevestig en aan ŉ persoon subjektiwiteit verleen, dan is diegene wat nie bou nie, minderbevoorreg. Vroue word meestal uitgesluit uit bou-aktiwiteite, maar speel ŉ prominente rol in die bewaring/instandhouding van geboue, daar kan dus geslagsrolle gekoppel word aan die twee aspekte: bou is tradisioneel manlik en bewaring/instandhouding is vroulik.

Young toon aan dat Luce Irigaray hierdie argument verder vat en dat die man ŉ huis vir homself bou, geskoei op die fondasie van ŉ vrou wat natuurlike voeding van natuur verteenwoordig.[194] Vir die man is sy huis soos ŉ baarmoeder – hy kom uit die donker, na die dag waar lig verteenwoordig is, maar waarheen hy kan terugkeer vir beskerming en voeding. Die verlies wat die mensdom lei met die skeiding van die baarmoeder is ŉ gebeurtenis wat die man in ŉ patriargale sisteem nooit verwerk nie. Hy probeer eerder terugkeer na die huis met ŉ vrou wat ŉ voorstelling is vir sy verlore baarmoeder en sodoende bou hy ŉ fisiese

[191] Young *(*1997) 134.
[192] Young (1997) 136.
[193] Soos bo.
[194] Young (1998) 138.



© University of Pretoria

woning wat die verlore baarmoeder voorstel. Die man se geboude huis is die simbool van die baarmoeder en hy kan daarin skuil soos hy in sy moeder se baarmoeder geskuil het. Deur te bou, projekteer die man homself uitwaarts na objektiewe werke waarteen hy kan reflekteer. Hy is die onderwerp wat bevestig word deur te bou en die vrou word geobjektifiseer deur die materiaal te word waarteen die man reflekteer, sowel as bou. Sy subjektiwiteit word bevestig deur haar, op twee maniere: Sy is die oorsprong van sy kreatiwiteit en die produk waarin hy gereflekteer word.[195]

Die man se begeerte om terug te keer na die verlore huis is nostalgie. Die terugkeer is onmoontlik weens die feit dat die skeiding te doen het met geboorte, dood en mortaliteit. Daar is 'n soeke na 'n simboliese plaasvervanger vir hul verlore huis en in die proses misluk hul daarin om vroue as individue met hul eie identiteite te sien. Die vrou se rol is om by die huis te wees deur by-die-huis te wees.[196] Wanneer die vrou by die huis is, het die man meer vrymoedigheid om uit te gaan in die wêreld en kreatief te wees, want hy weet hy kan terugkeer na haar gemak. Die vrou is sy muse, sowel as slaaf want sy inspireer sy kreatiwiteit en bedien hom terwyl hy rus. [197]

Young beweeg na die werk van Simone de Beauvoir en beskryf hoe huishoudelike take (take geassosieer met die behoud van lewe) nooit uitdrukkings van individualisme sal wees nie.[198] Die take word geklassifiseer as anoniem en algemeen en indien 'n mens se lewe slegs bestaan uit lewensbehoudende aktiwiteite, kan daardie persoon nie as 'n individuele onderwerp beskou word nie. Die huishoudelike take van vroue is beperk tot lewensbehoudende aktiwiteite wat bydra tot die gehalte van hul mans en kinders se lewens. Weereens sien ons die vrou en haar verlore subjektiwiteit soos deur Irigaray uitgewys. Huishoudelike werk bestaan uit sikliese tyd, 'n tyd met geen toekoms of oogmerke nie.[199] Young stem saam met de Beauvoir dat huishoudelike take nie 'n kreatiewe doel voor oë het nie, maar verskil in die opsig dat sy huishoudelike werke nie beperk tot die innerlike spektrum nie. Young beskou nie alle tuisteskepper-aktiwiteite (homemaking) as huishoudelike werk(housework) nie. Tuiste het 'n intieme verhouding met identiteit – dit is 'n persoonlike, ooglopende en fisiese ruimte.

---

195 Young(1997) 139; Rose (1993) 47 verwys ook na tuiste as 'n betekenisvolle plek met baie herinneringe en ervaringe – dit is 'n manier om weg te trek van die avonture wat die daaglikse lewe mee volhou.
196 Young (1997) 140.
197 Young (1997) 141.
198 Young (1997) 148.
199 Soos bo.



© University of Pretoria

### c. Definisie van tuiste(home)

Om tuiste(home) te definieer is ŉ moeilike taak (veral ten opsigte van tuiste se sinonieme soos huis en woning), maar Young gee twee kenmerke wat kan dien as ŉ begin: eerstens is tuiste, goedere wat aan my behoort –geplaas in ŉ posisie wat dien as ŉ verlenging van my liggaamlike gewoontes en roetines.[200] Tweedens, die goedere in die huis sowel as die fisiese ruimte dien as houers gevul met lae, persoonlike betekenisse wat my persoonlike narratief dra.[201] Die eerste kenmerk se waarde lê in die identiteit van die liggaam deur middel van beweging – hoe die liggaam beweeg in sy alledaagse aktiwiteite in verhouding met haar ruimte is ŉ indikasie van hoe identiteit gematerialiseer word. Die tweede kenmerk se waarde lê in die diepte van ornamente waarmee ons onsself omring en identifiseer. Ornamente dien as merkers vir sekere gebeurtenisse en dra by tot die narratiewe van ŉ persoon.

Identiteit is nie ŉ vaste kondisie nie, dit is ŉ proses. Met elke dag en jaar, groei ŉ persoon en dus ontwikkel sy identiteit en persoonlikheid. Tuiste, gesien as die materialisering van identiteit verhoed nie progressie en die groei van identiteit nie - dit dien as ŉ brug tussen die verlede en die toekoms.

Young stel voor dat mens slegs tuiste sal verstaan deur die dimensies van tyd en plek. Sy kritiseer de Beauvoir omdat de Beauvoir die onderdrukking van vroue toeskryf aan die afwesigheid van kreatiewe werk wat hul verrig.[202] In daardie opsig, volgens Young, is Arendt se onderskeid tussen werk en arbeid dieselfde as de Beauvoir se onderskeid tussen immanensie en die transendentale. Arbeid is lewensbehoudende aktiwiteite wat bestaan uit sikliese tyd en het geen opmerklike oomblikke nie. Werk, aan die ander kant, is die individualiserings-aktiwiteit en die eindprodukte is permanente, historiese voorwerpe. Na hierdie voorwerpe gemaak is deur die kunstenaar, moet die bewaring van daardie voorwerp begin.

Young gebruik Heidegger se bewaring/instandhouding en stel dit gelykstaande aan die huishoudelike take wat vroue aanpak om die voorwerpe en betekenis van die huis in stand

[200] Vir doeleindes van hierdie skripsie word die woord ‘tuiste’ verbind tot die vroulike en ‘huis’ tot die manlike. Terme soos woning word gebruik om objekte aan te toon eerder as om aan te toon aan watter geslag behoort die woord.
[201] Young (1997) 149-150.
[202] Young (1997) 152.



© University of Pretoria

te hou.[203] Die proses van bewaring verseker dat voorwerpe skoongemaak word en behoue bly, dit herinner aan gebeurtenisse wat die identiteit van 'n persoon laat ontwikkel, dit laat kultuur lewe deur stories wat aan kinders vertel word, dit gee mense konteks aan hul lewens, individualiseer hulle geskiedenis, gee hulle items waarmee hulle 'n toekoms kan bou en verskaf gemak.[204] Mens moet wel nie die fout begaan en dink dat bewaring/instandhouding lei tot 'n vaste identiteit nie – die bewaring van gebeurtenisse, objekte en interaksie word saamgeweef om gister en vandag se narratiewe-web te vorm. Die integrasie van oud en nuut lei tot 'n mens se lewensverhaal. Om die konsep van bewaring/instandhouding te waardeer, moet daar onderskeid getref word tussen bewaring/instandhouding met die doel om 'n herinnering te onthou of 'n identiteit te onthou en die fisiese werk wat behels dat jy moet voed en skoonmaak. Daar is verwarring tussen die twee aangesien beide op dieselfde tyd gebeur – 'n ma maak 'n tradisionele resep om haar kinders te voed, tog hou sy haar kultuur lewendig in 'n moderne samelewing.[205]Volgens Young, verskil 'bewaring' van 'nostalgie', omdat bewaring herinnering behels teenoor nostalgie wat verlange en terugkeer aandui.[206] Nostalgie behels die terugkeer na 'n plek wat nie in die huidige tyd is nie, na 'n tyd toe omstandighede beter of anders is. Bewaring/instandhouding is die herinnering wat aandui hoe ons tot hier gekom het.

In 'n moderne samelewing word bewaring/instandhouding en huishoudelike take nie net beperk tot vroue nie. Hierdie fenomeen kan verduidelik word deur gelykheidsbepalinge in die arbeidswette, wat gelei het tot beter salarisse vir vroue sowel as meer werksgeleenthede. Buiten hierdie feit, het meeste van die vroue huishoudelike take verrig en duur dit steeds voort dat die meerderheid van vroue huishoudelike werk doen. Young erken dat hierdie geslagtelike onderskeiding van arbeidsrolle bydra tot die onderdrukking van die vrou, maar wys daarop dat bewaring/instandhouding nodig is in 'n moderne samelewing. Alhoewel moderne samelewing min waarde heg aan die tipe werk, behou dit hulle identiteit en verseker dit geskiedkundige kontinuïteit.[207] Om ware substantiewe gelykheid te bereik (ten opsigte van dat feit dat vroue steeds subjekloos bly, terwyl sy die man se identiteit preserveer) moet die private en publieke werk van bewaring

[203] Soos bo.
[204] Young (1997) 153.
[205] Young (1997) 154.
[206] Soos bo .
[207] Young (1997) 156.



© University of Pretoria

gedekonstruktueer word, sowel as die herkonstruktuering van geslagsrolle met betrekking tot bewaringsaktiwiteite.

Young gebruik bell hooks se argument dat tuiste ʼn positiewe betekenis vir feministe kan hê weens die feit dat ʼn tuiste, ʼn verset of weerstand kan bied teen sosiale en dominante strukture. Om hierdie weerstand te kan bied, moet daar ʼn ruimte of ʼn sfeer wees, buite bereik van daardie sosiale strukture waar menswaardige menseverhoudinge geleef en verbeel kan word.[208] Hierdie waardes van die mens kan opgedeel in word in vier normatiewe waardes wat Young voorstel elke tuiste moet hê: die eerste waarde is sekuriteit/veiligheid – dit is ʼn ideaal om na te streef dat elke huis veiligheid vir iemand beteken.[209] Die tweede waarde is individualisme – mense kort ʼn private ruimte waar hulle al hulle goedere kan uitpak in ʼnʼn manier wat hulle identiteit reflekteer. Hul tuiste moet die spieël wees waarin hul hul herinneringe kan sien.[210] Die derde waarde is privaatheid en elke persoon moet kan kontroleer wie beheer en toegang tot haar goedere kan kry en watter private inligting sy met hulle hoef te deel.[211] Die finale waarde is bewaring en dit behels dat jou tuiste ʼn ruimte kan wees waarin die mens haarself kan konstrueer en herkonstruktueer vir ʼn individuele, sowel as kollektiewe en gemeenskaplike identiteit.[212] In die volgende gedeelte, gaan ʼn alternatiewe manier van bewaring verduidelik word naamlik familiefotos. Hierdie vorm van ‘huishoudelike kuns’ wat nie as sulks erken word nie, beeld duidelik herinnering en identiteit visueel uit.

### d. Bewaring deur fotos

Een metode van bewaring of instandhouding is die neem, ontwikkeling en rangskikking van foto’s. Foto’s is ʼn voorwerp wat verskeie dualismes voorstel: Dit kan beide persoonlik en onpersoonlik wees, dit besit private en publieke eienskappe al sou dit geplaas word in enige van die sfere of die verstrengeling daarvan. Dit gee ʼn voorstelling van die hede en die verlede. Dit kan jou vertel van ʼn kultuur, ʼn geloof, ʼn rede verduidelik ,ʼn lewenstyl voorstel of dit kan geen boodskap oordra nie (behalwe vir die persoon aan wie hierdie foto behoort). Gillian Rose brei uit oor hierdie fenomeen van foto’s en hoe veral tydens die Londense en

[208] Young (1997) 159.
[209] Young (1997) 161.
[210] Young (1997) 162.
[211] Soos bo.
[212] Young (1997) 163.



© University of Pretoria

Amerikaanse bomaanvalle foto's op die straat is van mense wat geliefdes verloor het. Hierdie foto's (wat aanvanklik persoonlik en privaat van aard is) word vertoon op die straat (wat meestal gekoppel word aan die publieke sfeer) as 'n simbool van hoop, verlange, desperaatheid of herinnering.[213]

Rose verduidelik dat die boek geïnspireer is deur die feit dat sy 'n baba gekry het 6 maande voor die tyd en sy het verskriklik baie tyd spandeer om foto's te neem en te rangskik in albums. Haar man het haar nie gehelp nie al het hy van die foto's geneem en dit het haar na verskeie vroue se huise geneem om hulle te ondervra oor hoekom hulle foto's neem en so baie tyd spandeer daaraan om die foto's te rangskik.[214] Rose verduidelik dat familiefoto's baie min aandag geniet in die kunswêreld, weens die feit dat dit geassosieër word met die huishoudelike. Rose gebruik die werk van Griselda Pollock om te verduidelik dat kuns wat in die tuiste gemaak is nie gesien word as kuns nie, want kuns word nie gemaak in die 'huis' nie – dit word gemaak in 'n kunsateljee waar daar 'n afstand is tussen die kuns en huishoudelike pligte.[215] Alhoewel die huishoudelike pligte nooit deelmaak van enige familiefoto's nie, is die huishoudelike pligte 'n belangrike deel daarvan om dit te preserveer.

Die bewaring behels dat die uitgedrukte foto's geraam word, geplaas word in die huis en dan word dit soos die res van die voorwerpe in die huis afgestof en onderhou. Foto's is nie net deel van die proses van bewaring nie, maar dit bevestig ook huishoudelike ruimte. Rose verduidelik dat wanneer foto's in 'n huis gerangskik word, verander dit 'n huis na 'n tuiste, weens die familiariteit van die foto's. Met die ophang van foto's verander die dop na 'n huislike sfeer en ruimte – die herinneringe van samesyn word weer herleef.[216] Sy verduidelik dat daar sekere objekte is wat baie belandrik is vir die vervaardiging van 'n tuiste – hierdie objekte is deel van die transformasie om 'n onpersoonlike ruimte te verander na 'n plek van emosie, herinnering wat terug weergalm in die stem van 'n tuiste.[217] Foto's behels ook 'n tweeledige eienskap, weens die feit dat dit herinneringe van beide die verlede sowel as die hede voorstel. Daar is 'n dualisme gekoppel aan fotos: Aan die een kant stel dit samesyn voor, maar kan ook op afwesigheid, verlies en eensaamheid aandui.[218] Die integrasie van

[213] Rose (2010) 1.
[214] Soos bo.
[215] Rose (2010) 5.
[216] Rose (2010) 41-42.
[217] Rose (2010) 45.
[218] Rose (2010) 46.



© University of Pretoria

familiefotos het beide 'n tyd en ruimtelike fasset, maar tog verteenwoordig dit in beide tyd en in ruimte, teenwoordigheid en afwesigheid.[219]

Vroue bring hulle dualistiesekaraktereienskappe na hulle tuiste en in die tuiste self gaan baie dualismes ook gepaard met tyd en ruimte. Soos ek in die vorige hoofstuk verduidelik het, word vroue geag om deel te wees van sikliese tyd. Sikliese tyd is dan ook die tyd waarin die tuiste verkeer.[220] Objekte soos foto's verteenwoordig beide die hede en verlede in een ruimte. Die toekoms kan ook voorspel word met die analisering van die familiefoto's. Dit beteken dus dat een ruimte, drie verskillende tyd stipulasies kan voortbring. Hierdie is een manier hoe om sikliese ruimte te skep – 'n ruimte waarin slegs die vrou kan intree en uittree op haar tyd. Hierdie ruimte kan ook omskryf word in die kreatiewe sfeer. Die sikliese tyd word meer in diepte verduidelik in die storie hieronder oor Penelope die wewer.[221]

Toe Rose verder ondersoek instel oor hoekom slegs vroue die moeite doen om hierdie herinneringe in die vorm van foto's in stand te hou deur dit te ontwikkel en te raam, het sy tot die volgende drie gevolgtrekkings gekom: Die versiering van die huis word oorweldigend beskou as 'n 'vroulike werk' ( of dit kan argumenteer word in hierdie skripsie dat dit 'n soort kunswerk is wat weereens nie as 'kuns' beskou word nie, vanweë die huishoudelike aard daarvan) en om die huis te versier met foto's is deel van binnehuisversiering. Rose wil eerder hê dat hierdie punt gesien word as die vrou wat die persoon is wat 'n skuiling of 'n woonplek, kan omskep in 'n tuiste.[222]

Die tweede rede hoekom vroue foto's preserveer is weens die rede dat hulle familiale samesyn wil bewaar en verseker en die gesinne wat langs mekaar staan is die simboliek daarvan.

Die laaste rede vir vroue se foto-bewaring is om die subjektiwiteit te bedink wat hulle moederlike beeld sal bepaal.[223] Vroue en hul ommegang met foto's van hulle kinders en familie is 'n weerspieëling van hoe hulle hulself as ma's sien of hoe hulle hulself sou wou sien as 'n ma.

---

[219] Rose (2010) 48
[220] Hoofstuk 2,bl 13-16 soos verduidelik deur Kristeva (1989).
[221] Onder vanaf 66.
[222] Rose (2010) 58.
[223] Soos bo.



© University of Pretoria

### e. Buite die politiese sfeer

Behalwe vir die waardes waarna gestreef moet word in die private sfeer van die tuiste, moet vroue ook ingesluit word in die publieke, of altans politieke sfeer. Louise du Toit verduidelik dat vroue nie ten volle ingesluit of uitgesluit is in politiese arena nie, maar ŉ posisie op die kantlyn het wat vroue a-polities hou.[224] Volgens Du Toit moet daar ŉ radikale disrupsie wees in die politiese struktuur (die grense sowel as die middel) voordat vroue ingesluit kan word.[225]

Alhoewel ŉ publieke sfeer bespreking vreemd voorkom in ŉ hoofstuk wat gaan oor die herdefiniering van tuiste, dra Du Toit se bespreking oor die uitsluiting van die vrou uit die publieke sfeer by tot die definisie van die woord 'tuiste'. Die semantiek van die woord bevraagteken sowel die betekenis as die doel wat dit dien. Daar is moontlik plek vir ontwikkeling om hierdie selfstandige naamwoord in ŉ werkwoord in te verander en dan sodoende die publieke sfeer omver te werp met veranderinge wat in die publieke sfeer aangebring is.[226]

ŉ Metode om vroue uit die publieke sfeer te hou is verkragting. Du Toit verwys na Antjie Krog se werk oor die Waarheid - en Versoeningskommissie (WVK), *Country of my skull,* waaruit dit blyk dat beide kante van Apartheid( die wat dit probeer behou het sowel as diegene wat teen dit geveg het), in die vorige dispensasie vroue verkrag het en as ŉ oorlogswapen teen die ander party gebruik het.[227] Die uitgangspunt is dat vroue nie mag deelneem in die politiek arena nie en dat hulle by die huis moes bly om ŉ tuiste skep vir hulle mans om na terug te keer. Tydens die WVK se verhore is daar nie ŉ platform geskep waar vroue aangehoor kon word nie dus is daar ŉ herhaling van die gevoel dat verkragting uit die politiese sfeer gehou moet word – dit is ŉ saak wat 'intern' en in die private sfeer hanteer moet word. ŉ Ware vrou se plek is by die huis besig met die versorging van haar kinders – sy is ŉ a-politiese figuur teenoor die militaristiese vrou, wat as sleg bestempel word – 'you are irresponsible, you are a whore, you are fat and ugly, or single and thirty and you are looking for a man.'[228] Die verantwoordelike vrou het nie ŉ onafhanklik, volisse politieke identiteit gehad nie en het slegs ŉ ondersteunende, sekondêre rol vervul

[224] Du Toit (2007) 185.
[225] Du Toit (2007) 187.
[226] Du Toit (2007) 207.
[227] Sien in die algemeen Krog A (2000) *Country of my skull* soos gebruik deur Du Toit (2007) 192.
[228] Krog(1998) soos aangehaal deur Du Toit (2007)194.



© University of Pretoria

gekenmerk deur kwaliteite van ʼn private en seksuele aard. Die enigste manier hoe ʼn vrou as ʼn politiese agent kon beskou word is om haar seksualiteit aan die 'regte' politiese agente, naamlik mans, beskikbaar te stel.[229] Na die manlike, politieke agente hul heldhaftige reis aangepak het en terugkeer het na hul tuiste, vind daar versoening plaas. Du Toit stel versoening gelyk aan nostalgie soos verwys deur Young – die verlangende terugkering.[230] Die tuiste word gekenmerk as stilstaande, staties, tydloos – die raamwerk vir elke reis – en word geplaas buite die manlike tyd. Alle belangrike gebeure vind plaas in liniêre, manlike tyd en die stilstaande tuiste word die basis waarteen alle manlike prestasies gemeet word. Verkragting behou dus die onderskeid tussen die privaat-seksuele sfeer en die publiek-politiese sfeer deur die vrou te straf wat deel vorm van die publiek-politiese sfeer. Verkragting is nie privaat of publiek nie – dit is beide, dit bewaar die grense van beide sfere.

Daar sal slegs ʼn radikale breek wees in die politiese sfeer, as vroue op hulle eie terme in die publieke sfeer gehoor word. Hulle moet erken word as individue aan wie gelykheid toegeken moet word in beide die private en publieke sfeer. Hulle seksualiteit moet ook onderskei word van die seksualiteit van die patriargie, sowel as die seksualiteit van mekaar – alle vroue het nie ʼn universele gevoel ten opsigte van hulle seksualiteit nie.

Spesifiek verkragting word genoem aangesien verkragting vroue in die private sfeer hou, buite die politiese-publieke sfeer deur gewelddadige seksualisering van vroulike identiteit.[231]

In die lig van vroue wat ʼn tuiste skep vir mans (as die spieël waarteen mans se kreatiwiteit gereflekteer word sowel as die materiaal waarvan hy die huis bou) vra Du Toit die vraag of daar ʼn huis is waarin vroue kan tuis voel. Indien mans uit die prentjie gehaal word, is daar ʼn ruimte waarna vroue kan beweeg of word hulle gesien as huislose wesens?[232] Voordat vroue mans kan ontmoet op ʼn platform waar beide gelyk is en daar seksuele onderskeid is, moet vroue ʼn simboliese of fisiese woning hê waaruit hulle kan stap, tot op die platform. Vroue benodig ʼn sterk, subjektiewe identiteit om mans te ontmoet op ʼn gelyke basis en hiervoor gebruik Du Toit die werk van Young (soos bo aangedui).[233] Du Toit gebruik Young se herkonstuering van tuiste – waar identiteit ontwikkel deur die instandhouding van vroue.

[229] Du Toit (2007) 194.
[230] Du Toit (2007) 202.
[231] Du Toit (2007) 205.
[232] Du Toit (2007) 206.
[233] Du Toit (2007) 207.



© University of Pretoria

Tuiste moet gesien word as 'n werkwoord (eerder as 'n selfstandige naamwoord) – 'n kreatiewe, bewegende, kritiese arbeid. As dit gesien word as 'n werkwoord, word dit geassosieer met 'n aaneenlopende, kreatiewe en transformerende proses om 'n identiteit te bou wat gekoppel is aan herinneringe en 'n narratiewe lewe. Du Toit stem saam met Young dat daar kritiek uitgespreek moet teen diegene wat tuiste beskryf as stabiel, permanent en vroulik, aangesien dit die tuiste daarvan weerhou om as 'n transformerende sfeer gesien te word waar kreatiwiteit kan floreer.

Die tuiste is nie 'n stagnerende ruimte nie – dit is 'n ruimte waarin die vrou haarself bevind en dus beïnvloed die ruimte en die vrou mekaar. Die vrou se tyd is siklies en biologies wat teen 'n konstante vloei en ritme beweeg en hierdie eienskap kan ook oorgedra word na die tuiste. Daar is beweging in die tuiste – geboorte, groei en lewe sowel as die bewaring van hierdie leeftyd. Enige kreatiewe werk van die vrou sal dus hierdie kenmerk aanneem – dit is 'n transformerende fase op 'n fisiese en 'n emosionele vlak en dus bevorder dit die verhoudings en die kreatiewe werke wat daaruit kom.

Hierdie hoofstuk het tot dusver 'n sterk ommegang gehad met die vrou en haar tuiste. In die volgende gedeelte word die vrou se ruimte in konteks van landskap en geografie geplaas. Geografie en landskap moet nie beskou word as publieke ruimtes vir doeleinde van hierdie skripsie nie. Hierdie ruimtes word ook ondersoek as moontlike ruimtes waarin die vrou haar kreatiewe sfeer kan bevestig. Hierdie kreatiewe sfeer kan as 'n derde ruimte beskou word vir die ontwikkeling van die vrou en haar kreatiwiteit

### f. Die vrou en landskap

Gillian Rose is 'n feministiese geograaf wat haar kommer uitspreek oor die patriargale beheer wat uitgeoefen word in geografie. Dit is 'n veld wat meestal deur mans gedomineer word aangesien hulle die meeste skryf. Die akademiese werke van mans teenoor die van vroue word verkies.[234] Die uitslutiting van vroulike geograwe gebeur op een van twee maniere: eerstens word dit beskou dat manlike temas volledig en uitgeput is en daarom kan niemand verder bydra tot hierdie temas nie. Tweedens, word vroue uitgesluit uit die area

[234] Rose (1993) 2-4.



© University of Pretoria

van spesifiek geografie, omdat daar aangeneem word dat vroue nie in hierdie veld sal belangstel nie (omrede dit 'n 'manlike beroep' is).[235]

Rose verduidelike dat enige ruimte waarin die vrou haarself bevind, vir haar belangrik is.[236] Selfs die mees alledaagse aktiwiteite kan vroue beperk, want die patriargale gemeenskap verwag van vroue om op 'n sekere manier om te gaan met hulle dag en sekere aktiwiteite uit te voer. As gevolg van hierdie denkwyse het baie vroue in geografie die konsep van tyd-geografie toegepas op hulle werk.[237] Die Tyd-Geografie diagram, soos geïnterpreteer deur Törsten Hägerstrand, wys hoe mense met hulle daaglikse roete omgaan as 'n drie-dimensionele kapsule. Hierdie diagramme neem in ag faktore wat mense beperk soos byvoorbeeld die feit dat mense moet slaap en eet,dat verskillende mense verskillende gedragspatrone toon, die feit dat sekere areas verbode is, die tipe vervoermiddele wat beskikbaar is ensovoorts. Hierdie diagramme is 'n uitbeelding van hoe die samelewing voortplant, sosialiseer, die effek van as verskeie persone se paaie die heeltyd kruis en die projekte wat daarmee gepaard gaan op verskeie tydelike en ruimtelike areas. Baie vroulike geograwe het hierdie diagramme gebruik omdat vroue se werk meestal omgaan met werk wat buite die invloedryke wêreld van mans is. Hierdie diagram volg die pad van vroue, die alledaagse roetine met klein detail daaraan geheg wat nie veel betekenis het vir die 'groot' geleenthede van die manlike wêreld nie. Alhoewel hierdie diagram vanuit eerste oogopslag voordeel inhou vir feministise skrywers, kritiseer Rose die feit dat die menslike figure wat voorgestel word geen spesifieke identiteit het nie. Vroue word geassosieer met natuur en lyflikheid. Hierdie nie-spesifieke mens is 'n model wat meer voordeel inhou vir die patriargale uitbeelding van hulself. Rose gebruik die werk van de Beauvoir wat daarop aandui dat die manlike lyf die absolute menslike lyf is.[238] Die oorbodige dele van die liggaam behoort aan die vrou. Rose verwys dan ook na die private-publieke onderskeid en hoe die patriargie vroue definieer afhangende van watter sfeer hulle inneem – indien 'n vrou die private sfeer binnegaan word sy die besitting van die man en kan hy haar leed aandoen in

[235] Soos bo; Dieselfde paradigma word gevolg in die veld van regte – sien Smart (1989) ; Taub en Schneider Women's (1998)-soos bespreek in hoofstuk 2.
[236] Rose (1993) 17.
[237] Rose (1993) 21.
[238] Rose (1993) 32.



© University of Pretoria

die vorm van aanranding. As sy haarself blootstel aan die publieke sfeer, dan behoort sy aan niemand nie en enige leed wat haar toekom, het sy verdien.[239]
Vir Rose is daar nie 'n teoretiese ruimte of diagram wat enige voordeel kan inhou vir die vrou nie. Enige ruimte word geskep om soveel as moontlik voordeel in te hou vir die manlike geslag.[240]

### g. Die dualisme van manlik/vroulik, kultuur/natuur

In die vorige hoofstuk het ek verwys na hoe Kristeva die tyd van vroue verbind met die sikliese of die biologiese tyd van natuur. Volgens Olsen gaan sekere dualismes met manlikheid en vroulikheid gepaard, veral met betrekking tot die reg.[241] Vanuit die perspektief van die reg gaan hierdie dualismes verder geneem word, na die dualismes wat betrekking het tot die ruimte van die huis of die ruimte van die landskap. Die mees prominente van hierdie dualismes is dat natuur geassosieer word met vroulikheid en kultuur geassosieer word met manlikheid[242] Rose gebruik die woorde van de Beauvoir: 'man finds again in woman bright stars and dreamy moon, the light of the sun, the shade of the grottoes: and conversely, the wild flowers of thickets, the proud garden rose are women.'[243] Die gevolge van hierdie dualisme is dat vroue hanteer word soos wat natuur hanteer word. Omdat mans die kans gegun is om die wêreld te ondersoek en wilde natuur uit te roei en 'n beskawing voort te bring, is daar 'n natuurlike instink om natuur te tem en alles wat daarmee gepaard gaan. Die natuur, soos vroue, word gejag, geobjektifiseer en oorgeneem.[244] Rose verduidelik dat vroue bevoordeel is met hierdie band wat hulle met die natuur het, selfs al het dit hulle in 'n patriargale samelewing benadeel. Vroue wat ma's word is die tussenganger vir hulle eie gesinne en natuur. Die gesamentlike ervaring van alle ma's het vir vroue 'n uitgebreide kennis gegee wat nie toeganklik is vir die patriargie nie.[245]

---

[239] Rose (1993) 35.
[240] Soos bo.
[241] Hoofstuk 2 bl 16 soos verduidelik deur Olsen (1998) 7-8.
[242] Rose (1993) 68; Die rede hoekom vroue met dienatuur geassosieer word is weens die feit dat hulle geboorte kan skenk wat hulle 'n direkte band gee met natuur ; die storie van Eva in die Tuin van Eden wat die appel van die slang afneem is ook deel van die geskiedenis.
[243] Soos bo.
[244] Rose (1993) 70.
[245] Rose (1993) 79.



© University of Pretoria

### i. 'n Alternatiewe ruimte

Rose wil 'n alternatiewe ruimte ondersoek wat verby die uitsluitings van die manlike sfere gaan.[246] Die rede hoekom sy uit die patriargale sfere wil beweeg is omdat vroue slegs oor feminisme kan praat van buite die patriargale sfeer, wat altyd alreeds, vroue uitsluit. Rose verduidelik dat die huis as entiteit, die ekonomiese en politiese funksies verloor het as gevolg van die produktiwiteit wat 'n kapitalistiese aanslag geneem het.[247] Toe die huishouding sy ekonomiese en politiese funksies verloor het, is dit slegs gekenmerk aan die rol van voortplanting. Die status van die vrou het verminder – waar sy voorheen die middelpunt is om te verseker dat verwantskapsbande gesmee moet word tussen families, het sy 'n plek geword waarheen werkers gaan om hulle nagrus te kry sodat hulle die volgende oggend weer met hulle werk kan voortgaan. Om terug te verwys na Arendt in die tweede hoofstuk – Arendt het ook verduidelik dat as gevolg van die feit dat ekonomiese aktiwiteite na die publieke sfeer geskuif het, het die verstrengeling van sfere plaasgevind. Ekonomie is tradisioneel aktiwiteite wat in die private sfeer plaasgevind het, maar het na die publieke sfeer verskuif omdat mense meer geïnteresseerd is in ruilhandel as die filosofie van ander. Selfs in daardie tyd, met die twee sfere wat apart is en toe verstrengel geraak het, het dit die vroue benadeel. Die min voordeel en aansien wat sy in die private sfeer gehad het, is verlore met die verstrengeling van die sfere.

Verder word daar geargumenteer dat dit nie natuurlik is vir die vrou om geassosieer te wees met die huishouding nie – dit is ideologies en is slegs die gevolgtrekking van historiese-geografiese veranderinge.[248] Ten spyte van hierdie skeiding tussen die sfere van voortplanting en vervaardiging, het hierdie twee sfere 'n baie intieme band. Daarna gebruik Rose die werk van Mackenzie en Rose wat aandui dat die definiëring van huis dit moontlik vir vroue gemaak het om weg te breek van die huishoudelike arbeid wat voortplanting, klere is, kos voorbereiding ensovoorts ingehou het.[249]

Hierdie skeiding wat plaasgevind het wat die man in die vervaardigingsfeer hou en die vrou in die voortplantingsfeer, het daartoe gelei dat vroue se werk altyd as sekondêr geag word. Die het ook ongelyke werksgeleenthede bevorder sowel as minder salarisse vir vroue. Rose

[246] Rose (1993) 111.
[247] Rose (1993) 118.
[248] Rose (1993) 119.
[249] Rose (1993) 120.



© University of Pretoria

argumenteer dat hierdie skeiding tussen werk en huis daartoe gelei het dat geograwe nie die huis as ŉ sosiale ligging in ag neem nie.[250] Sy verwys na studies wat die verskeie plekke wat vroue inneem en die uitdagings wat daarmee gepaard gaan bespreek. Eerstens verwys sy na die moeilikheid wat die vrou sal ervaar om toegang tot vervoer te verkry en hoe dit die algemene beweging tussen twee gebiede bemoeilik (veral vroue wat kinders het).[251] Vroue moes hulle grense uitdaag of heroorweeg in die lig van of hulle die luuksheid het van vervoer of nie. Rose verwys daarna dat stede gebou is om die man te vervoer en die vrou huisgebonde te hou.[252]

Rose verskaf ŉ goeie uiteensetting van die ongemaklike ruimtes waarin die vrou haarself bevind. Die Suid-Afrikaanse landskap het ook ongemaklike ruimtes – dit kan die ruimte wees wanneer ŉ vrou haarself van een dorp na ŉ ander vervoer of selfs ruimte tussen huis en werk. Hierdie ongemaklike ruimte is meer tasbaar voor 1994. Ndbele verwys na Marara Joyce Baloyi : 'Do you remember the experience of space, and the sense of distance and time through travel in the old days…In travelling from point A to point B, I remember not the pleasure of movement and anticipation; the pleasure of reflecting at the end of the journey, why the jouney is undertaken.'[253]

Vir baie vroue is die reis tussen twee plekke nog steeds problematies. Waar daar vroeër ŉ benoudheid is om te reis weens segregasie, heers daar nou ŉ benoudheid as gevolg van die toename van geweld. Vroue wat nie toegang het tot private motors nie, maak gebruik van publieke vervoer of hulle loop na hul eindpunt toe. Hierdie tipe vervoer maak hulle meer vatbaar om verkrag of aangerand te word.

Die tweede uitdaging met betrekking tot ruimte is dat dit beperk is tot ŉ spesifieke rasgroep. Vir wit vroue beteken die private sfeer iets anders as wat dit vir swart vroue beteken. Alhoewel die private sfeer dieselfde beteken as die huishoudelike sfeer vir sommige groepe, sal daar groepe wees wat die private sfeer beskou as ŉ ruimte wat hulle nie hoef te deel met iemand nie of wat nie deurdringbaar is deur ander individue nie. Vir daardie vroue sal die gemak van ŉ private huis ŉ hulpbron wees eerder as ŉ las van onderdrukking weens die feit dat hulle nie daar noodwendig onderdruk sal voel nie. [254] Vir

[250] Rose (1993) 121.
[251] Rose (1993) 123.
[252] Soos bo.
[253] Ndbele (2003) 68.
[254] Rose (1993) 126.



© University of Pretoria

hierdie rede kan die afleiding gemaak word dat tuiste nie ʼn universele definisie het nie, want dit beteken vir verskeie groepe verskillende dinge. Alhoewel hierdie skripsie ʼn definisie van tuiste voorstel, is die kreatiewe sfeer (waaroor meer uitgebrei sal word in hoofstuk 4) nie beperk tot enige fisiese ruimte of sfeer nie. ʼn Derde uitdaging is dat die private en publieke sfeer verstrengel geraak het ( soos reeds bespreek in hoofstuk twee) en dus word alles wat geassosieer is met die private sfeer gemarginaliseerd.[255] Rose wil dus die moontlikheid ondersoek van ʼn sfeer waar nie die minderheid of die meerderheid uitgesluit word nie – nie daardie mens wat dieselfde of anders is as dit wat gepas is vir die patriargale sisteem nie. Rose baseer haar model van verbeeldingsruimte op die werk van Teresa de Lauretis wat genoem word die 'subject of feminism'.[256] Hierdie verbeeldingsfeer is nie gestruktureer rondom die manlike beginsels van uitsluiting nie. Om hierdie beginsels te ontduik, moet daar buite die sfeer van manlike kennis gedink word – dit wil sê dat vroue verby geslagsverskille moet beweeg en eerder moet fokus op die verteenwoordiging van taal en kultuur. Dit moet ʼn intergeslagtelike ervaring wees oor verskeie rasse, klasse en seksuele ervaringe.[257]

Vir sommige vroue gaan hierdie ruimte of sfeer problematies wees, aangesien hulle met geen ruimte of sfeer geassosieer wil word nie. Daar is verskeie redes hiervoor: Eerstens kan dit wees omdat enige ruimte waarin hulle gegaan het, altyd beperkend van aard is. Vroue wil ook nie geassosieer word met ʼn ruimte weens die ongemak wat dit hulle laat veroorsaak byvoorbeeld dat sy nie swart of wit genoeg in ʼn sekere area is nie, dat sy haarself te veel of te min blootstel. As gevolg van die objektifisering van die vrou, beskou sy haarself as ʼn voorwerp wat geplaas word tussen ander voorwerpe in ʼn ruimte wat nie haar eie is nie.[258] Waar sy geplaas word, is daar oë wat haar aanstaar en dus word ruimtes geassosieer met gevaar en bedreiging.[259] Indien dit nie geassosieer word met gevaar nie, is daar die konstante deurdringing van die patriargie. Weens die geskiedenis van mans as koloniste, is daar geen ruimte wat moet oorstaan om deursoek en ontleed te word nie. Enige fisiese ruimte – geleë in die private, publieke of ʼn kombinasie van die twee – wat die patriargie wil

---

[255] Rose (1993) 131.
[256] Rose (1993) 137.
[257] Rose (1993) 138.
[258] Rose (1993) 144- 146.
[259] Soos bo.



© University of Pretoria

deurdring en binnedring, sal deurdring word. Hierdie sal gebeur ten spyte van die feit dat dit ten koste van die vrou en haar privaatheid is.[260]

Dit is om hierdie rede dat hierdie skripsie die skepping van die kreatiewe sfeer nie wil beperk tot ŉ fisiese ruimte nie, maar ŉ ruimte wat geskep is uit verbeelding. ŉ Fisiese ruimte ( byvoorbeeld ŉ kunskamer) skep die potensiaal om baie vroue uit te sluit, weens die feit dat hulle nie ŉ fisiese ruimte het om te omskep in ŉ kreatiewe sfeer nie.

In haar gevolgtrekking verwys Rose na bell hooks en haar argument aangaande hoe vroue ruimte moet herbedink en herverbeel sodat hulle vanuit sentrale en gemarginaliseerde posisies kan beweeg na ŉ posisie wat hulle hul eie posisie kan noem.[261] Hierdie ruimte moet veral verbeel word weg uit die aggressiewe natuur van die patriargale sisteem.

Die standaard van die patriargale sisteem is nie ŉ sisteem waarin die vrou sal erken word nie – veral nie haar kreatiewe werk nie. Daar is verskeie voorbeelde van hoe vroue alledaagse of huishoudelike aktiwiteite doen en vroulike kuns daarvan vorm.

### h. Vroulike Kreatiwiteit

Vroulike kreatiwiteit word anders benader as manlike kreatiwiteit. Rose het reeds uitgewys dat enige model wat as neutraal beskou word, eintlik bedoel is vir manlike gebruik. Die patriargie omskryf alles in neutrale terme, maar kritiseer daardie voorwerp vanuit ŉ patriargale benadering. Enige oorbodige en ‘ander’ tipe modelle moet op hulle eie terme gekritiseer word want hulle sal onregverdig benadeel word as hulle gekritiseer word op ŉ neutrale basis. In die volgende afdeling, word daar verduidelik hoe vroue hulle huishoudelike kuns kon laat lewe in ŉ alternatiewe ruimte ten spyte van die feit dat hulle in ŉ patriargale sisteem onderdruk is.

### i. Penelope – Die Wewer

Hierdie tipe sfeer, een wat kreatief en transformerend is, is te sien in die storie van Penelope soos geïnterpreteer deur Adriana Cavarero.[262] Penelope is ŉ wewer. Sy moet ŉ trourok weef, want sy moet met een van die mans trou wat haar gevra het om te trou.

[260] Rose (1993) 148.
[261] Rose (1993) 156.
[262] Cavarero (1995) 11-30.



© University of Pretoria

Desnieteenstaande weef sy die rok deur die dag en ontrafel dit weer in die aand en verleng sodoende haar tyd van afsondering. Deur haar afsondering, skep sy haar eie ruimte, haar eie sfeer waar sy aan haarself behoort en geen man se vrou is nie. In die konstante herhaling van weef en ontrafel, hou sy haarself buite die patriargale tyd van geskiedenis en heldhaftige, manlike gebeure. Sou sy trou met 'n ander man of sou haar man terugkeer van die oorlog (sy het hom twintig jaar gelede gesien), sal die tempo van haar weef en haar proses van ontrafeling verbreek word en haar afwykende, vroulike ruimte verdwyn. Cavarero vra of dit moontlik (haar afsonderlike ruimte) die rede is hoekom sy nie vir Odysseus erken as hy in die paleis binnekom nie.[263] Aanvanklik weet sy glad nie wie hy is nie, maar dan begin sy hom herken. Haar onvermoë om hom te erken suggereer 'n finale probeerslag om teenstand te bied teen haar terugkeer na 'n plek en tyd waar sy niemand se vrou is nie en haar eie ruimte kan weef en ontrafel buite patriargale tyd.

Alhoewel een van Penelope se moontlike galante vermoed het dat dit nie soveel jare kan neem om 'n rok te weef nie, kan hy haar nie daaroor konfronteer nie. Penelope se tyd is eindeloos en ondeurdringbaar en sy skep haar eie tyd waar sy behoort (buite die tempo van mans) in die weefkamer. Volgens die mans in haar lewe, is die vrou se plek nie tussen die woorde en mag van mans nie, maar in die weefkamer saam met die slavinne. Penelope bied geen teenstand om na die weefkamer gestuur te word nie, want sy weet sy kan haar eie, ondeurdringbare tyd weef en ontrafel. In die proses bly sy buite historiese tyd – 'n tyd waarin nuwe, onverwagte dinge gebeur, 'n tyd van aksie.[264] Hierdie historiese tyd is nie dieselfde tyd wat by die tuiste hoort nie. Die tuiste word gekenmerk deur die afwesigheid van aksie, dus word die vrou 'n rol, ruimte en tyd gegee geassosieer met minderwaardigheid en tekortkominge. Die rol gegee aan Penelope is een wat klere maak, behoeftes voorsien en versorging. Deur die linne wat sy moet weef, te ontrafel, vernietig sy die rol wat die patriargale simboliek aan haar toegeken het.[265] Sy vind haar eie plek in hierdie sikliese tyd waarheen Kristeva verwys in die vorige hoofstuk.[266] Kristeva se sikliese tyd het 'n oneindigheid – daar is geen begin en eindpunt nie en dit hardloop saam met die ritme van natuur. Penelope sit by haar weefmasjien en weef materiaal en ontrafel dit, weef dit weer

[263] Cavarero (1995) 13.
[264] Cavarero (1995) 15.
[265] Cavarero (1995) 16.
[266] Hoofstuk 2, bl 13-16 soos verduidelik deur Kristeva (1989) 4-5.



© University of Pretoria

en ontrafel dit. Sy kry nooit klaar nie, maar werk steeds aaneenlopend en daarom vermoed die patriargie nie haar slinkse plan om haarself te weerhou van trou nie.

Haar afsondering verskil van die tradisionele 'vrou se plek', omdat sy 'n sfeer vir haarself gemaak het waarin sy haarself kan wees. In hierdie ruimte behoort vroue ten volle aan hulself en Penelope word nie geraak deur gebeurtenisse nie. Haar tyd verskil van die tempo van mans se aksie en die tyd van vroulike verpligtinge. Indien mens Penelope se aksie meet teen die van 'n held, sou Penelope se tyd leeg wees en indien mens dit sou meet teen die standaarde van huishoudelike verpligtinge sou dit waardeloos wees. Hierdie sfeer wat Penelope skep moet aan haar eie standaarde gemeet word – wat 'n tyd sou kon aandui waar 'n vroulike ruimte ontwikkel het waar vroue aan hulself behoort.[267] Hierdie vroulike tyd is ondeurdringbaar vir die patriargale orde aangesien dit absurd en onvoorspelbaar is. Mans reserveer die hele wêreld vir hulself en gee vroue die hoek van die vuurherd. Indien hierdie hoekie 'n ruimte word wat ondeurdringbaar is vir die res van die wêreld is dit 'n vuurherd (of 'n sfeer) van haar eie.[268]

Penelope illustreer haar wysheid en vaardighede deur haar hele situasie te verstaan en te beheer. Tog, doen sy dit nie op 'n manlike en rasionele manier soos 'n Trojaanse perd nie – sy gebruik die vroulike ervaring van weef as haar eie teenstand. Sy bied haar weerstand tot al die mans om haar weg is, die mans wat haar wil trou, haar eie man en haar seun. Cavarero kan sien hoe Penelope en haar slavinne saam lag, weef en vertel hoe hulle die mans wat hulle wil trou, op 'n afstand gehou het. Hulle lag saam, omdat hulle ontdek het hoeveel plesier hulle daaruit geput het om saam met mekaar te werk en te dink.[269] Penelope onderskryf nataliteit en gewortel wees, eerder as dood en avontuur. Sy het saam met die ander vroue in die weefkamer 'n vroulike vryheid vir hulself geweef wat nie weer bedreig sal word nie.

Hierdie tipe band waarna Cavarero verwys – 'n ondersteunende band tussen vroue in 'n ruimte waar affiniteit en toewyding moontlik is, is een wat Drucilla Cornell vrees besig is om uit te sterf in ons samelewing.[270] Daar lê 'n gevaar daarin om die weë van die hart (ways of the heart) te privatiseer en emosies en verliese te beperk tot die binnekamer van die

[267] Cavarero (1995) 17.
[268] Cavarero (1995) 18.
[269] Cavarero (1995) 22.
[270] Cornell (2005) 215.



© University of Pretoria

vrou.[271] Emosionele en politiese kwessies is nog altyd bespreek in betekenisvolle, sosiale plekke en daardie plekke is besig om uit te sterf. Hierdie plekke het as ondersteuning gedien vir vroue – dit is meer as net ontmoetingsplekke, dit is soos om vir familie te gaan kuier.[272] Voor ’n era van vroulike ondersteuningsgroepe, is die vrou se plek een van eensaamheid. Sy is afgesonder in haar huis met haar mans en kinders waar sy gedryf is om haar heteroseksuele huwelik te behou ten koste van vriendskap. Vriendskap is op ’n afstand gehou weens die feit dat dit aandag sou aflei van die heteroseksuele huwelik en dit sou lei tot dit uiterste vorm van eensaamheid – om ’n ‘1950’s oujongnooi’ te wees.[273] Feminisme het platforms oopgemaak vir vroue om met mekaar te praat oor eensaamheid, isolasie en marginalisasie. Indien daar samesyn en gesprek is tussen vroue, kan ’n alternatiewe manier gevind word om vriendskappe te behou buite die private sfeer van die heteroseksuele huwelik en huis. Cornell pleit dat ons nie meer die weë van die hart moet privatiseer nie.[274] Sonder die verhouding met en herwaardering van mense in ondersteuning sal dit nie moontlik wees om jou ware self te ontdek nie. Ander vroue is die klankbord of die spieël waarteen vroue hulself raaksien en waardeer. Cornell het die term die ‘imaginary domain’ gedoop en verwys daarna deur aan te voer dat as vroue nie resonansie onder mekaar het nie, sal hulle nie hulself as persoon kan terugeis deur die ‘imaginary domain’ nie.[275]

Sy stel daarom die idee van affiniteit-groepe voor.[276] Buiten vir die feit dat hierdie groepe praktiese waarde het (veral in tye van politiese opstand) keer die groep dat die harte van die lede geprivatiseer word en verbreek dit die illusie dat elke vrou op haar eie kan regkom.

Wat is die sosiale uitwerking indien die teenoorgestelde gebeur? ’n Gevoel van ontworteling sal intree en vroue se identiteit sal verbrokkel met elke verplasing. Die strategie van konsentrasiekampe regoor die wêreld in verskille tye het neergekom op een doel – om ’n volk of nasie se moed te breek deur die identiteit te laat verdwyn wat hulle heg aan hul huis. Deur talle individue soos skape in een kraal te laat saamslaap, word hulle uniforme skape sonder ’n identiteit en sonder wilskrag om te veg. Njabulo Ndebele bespreek die term tuiste

[271] Cornell (2005) 217.
[272] Cornell (2005) 216.
[273] Cornell (2005) 218.
[274] Cornell (2005) 219.
[275] Soos bo. Die ‘Imaginary domain’ is ’n term wat voorstel dat die letterlike ruimte en psigiese ruimte nie met mekaar verwar moet word nie. Die mens se idee van vryheid is geheg aan die idee van die vernuwing van die verbeelding – dat die mens aanvaar dat sy is wie sy wil wees as ’n seksuele wese. Hierdie term is weergegee in Cornell(1995) 8.
[276] Cornell (2005) 220.



© University of Pretoria

en wat die effek is om heeltyd van daardie tuiste ontneem te word.[277] In *The Cry of Winnie Mandela* word vertel van vier vroue wat gereeld bymekaar kom om tee te drink en botterbroodjies te eet. Hulle besluit eendag dat hulle 'n hipotetiese gesprek met Winnie Mandela gaan voer. Al vier het een ding in gemeen – hulle lewe in huise waarin mans afwesig is. Een se man studeer oorsee, die ander se man is in ballingskap, een het getrek na 'n ander provinsie om daar te werk en die laaste man is afwesig in siel weens die feit dat hy verskeie buite-egtelike verhoudings het.

Die een karakter vra die vraag: Wat op aarde is 'n tuiste?[278] Sy kom tot die gevolgtrekking dat 'n tuiste 'n illusie is, 'n skynbeeld vir haar gemeenskap en vir haarself. Haar tuiste is 'n plek wat deur haar man geruïneer is, maar sy kan haar tuiste gebruik om die gemeenskap te flous dat alles in orde is. Deur die gemeenskap te flous, flous sy ook haarself en in die proses word niemand eintlik geflous nie. Volgens die karakter kan huis en tuiste nie dieselfde objek wees nie – 'n tuiste is altyd 'n huis, maar huis laat mens nie altyd tuis voel nie.[279] Wanneer twee of meer individue besef dat hulle van dieselfde stad of dorp afkom (en hul is verwyderd van daardie plek), word daar dadelike 'n gemeenskaplike identiteit en gemeenskap geskep tussen hulle. Liedere word gesing en joligheid bestaan wanneer die twee mense aan die einde van 'n jaar of 'n semester besef dat die tyd minder word, voordat hulle na hul tuisdorpe kan terugkeer. Indien daardie individue se tuiste verwyder word van hulle en hulle ontwrig word, kan daar nie verwag word dat daardie individue met hulle lewens voort kan gaan soos normaalweg nie. Op 'n stadium gaan die illusie van normaliteit verdwyn en woede sal intree. Na al die emosies, gaan die gevoel van ontworteling (rootlessness) intree.[280] Wanneer mens 'n tuiste het voel jy dat jy daar geplant is, dat jy daar wortel geskiet het en dat dit jou lewenstuin is. Die gevaar van vroue sonder 'n huis, sonder heenkome is dat daardie gevoel van ontworteling kan intree wat gekoppel is aan identiteit.

Die karakter verwys na 'n tydperk wanneer sy op 'n trein sou klim, met die onsekerheid of sy by haar eindbestemming sal uitkom. Dit het haar angstig gemaak en hoe langer sy die rit moes verduur, hoe meer angstig en verwyderd van tyd en ruimte het sy gevoel. Indien daar eens 'n tuiste is om na heen te gaan en daardie ruimte ontwrig word, verander dit 'n persoon se denkpatroon na een van kontrasterende uiterstes. Daardie denkpatrone vorm die

[277] Ndebele (2003) 66.
[278] Soos bo.
[279] Ndebele (2003) 67.
[280] Ndebele (2003) 69.



© University of Pretoria

karakter van 'n mens. Sonder die wortels van die tuiste wat balans en ewewig bied is daar geen manier om te bepaal watter rigting sal heers tussen kreatiwiteit en verwoesting nie.[281] Die vier vroue tree heeltyd in gesprek oor verskeie kwessies en hierdie intieme band lei tot 'n kameraadskap wat in meer as woorde uitgedruk word. Hulle weet elkeen dat die ander se mans ook op 'n manier afwesig is, maar in plaas daarvan om terug te keer na hulle huise en te wag vir die man wat moontlik nie gaan terugkeer nie, help hulle mekaar. Daar is 'n intieme sorg wat na vore tree – hierdie ommegang is deel van die vroulike ervaring wat elke verhouding met sorg benader soos Gilligan na verwys het.

Daar kan ook verwys word na Young en haar dekonstruksie van 'n nuwe betekenis van tuiste, asook Ndebele se karakter wat 'n land of 'n ruimte moet herontdek.[282] Ons kan na hierdie ruimte verwys as die vrou se tuiste. In hierdie tuiste kan die karakter haar verbeelding opnuut saamstel en die uiterstes van haar karakter versoen met mekaar. Sy word ook ongemaklik as sy dink dat haar tuiste meer is as haar familie wat daar bly, as hoeveelhede kamers en 'n blote gebou waarin sy van dag tot dag lewe, omrede sy die noodlot van intimiteit vrees.[283] Intimiteit is ook 'n toestand wat beide positief en negatief kan wees. Positief is hegte bande van liefde, familie verhoudinge en vriendskappe. Negatief kan onderdrukkend, mishandeling en beperkend wees. Die tuiste moet herbedink word na 'n positiewe sfeer en die eienskappe daaraan verbonde, soos intimiteit, sal sy plek vind in die dekonstruksie. Ndebele se karakters het in hul verbeelding in 'n gesprek getree met Winnie Mandela. Hierdie fiktiewe verhaal vertel van vier vroue wat in 'n ruimte 'n verbeeldingsgesprek voer. Daar vind 'ibandla lafazai' plaas – dit is 'n vergadering van vroue wat in hul verbeelding Winnie Mandela ontmoet.[284] Hierdie 'ibandla' word dus 'n verbeeldingsfeer wat die vroue vir hulself geskep het. In hierdie opsig is die idee van 'n derde verbeeldingsfeer nie 'n abstrak term nie, maar 'n konsep wat alreeds 'n oorsprong het in hierdie fiktiewe verhaal.

Ndbele se vier vroue kan ook baie insig verskaf an die werk van Rose. Rose het aangevoer dat die opvattings van ruimte, sfere en tuiste nie dieselfde ervaar word tussen swart en wit vroue nie. Hulle onderdrukking vind op twee maniere plaas: die swart vrou sal hunker na 'n huis, want alles wat sy het moet gedeel word met ander. Die wit vroue wil wegbreek uit die

[281] Ndebele (2003) 70.
[282] Ndebele (2003) 71.
[283] Soos bo.
[284] Ndebele (2003) 35.



© University of Pretoria

huis, omdat sy dit as onderdrukkend ervaar. Dit is om hierdie rede dat die konsep van die kreatiewe sfeer nie beperk is tot ŉ fisiese ruimte of plek nie. Virginia Woolf voer aan dat elke vrou 'a room of one's own' moet hê en ek onderskryf hierdie siening van haar. Die argument kan wel verder gevat word dat die kreatiewe sfeer minder beperkend en uitsluitend word vir diegene wat reeds gemarginaliseerd is.

### ii. Suster Juana Inés de la Cruz – die Kok

Suster Juana is ŉ non en Meksikaanse kunstenaar in die sewentiende eeu. Sy het in ŉ tyd gelewe waar patriargie gedomineer het en afdwaling van die Rooms-Katolieke kerk absoluut taboe is. Deborah Weagel beskryf hoe Juana in ŉ tyd van kreatiewe inperking dit vir haarself moontlik gemaak het om haar eie sfeer te vind waarin sy haarself kreatief kon uitdruk.[285] Sy is blootgestel aan drie ruimtes wat tot beskikking is vir vroue van daardie era : die huishoudelike lewe (sy het dit geïgnoreer as kind), die uitspattige hof (waarvan sy deel is tot sy besef het dat daar ŉ gevaar daarin lê om ŉ jong, slim en aantreklike vrou te wees sonder edele afkoms) en die monargie. Vir doeleindes van my skripsie wil ek die klooster en die ideale vroulike sfeer met mekaar verbind. Weagel gee drie eienskappe aan die klooster: dit is ŉ affiniteits-groep van vroue se sfere, die borgskap van sterk vroue wat almal literêre pogings ondersteun en ŉ groep vroulike lesers.[286]

Die kombuis is vir Juana ŉ baie belangrike kamer gewees. Sy het self voedsel voorberei en het ook resepte geskryf. Vir Juana is die kombuis nie ŉ kamer waarin mens slegs jou kos maak of lyf voed nie, maar dit is ŉ laboratorium wat deur ŉ vrou bestuur is met ŉ ondersoekende en nuuskierige verstand. Die aksie en kuns van kook het haar intellektueel gestimuleer.[287] Sy het selfs die stelling gemaak dat as Aristoteles meer maaltye voorberei het, hy baie meer sou kon skryf vanweë die intellektuele stimulasie wat kosmaak ŉ mens bied.[288] ŉ Konvensionele, tradisionele ruimte van die huis kan gesien word as ŉ ruimte vir kreatiwiteit – daar is verskeie kunswerke wat daaruit kom. Vroue het al eeue lank kreatiewe werke gemaak wat nooit deur ŉ patriargale samelewing as kunswerke gesien is nie. Dit sluit in resepte, naald- en breiwerk en briewe skryf. Vroue se plek is altyd ŉ gemeenskaplike een

[285] Weagel (2005) 1-11.
[286] Weagel (2005) 5.
[287] Soos bo.
[288] Soos bo.



© University of Pretoria

– hulle het soos Penelope en haar vriendinne saamgeweef of hulle moes 'n ruimte soos 'n sitkamer met hul susters en familie deel. Die tradisionele studeerkamer met die donker hout, die aardbol, die alfabetiese boekrak en die oorgrootte lessenaar is gesien as 'n kamer waarin die man verkeer – die man moet alleen gelaat word in stilte waar hy kreatief kan wees. Die tradisionele produkte van kreatiwiteit soos skilderye, beeldhou, skryf is buite die bereik van vroue en daar is steeds 'n tekort aan vroue in daardie areas. Maar die onkonvensionele produkte van kreatiwiteit soos die resep, die brief of die lappieskombers wat vroue al eeue beoefen, se beeld moet herkonstruktueer word in die patriargale samelewing om erken te word as vorms van kreatiwiteit. Vroulike kreatiwiteit geniet steeds nie soveel status soos manlike kreatiwiteit nie. Indien die vrou as kreatief gesien wil word, moet sy haarself uitdruk in manlike terme, byvoorbeeld deur beeldhou of skilder.

### i. Kos en resepte as kuns

Soos ek vroeër genoem het is een van die kunswerke wat vroue reeds jare beoefen en bemeester is om kos te maak. Dit sluit in die eksperimentering met resepte, die versiering van kos, die fisiese bak en die kuns om dan die voorbereide kos voor te sit. Ernst Wolff verduidelik dat die duursaamheid van kuns en die sintuie wat dit prikkel, tradisioneel as 'n behoorlike kunswerk gedefinieër is.[289] Wolff steun op Kant se uiteensetting van die hiërargie van kunste – spraakkunste is eerste, dan visuele en ander beeldende kunste.[290] Volgens Wolff stel Kant sig en gehoor bo reuk, voel en proe omdat dit nie estetiese smaak kan ontwikkel nie en dus is kookkuns nie werklik deel van suiwer kuns nie, omdat 'hy [Kant] sekere sintuie beperk tot die domein van suiwer spel met gevoelens.[291] Wolff verwys na Hegel se werk, *Inleiding tot lesings oor die estetika*, en daarin word kookkuns ook nie beskou as enige vorm van kuns nie.[292] Wolff vra dat daar op 'n alternatiewe manier gekyk moet word na die sintuie wat gebruik word om te eet weens die feit dat die mens se lyflike bestaan en bewussynslewe afhanklik is van die kos wat deur die sintuie ingeneem word. Daar is drie sintuie wat geheg is aan eet: reuk, smaak en voel. Wolff verwys na hierdie drie as die liggaamlike voorwaarde wat dit moontlik maak vir rede en bewussyn om te bestaan. In filosofie word rede bo die lyf geplaas, weens die feit dat die denkvermoë belangriker

289 Wolff (2006) 291-304.
290 Wolff (2006) 292.
291 Soos bo.
292 Wolff (2006) 293.



© University of Pretoria

beskou word as die volhoubaarheid van die lyf, maar tog kom rede en bewussyn, tot ŉ stilstand indien die lyf nie onderhou word nie.[293] Kos word verder as esteties bekou weens die eienskappe wat daaraan toegeken word: dit is 'objek van begeerte, van verbeelding, van waardering, van teleurstelling…'.[294] Dit is veral die eienskap van verbeelding wat dit ŉ kookkuns maak – dit word verwerk uit natuur en deur uitvoering en verbeelding gemaak tot ŉ kunsvorm.

Die tipe duursaamheid van kookkuns kan vergelyk word met dans, opera, toneel en musiek. Anders as beeldhou en skilder verskil die eindproduk van hierdie tipe kunsvorm elke keer as dit opgevoer of uitgebeeld word. Die patroon van die uitbeelding verskil van keer tot keer en verskil ook in terme van die interpretasie van die teks van oorsprong. Kookkuns is dieselfde – die resep dien as ŉ basis en verskeie interpretasie deur beproewing is ŉ realiteit. Dit deel ander subjektiewe kwaliteite van kuns weens die feit dat die lede 'gehoor' verskil ten opsigte van palet, ervaring in smake en eet tempo.[295] In die woorde van Wolff is '…kookkuns meer verbygaande as ander interpretatiewe kunsvorme.'[296]

Diegene wat kos nie as ŉ kuns beskou nie, beaam hulle argument deur uit te wys dat kos deel is van die basiese behoeftes van die mens en dat die lus vir kos nie verskil van ŉ dier se behoefte nie. Wolff verwys weereens daarna dat die ommegang met kos en verbeelding die menslik behoefte skei van die dierlike behoefte. Waar diere hulle kos in ŉ basiese vom inneem, gebruik die mens kreatiwiteit, tradisie, verbeelding en navorsing om hulle disse voor te berei.[297]Verder verbind kos verskeie sosiale netwerke met mekaar; kos is die middelpunt van die sosiale band sowel as die oordra van geskiedenis en tradisie.[298]

Die teks van kookkuns – die resepteboek kan (buiten vir briewe skryf) gesien word as ŉ medium waardeer vroue literêr verkeer. Dit is ook ŉ herinnering van die kultuur en erfenis waaraan ŉ vrou se identiteit gebonde is. Soos Young gestel het, deur bewaring/instandhouding sal ons ŉ ketting vorm wat ons sal lei tot ŉ toekoms. Deel van die huishoudelikheid van die tuiste en die kombuis is die boek waarin resepte uitgelê is. Resepte het hulle funksionele doel van kinders voer en gaste onthaal, maar elke vrou se kultuur en identiteit lê in die resepte wat sy kies en voorberei. Resepte wat van generasie tot generasie

---

[293] Soos bo.
[294] Wolff (2006) 196
[295] Wolff (2006) 299.
[296] Soos bo.
[297] Wolff (2006) 300.
[298] Woolf (2006) 301.



© University of Pretoria

oorgedra words, skep 'n siklus waarin hierdie verskillende generasies van vroue op een slag saam kan bestaan. Die verskeie generasie van vroue sal dikwels die sorg sien wat in daardie resepte geplaas word en dan met dieselfde sorg hul eie resepte benader. Dikwels dien 'n familie-resepteboek 'n dubbele doel as dagboek en resepteboek. Beide Antjie Krog, sowel as haar ma, Dot Serfontein het verwys na die ouma wat skrywers aangehaal het in haar resepteboek asof dit 'n dagboek is:

dalk
omdat sy Shelley uit klein fluweelboekies gelees het
en Keats tussen haar voorslagresepte aangehaal het[299]

### j. Gevolgtrekking

Die tuiste van die vrou is die ruimte waarin die vrou haarself verbind. Dit is 'n ruimte waarin sy haar kos maak, haar kinders grootmaak en 'n verlenging van haarself word. Hierdie ruimte wat meer uitmaak van die private sfeer, soos verduidelik deur Arendt, is die sfeer waarin lewensbehoudende prosesse plaasgevind het – geboorte, lewe en dood. Alle aspekte van die behoud van lewe het ook daar plaasgevind. Die versiering van die huis, die skoonmaak, kosmaak en klere maak is alles aspekte wat deel vorm van die behoud van lewe en hierdie is aktiwiteite wat deur die vrou geskep is. Hierdie hoofstuk het bewys dat die tuiste nie net beperk moet word tot die idee van die fisiese ruimte nie, maar dat die vroue dit in 'n ruimte verander waarin kultuur en aspekte van die menslike lewe gepreserveer word. Hierdie bewaring is nie nodig vir die behoud van lewe nie, maar ook vir die ontwikkeling van identiteit soos Ndbele se vroue karakters dit geïllustreer het. Identiteit word ontwikkel deur insluting – Rose illusteer hoe die patriargie die vrou as identiteitsloos laat en Du Toit steun die argument dat die vrou se subjektiewe identiteit onderdruk word en dus lei tot onderdrukking in die private sfeer. Indien die vrou oortuig word dat haar identiteit gekoppel word aan dit wat die patriargie voorstel, sal sy nie haar eie kreatiwiteit kan raak sien nie. Sy sal verder onderdruk word, want haar werke sal nooit voldoen aan die manlike standaard wat gestel is nie. Dit is dus vir daardie rede dat sy haar identiteit vind in die vroulike, sikliese tyd en 'n ruimte waar haar bewaring van haar tuiste, beskou word as 'n uitdrukking van haar kreatiwiteit.

[299] Antjie Krog aangehaal deur Viljoen L 'Antjie Krog en haar literêre moeders: Die werking van 'n vroulike tradisie in die Afrikaanse poësie' (2007) 44:2 *Tydskrif vir Letterkunde* 9.



© University of Pretoria

Een medium van bewaring is foto's. Foto's dien dieselfde doel as die salon van Varnhagen van die vorige hoofstuk: daar is publiek-privaat dualisme. Aan die een kant bied foto's ŉ private oomblik vir die persoon wat dit geneem het, maar tog word dit uitgestal in die huis en ten toon gestel aan die publiek wat dit ŉ baie publieke eienskap gee. Hierdie foto's is ook een medium waarin die vrou haar kreatiwiteit kan uitleef. Die kreatiewe werke van die vrou word nie erken in die patriargie nie en dikwels neem dit nie dieselfde vorm aan as die manlike kunstenaar se kuns nie, soos beskryf deur Bradley. Penelope die wewer, suster Juana die kok en Rose as ŉ fotograaf van familiefoto's is almal voorbeelde van vroue wat hulself kreatief toegepas het. Hulle kreatiewe werke is wel nie erken nie, as gevolg van die manlike standaard van kuns wat gestel is – Bradley en MacKinnon kritiseer die manlike standaard wat nie vir vroulike kreatiwiteit erken nie.

Waar daar ŉ werklike ommekeer intree by die herinterpretasie van die tuiste is waar Du Toit se voorstelling van die huis as werkwoord gekombineer word met die sikliese tyd van Kristeva, sowel as die uiteensetting van werk, arbeid en aksie van Arendt. Du Toit stel voor dat die tuiste eerder interpreteer moet word as ŉ werkwoord, want dit sal die patriargale idee van die tuiste as ŉ stagnerende, rusplek waar onderdrukking verduur sal word op sy kop gooi. Taub en Schneider het aangedui hoe die reg, die patriargie help om die vrou onderdrukkend te hou in die tuiste en die private sfeer en dus sal hierdie ommekeer ook ŉ herverbeelding van die rol van die reg in die vrou se kreatiwiteit veroorsaak. Sodra die tuiste as ŉ werkwoord gesien kan word, sal die werke wat daaruit bestaan in ŉ ander lig benader kan word. Hierdie werke sal ŉ dualistiese natuur kry: dit sal beide werk en arbeid kan voorstel. Dit sal arbeid voorstel weens die sikliese natuur daarvan – kos word altyd gemaak, materiaal word konstant geweef, maar dit sal ook ŉ werk wees vanweë die bewaring van die lewe wat daarin betrokke is en omdat dit ŉ voetspoor van die mens se bestaan in geskiedenis laat. Arendt definieër werk as ŉ produk wat die mens permanent in die wêreld laat verskyn. Die bewaring van tuiste word dus as arbeid en as werk voorgestel – dit word aanhoudend verander in die sikliese tyd van die vrou. Haar tyd is die sikliese en biologiese tyd van die natuur en hierdie tyd word aangeneem deur die tuiste omrede daar ŉ nou band tussen die vrou en die tuiste is. Sikliese tyd word gekenmerk deur die ewigheid wat dit voorstel. Die tuiste is dus ŉ ruimte waar werk en arbeid plaasvind, dit is ŉ ruimte waar die bewaring van die mensdom op ŉ konstante basis plaasvind.



© University of Pretoria

Dit is ʼn plek waar kreatiewe werk geskep word, alhoewel hierdie werke nie erken word in die patriargale sisteem nie. Die patriargie erken nie die werke nie, want dit beperk die definisie van tuiste tot ʼn sfeer wat vir hulle voordeel inhou. Gupta stel voor dat erkeninng moet gebeur vir diegene wat in die kantlyne is – die gemarginaliseerdes. Die tuiste kan beskou word as ruimte waarin die gemarginaliseerde vrou haarself kan uitleef. Dit moet gesien word as ʼn ruimte buite die manlike tyd – ʼn ruimte wat opnuut gedefinieer kan word as die vrou se se ruimte wat voordeel kan inhou vir die vrou. Soos Rose dit stel, een rede vir die patriargie wat geografie en landskap oorgeneem het is, is die feit dat hulle glo daar kan nie meer teorieë ontwikkel word as die teorieë wat hulle ontwikkel het nie. Die patriargie kan hulself nie verbeel dat die tuiste voordeel kan inhou vir die vrou nie, want hierdie voordeel oorweeg nie die patriargie nie. Die voordeel kom in maniere voor wat onbekend is vir die manlike standaard. Dit is onbekend, want dit moet uit ʼn oogpunt van 'ethics of care' benader word. Gilligan se teorie kan deurlopend in hierdie hoofstuk gesien word. Die sorg kom voor in Young se bewaring van die tuiste en in Rose se sorg van foto's. Die behoud en belangrikheid van vriendskappe word ook uitgebeeld in die affiniteitsgroepe van Cornell, Penelope en haar slavinne, sowel as Ndebele se vier vroue. Die tuiste en en die vrou se ommegang daarmee, sowel as haar verhouding met ander vroue in die tuiste is een deurlopende siklus van sorg. Die bewaring van kultuur word deur kreatiewe werke aangepak en hierdie bewaring is gelykstaande aan die bewaring van verhoudings. Die manier hoe die vrou vir die tuiste, vir mekaar en vir hulle kreatiewe werk sorg is alreeds die basis vir ʼn derde, kreatiewe sfeer waarin die vrou haar kreatiwiteit kan uitbeeld en op haar terme erken sal word. Hierdie derde sfeer se ontstaan gaan ʼn uitdaging van die reg behels. Hierdie uitdaging gaan deur middel van die verbeelding gedoen word – verbeelding sal beide die reg en die sfere in ʼn nuwe lig voorstel. In die volgende hoofstuk word daar ondersoek ingestel hoe verbeelding sfere laat bestaan sowel as die reg in ʼn ander lig beskou.



© University of Pretoria

## 4. Hoofstuk vier: Die derde, kreatiewe sfeer

In die vorige hoofstuk het ek bespreek in watter sfeer die vrou vir haarself ŉ ruimte kan skep waarin sy kreatief kan wees. Die vrou bevind haarself in ommegang met die tuiste en dus neem sy elemente van die private sfeer aan, maar met die verstrengeling van die sfere, neem die tuiste beide aspekte van die private en die publieke sfeer aan. Die vrou bewaar die tuiste en hierdie bewaring dien ook as ruimte vir kreatiewe eksperimentering. Deur haar tuiste te bewaar, behou sy ook haar kultuur en identiteit. Hierdie bewaring word behou deur, wat beskou word as alledaagse take soos om foto's te neem. Die tradisionele betekenis van die tuiste kan slegs uitgedaag word indien die hele konsep, vanuit ŉ alternatiewe oogpunt benader word – die tuiste moet as ŉ werkwoord gesien word eerder as ŉ selfstandige naamwoord. Die tuiste kan dan slegs omskep word in ŉ lewendige ruimte waarin kreatiwiteit uitgeleef kan word. Hierdie alternatiewe ruimte kan uitgebrei word tot die ommegang wat die vrou met haar landskap het. Die vrou bevind haarself in ŉ landskap wat deur die patriargale sisteem gedefinieer word en dus moet die vrou landskap sowel as tuiste herbedink in ŉ ruimte wat vir haar voordeel inhou. In die vorige hoofstuk het ek voorbeelde gegee van twee vroue wat hulle tuiste en huishoudelike take herbedink het in aktiwiteite en ruimtes waarin hulle hul kreatiwiteit kan uitleef – Penelope en suster Juana. Die patriargie het beide van hierdie vroue beperk in ŉ onderdrukkende en private sfeer, maar met hulle kreatiewe werke soos wewery of kosmaak en die kameraadskap van ander vroue, het hulle die patriargie mislei. Hulle het die sfere waarin hulle beperk is, gebruik om hulle kreatiwiteit die lig te laat sien.  Ek het ook in hoofstuk drie aangedui dat mens nie alledaagse huishoudelike aktiwiteite beperk tot aktiwiteite wat nodig is vir basiese oorlewing nie – aktiwiteite soos kos en resepte het die vermoë om kreatiewe werke te wees.

In die hierdie hoofstuk, sal ek ondersoek instel na hoe die vrou haar tuiste deur middel van verbeelding kan omskep in ŉ sfeer waarin haar kreatiewe werk uitgeleef kan word en erkenning sal kry. Soos ek reeds in die tweede hoofstuk verduidelik het, is dit moontlik vir vroue om in aktiwiteite van die private en publieke sfeer te kan deelneem. Die probleem is dat hierdie deelname nie die versekering gee dat vroue se werk, en veral hulle kreatiewe werk erken sal word nie, omdat dit altyd vergelyk word met die manlike standaard. Die vrou



© University of Pretoria

het dus nie 'n sfeer waar sy in terme van haar eie kreatiewe terme erken kan word nie en dus moet daar 'n sfeer geskep word. Ek sal na hierdie sfeer verwys as die derde, kreatiewe sfeer. Ek gaan ondersoek instel na wat hierdie sfeer behels. Hierdie sfeer word ontwikkel buite die sfeer van die patriargale reg – dit word ontwikkel in 'n gemarginaliseerde posisie van die reg wat slegs bekombaar is deur die verbeelding. In hierdie hoofstuk sal ek verduidelik tot watter mate die verbeeldingsfeer regshervorming en die patriargie uitdaag.

Die eerste skrywer wat die idee van verbeelding in konteks sit is Ulrike Kistner en die kritiek wat sy lewer op die feit dat daar geen verbeelding is in die manier hoe die Suid-Afrikaanse samelewing benader word nie.[300] Elke sent in navorsing word bestee aan wetenskap en daar word geen finansiering gebied om die kondisie van die mens te ondersoek nie. Die afwesigheid van verbeelding word toegeskryf aan die feit dat beleid die reg en akademici beheer. Sy stel voor dat daar 'n ruimte moet wees waar kwessies vanuit 'n verbeeldings-oogpunt benader word en dat dit sodoende sal lei tot die feit dat die geesteswetenskappe 'n meer prominente rol in die mensdom speel.

Die reg is deel van die geesteswetenskaplike veld en daarom stel Marianne Constable voor dat die reg nie as 'n wetenskap benader moet word of 'n sisteem wat gedefinieër word deur beleid nie.[301]

Ek gebruik haar argument waarin sy Nietzsche gebruik het en waarsku dat die skynbare wêreld meer teenwoordig word weens die afwesigheid van verbeelding. Indien die regte ook verbeelding verloor en alle aspekte van die reg gemeet word in syfers en beleid, word geregtigheid ook omskryf in syfers en beleid. Hierdie proses van die reg as 'n blote beleid word veroorsaak deur die kodifikasie van alle regte en die verplasing van positivistiese reg as die grondslag van regte. Roger Berkowitz steun Constable se argument deur sy uiteensetting van die afwesigheid van die verbeelding en verduidelik die verskil tussen die natuurreg en die positivistiese reg deur die storie van Antigone.[302] Berkowitz tref hierdie onderskeid sodat hy kan uitbrei op die afwesigheid van regsinstink by regters. Die reg word

[300] Kistner U 'Unchaining the human of the humanities' (2012) 38:1 *Social Dynamics* 15.
[301] Constable ( 1994) 551- 590.
[302] Berkowitz R (2005) *The gift of science: Leibniz and the modern legal tradition* 1-10.



© University of Pretoria

reduseer na ʼn beleid wat ʼn menslike doel wil bereik eerder as ʼn bron van geregtigheid wat onafhanklik is van menslike interpretasie.

Die reg word nie net gemanipuleer deur die mens nie, maar die reg as ʼn magtige fenomeen hou ook sekere ordes in plek. In hierdie hoofstuk gebruik ek Carol Smart se argument dat die reg nie die middelpunt van die vrou en feminisme se denke moet wees, indien hulle ʼn regsprobleem moet oplos nie.[303] Deur na die reg te keer vir elke tekortkoming, bevestig feminisme dat die reg die enigste objektiewe standaard is en sodoende word die patriargie in die reg verder bevestig. Smart lewer kritiek op die gedagte dat een feministiese teorie beskou kan word as die universele standaard vir alle feministiese teorieë. Weens die afwesigheid van diversiteit en die bevestiging van een teorie word alle ander teorieë oorrompel deur die een teorie. Ek gebruik die werk van Karin van Marle en die ooreenkomste wat sy trek tussen Constable en Smart – soos dat die reg nie beskou moet word as ʼn wetenskaplike klassifikasie nie.[304] Sy tref ook ʼn onderskeid tussen feministiese teorieë wat in die teken staan van ʼn ‘meerdere regsleer’ (major jurisprudence)en daardie wat in die teken staan van ʼn ‘mindere regsleer’ (minor jurisprudence). Sy voer aan dat die ‘mindere regsleer’ dikwels meer die reg uitdaag as die dominante teorieë.

Die enigste manier hoe die reg weer geregtigheid sal aanneem is wanneer herbetowering van die reg kan plaasvind. Omdat die reg ʼn wetenskap geword het, is daar geen verbeelding wat aan die reg geheg word nie. Ek steun op Mark Antaki se argument ten einde aan te dui hoe die reg, verbeelding kan terugneem.[305] Antaki verwys na ʼn aantal regsteorieë wat die verskillende maniere uitbeeld waarop die regsverbeelding uitgedruk kan word naamlik die teoretiese regsverbeelding, die progressiewe regsverbeelding, transformerende regsverbeelding en die nostalgiese regsverbeelding. Die teorie van die regsverbeelding is belangrik vir die ontwikkeling van die derde, kreatiewe sfeer weens die feit dat die vrou na alternatiewe maniere moet kyk om ʼn reg te vind wat verseker word in die Grondwet. Die regsisteem kan haar nie help om haar reg tot artistieke kreatiwiteit uit te leef nie, weens die feit dat die reg verbeeldingloos is. Die derde, kreatiewe sfeer gaan ek skoei op die teorie van

[303] Smart (1989) 5.
[304] Van Marle K ‘“We exist, but who are we?” Feminism and the power of sociological law’ ( 2012) 20:12 *Feminist Legal Studies* 149.
[305] Antaki (2012) 1.



© University of Pretoria

verbeelding, maar verbeelding moet ook in die reg plaasvind aangesien dit dan 'n groter moontlikheid van oplossings kan verskaf vir regsprobleme.

Die model waarop ek die derde, kreatiewe sfeer baseer is Drucilla Cornell se 'imaginary domain'.[306] Die 'imaginary domain' is 'n verbeeldingsfeer waarin enigiemand ten volle vryheid kan vind. Dit is 'n psigiese ruimte waarin die vrou volle aanvaarding kan ervaar weens die feit dat sy op haar eie terme erken kan word. Ek gebruik hierdie model weens die vryheid wat dit voorstel sowel as die psigiese ruimte wat dit opneem. Hierdie ruimte maak dit moontlik vir enige vrou om 'n kreatiewe sfeer te hê weens dit feit dat dit nie fisiese ruimte opneem nie.

Ek sal ook die teenargument oorweeg dat mens nie 'n sfeer kan skep wat geen grondslag het nie – 'n psigiese sfeer is slegs 'n teoretiese model wat geen werklike potensiaal inhou nie. Vir hierdie teenargument gebruik ek die storie van Jeanette Winterson aangaande Artemis en haar soeke om in 'n tuiste te leef waarin sy vry kon wees soos bespreek deur Louise du Toit.[307] Daar is meer as een interpretasie van die storie, maar een interpretasie wil ek heg aan Cornell se 'imaginary domain' en dit is dat dit moontlik is vir die vrou om aan 'n ruimte of spasie gekoppel te wees sonder dat dit in enigiemand anders se hande is, vir jou om jou eie mens te wees.

Hierdie vroulike ruimte is reeds geartikuleer in 1929 deur Virginia Woolf in *A room of one's own.*[308] Hierdie skripsie is aanvanklik geïnspireer deur hierdie essay en daarom word dit bespreek. Die essay beskryf die situasie van die vrou wat slegs vyfhonderd pond 'n jaar moet verdien en 'n kamer van haar eie moet hê om vir haarself 'n lewe te maak as 'n skrywer. Woolf dui konstant in haar werk aan dat die vrou beperk word in haar toegang tot fisiese en psigiese ruimtes. Indien sy byvoorbeeld 'n akademikus wil word sal sy nie as 'n vrou toegelaat te word in 'n biblioteek sonder om deur 'n man vergesel te word nie. Daar is ook deurlopend elemente wat aandui dat die vrou veronderstel is om te doen eerder as skryf soos byvoorbeeld kook en kos voorberei vir ander. Maar Woolf interpreteer hierdie aktiwiteite nie as iets wat sy veronderstel is om te doen om die patriargie gelukkig te hou nie – sy sien

[306] Cornell (1995) 4-27.
[307] Winterson J (1998) *Sexing the cherry* soos gebruik deur Du Toit ( 2007) 209.
[308] Woolf V (1929) *A Room of one's own* 2.



© University of Pretoria

dit as aktiwiteite wat ŉ bydrae lewer tot haar kreatiewe werk. Woolf het verwys na die fisiese ruimte wat die vrou nodig het om haar kreatiwiteit uit te kan leef, maar deur verbeelding kan hierdie fisiese ruimte ŉ verbeeldingsruimte word.

In die gevolgtrekking sal ek die belang van elke skrywer beklemtoon deur hulle te verbind met die hoofargument van hierdie hoofstuk, naamlik wat ŉ derde kreatiewe sfeer behels en tot watter mate dit patriargie en regshervorming kan uitdaag.

### a. Die mens verplaas

Ek sal in hierdie hoofstuk beklemtoon dat teorieë wat die verbeelding omarm dit moontlik sal maak vir die vrou om haar subjektiwiteit en identiteit te bevestig in terme van kreatiwiteit. Alhoewel dit ongewoon is om verbeelding as ŉ teorie te gebruik, stel Kistner voor dat ons dit meer moet gebruik indien ons werklik die menslike faset in die geesteswetenskappe wil behou. Sy begin met die aanduiding dat die NRF (National Research Foundation) besluit het om in 2012, sestig navorsingsprojekte te steun, waarvan nie een uit die geesteswetenskappe uitkom nie. Vir haar argument gebruik sy ŉ toespraak wat gelewer is deur President Thabo Mbeki, tydens die ANC Polokwane Konferensie in 2007 waarin hy aangevoer het dat sosio –ekonomiese probleme opgelos sou kon word deur ŉ alternatiewe model – die ‘ontwikkelende model’– waarin daar meer staatsintervensie en industriële beleid betrokke is.[309]

Sy lewer kritiek teen die idee van twee ekonomieë – in ŉ land waarvan slegs ŉ derde van die bevolking ŉ permanente werk het, word ŉ permanente, produktiewe werk en ŉ hoër vorm van vaardighede of opvoeding steeds gesien as die enigste manier om deel te word van ŉ gemeenskap.[310] Sy stel voor dat indien mens kyk na hoe om in lyn te bly met ŉ hoër onderwysbeleid, gepaardgaande met die idee om ŉ ‘ontwikkelende model’ staat te laat realiseer, daar buite die boks gedink moet word.[311] Kistner verwys na ŉ onderhoud met Njabulo Ndebele waarin hy dit stel dat mens moet verhoed om eendimensioneel te wees en

[309] Kistner (2012) 16.
[310] Soos bo.
[311] Soos bo.



© University of Pretoria

eerder verbeeldingryke denke moet bevorder. Hy sê dat 'n mens die onbekende moet verwelkom vanuit 'n standpunt van intelligensie en verbeelding.[312]

Die grootste rede vir die afwesigheid van verbeelding of die rede hoekom verbeelding beperk word is die spesifikasie en beperkinge wat daaraan geheg word. Kistner gebruik die voorbeeld van die filosofiese idee van vryheid. Die idee van vryheid word afgewater na bevryding (freedom versus liberation).[313] Kistner verwys na Arendt se werk *On revolution* en dat Arendt dit stel dat selfs al is bevryding die produk van vryheid, sal vryheid nie noodwendig op bevryding volg nie. Bevryding en vryheid is nie dieselfde nie – bevryding kan makliker geïdentifiseer en omskryf word teenoor vryheid wat 'n onbepaalbare aard het.[314]

Kistner argumenteer dat indien die onderskeid tussen vryheid en bevryding kan herleef saam met die aanvaarding dat 'n element van die onbekende deel uitmaak van vryheid, dit moontlik sal wees vir die geesteswetenskappe om hulle rol terug te neem in die mensdom. Die mens bevind sigself in 'n tweespalt –aan die een kant is sy/hy gebind tot biologiese prosesse en aan die anderkant is daar die onbewuste en die onverklaarbare.[315] In hierdie ruimte tussen die natuur en kultuur is daar 'n derde ruimte wat onbekend is.

Deur hierdie derde ruimte oop te maak, word daar die moontlikheid oopgemaak om vryheid te bevorder.

In die volgende bespreking, ondersoek ek die idee van verbeelding. Verbeelding word nie in isolasie geïnterpreteer nie, maar in lyn met die reg en hoe die gebruik van die verbeelding in die reg regshervorming sou kon meebring.

### b. Die reg as 'n sosiale fenomeen

Ek stel voor dat die vrou slegs 'n kreatiewe kan sfeer kan skep deur die verbeelding. Maar verbeelding word baie skepties aangehoor in die reg – die beginsel waarvolgens, onder

[312] Kistner (2012) 17.
[313] Soos bo.
[314] Arendt (1963) *On revolution* 22 soos verwys in Kistner (2012) 17.
[315] Kistner (2012) 17.



© University of Pretoria

andere positiviste, met die reg omgaan sal skerp kritiek lewer teen die gebruik van die verbeelding in die reg weens die afwesigheid van reëls en beleid. Die vrou het ŉ reg tot artistieke kreatiwiteit, maar dit kan nie verseker word deur die reg as blote beleid en norm nie.[316]

Dit is om hierdie rede dat ons die reg moet interpreteer deur verbeelding eerder as deur die sistematiese, wetenskaplike, ekonomiese benadering wat tans gevolg word. Constable waarsku die mensdom dat Nietzsche vir ons uitwys dat die 'werklike wêreld' (real world) meegee om plek te maak vir die 'skynbare wêreld' (apparent world).[317] Geregtigheid het in verskeie plekke voorgekom: dit is die kennis van die burger wat in die *polis* woon[318]; die natuurreg van die onverkrygbare wêreld; die morale reg van Immanuel Kant, die positivistiese reg van die utilis en die empiris en die sosiale beleid van ekonome en filosowe.[319] Constable verwys daarna dat natuurreg en positivisme aanhangers beide onder die indruk lewe dat die reg bestaan as ŉ institusie of as praktyk. Geregtigheid is dit wat mense wil meet in ekonomiese, sosiologiese of politiese terme.[320] Deur die reg so te benader is daar ŉ veld van kennis wat bevorder en uitgebrei word – hierdie veld is gebaseer op die feit dat die reg as ŉ sosiale fenomeen beskou word.[321] Dit reg word gereduseer tot beleid, gegrond op syfers en feite en sodoende verdwyn geregtigheid – die werklike wêreld word verplaas deur die oënskynlike wêreld.[322]

Hierdie perspektief word nie net beperk tot die filosofie nie, maar dieselfde statistiese beginsel word gevolg in howe.[323] Hierdie benadering lei tot sikliese ongeregtigheid. Die kenners van verskeie geesteswetenskappe en ekonomiese velde staan voor die reg en regverdig sekere optrede. Die reg neem hierdie sosiale beginsels en beleid aan en maak dan verdere beleid sodat die populasie van die land op ŉ sekere manier kan optree. Hierdie optrede word dan aanvaar as die norm en dus wil die howe hierdie norme verder laat

---

316 Artikel 16(1)(c) van die Grondwet van Suid-Afrika.
317 Constable (1994) 551.
318 Sien Arendt in hoofstuk 2 bl 25-38.
319 Constable (1994) 555.
320 Constable (1994) 572. Sy verwys veral na die nie-positivistiese filosoof John Rawls wat steeds geregtigheid gemeet het in ekonomiese terme.
321 Soos bo.
322 Soos bo.
323 Constable (1994) 578.



© University of Pretoria

ontwikkel in die hof deur meer statistieke en meer beleid aan te hoor.[324] Elke tak van die reg word ʼn toets of ʼn verdere opweeg van statistieke en beleid. Dit word ook die vangnet vir howe in die strafreg – indien die syfers nie genoeg klop om dit as geregtigheid te laat aanskou nie, word daar ʼn beslissing gemaak op beleidsoorwegings. Die geregtigheid wat geskied is een wat Constable verwoord as 'aktuariële geregtigheid'.[325]

Die sosiale wetenskappe het nie veel gebruik vir geregtigheid nie – geregtigheid word slegs aanskou as ʼn persepsie van die reg. Die 'werklike' geregtigheid lê in beleid, feite, syfers en enige empiriese benadering wat die samelewing in die toekoms kan verbeter.[326]

Verder in hierdie hoofstuk, sal ek verwys na Artemis en hoe sy dit moontlik maak om ʼn ruimte vir haarself te skep sonder enige grondslag. Hierdie tipe skepping sal slegs moontlik kan wees indien verbeelding die skepping van ʼn nuwe geregtigheid of altans ʼn terugkeer van geregtigheid kan voortbring. Constable gebruik ʼn werk van Joseph Singer waarin hy argumenteer dat:

> When we give up the idea that the legal system has a foundation, a "rational basis", we are not left with nothing. We are left with ourselves … We imagine a better life in the context of living with others and we bring it about. Whether some imagined practice will be better or worse than the current practice is a question of moral judgment. It is not a matter of finding a foundation on which to stand, or of finding the truth. It is a matter of conviction … We will have to take responsibility for making up our minds.[327]

Die rede in die reg is vervang met sosiale beleid en dus moet die reg herbedink word. Die verbeelding wat ons op die reg moet toepas gaan nie gegrond wees in rede nie, maar soos Singer hierbo argumenteer is ʼn grondslag nie nodig om die waarheid te vind

[324] Constable (1994) 578-579.
[325] Soos bo.
[326] Constable (1994) .
[327] Singer (1984) soos na verwys in Constable (1994) 583.



© University of Pretoria

nie. Die herbedink van regte sal eerder 'gegrond' wees in die psige, sosiale verbeelding en deursettingsvermoë.[328]

Volgens Berkowitz is die reg geïnterpreteer deur die wetenskap vanaf die sewentiende eeu as gevolg van kodifikasie wat plaasgevind het.[329] Die reg in sy gekodifiseerde formaat het daarnatoe gelei dat die positivistiese reg die grondslag vir alle moderne reg geword het.[330] Die artikulering en denkproses agter kodifikasie van die reg het verval en verdwyn, as gevolg van die wetenskaplike grondslag waarop kodifikasie berus.[331] Die wetenskap dien as regverdiging vir hoekom die reg uitgebrei of gekodifiseer moet word. Indien die wetenskap afwesig is, word daar nie gedraai na geregtigheid nie met die gevolg dat geen verdere ondersoek plaasvind nie. 'n Verdere gevolg daarvan is dat baie beperkinge op die gekodifiseerde reg sowel as die interpretasie daarvan geplaas word. Moderne regters bepaal die uitkoms van 'n saak deur regte teen mekaar op te weeg – elke regter met sy/ haar eie sosiale en ekonomiese oogpunt. Regte word gereduseer tot berekende kostes, waardes en voordele. Die mens het nie die vermoë om te onderskei tussen die vryheid van logiese en wetenskaplike beperkinge, en die vryheid om verewig onderwerp te wees aan menslike reëls van bruikbaarheid en effektiwiteit nie.[332] Die metafisiese ondersteuning van die moderne positiewe reg word nie erken nie en ook nie oor gekontempleer nie en daarom beaam Berkowitz dat die positiewe reg moeilik is om te identifiseer en te verstaan.[333]

Berkowitz verduidelik die paradigma tussen die natuurreg en die positivistiese reg met behulp van Antigone.[334] Thebes is die stad waarin 'n geveg afspeel en die leër van Argos word weggedryf van Thebes. Polynices is Antigone se broer en deel van die mag wat opposisie is van Kreon, die koning van Thebes. Kreon weier dat die lyk van Polynices begrawe word deur die tradisionele rituele en laat die lyk buite die stadsmure om te verrot as waarskuwing vir enige bedrieërs. Kreon gaan verder en

[328] Constable (1994) 584.
[329] Berkowitz (2005) 1.
[330] Berkowitz (2005) 2.
[331] Berkowitz (2005) 3.
[332] Soos bo.
[333] Soos bo.
[334] Berkowitz (2005) 4



© University of Pretoria

beveel dat enigiemand wat probeer om Polynices behoorlik te begrawe met die dood gestraf sal word. Antigone gaan teen Kreon se opdrag op die basis dat die begrafnistradisies, die ongeskrewe reg van die gode is en meer gesag het as die van 'n man. Sy word gevang waar sy besig is om haar broer se lyk voor te berei om begrawe te word en word voor Kreon gebring waar sy steeds volhou dat die ongeskrewe regte van die gode meer belangrik is as die wette gemaak deur mans.[335] In hierdie verhaal word die moraliteit van die gode in hulle ongeskrewe wette vergelyk met die positivistiese reg van die mans (Kreon). Kreon baseer sy argument slegs op die feite en dus is daar geen oorweging van omstandighede en moraliteit nie.[336] Die positivistiese reg word geregverdig deur die wetenskap en dus lei die opweeg van koste en voordele na verskillende uitgangspunte.

Die nadeel van hierdie tipe opweeg van voordele en koste is dat 'regs-sin' verlore gaan. Berkowitz verduidelik dat die mens hul insig verloor in die reg as 'n bron.[337] Regsgeleerdes verloor hulle 'regsinstink' weens die feit dat hulle eers voel hulle moet die opweeg van koste en voordele toepas voordat hulle 'regsinstink' intree. Hulle voel slegs gemaklik met die reg wat neergelê is in geskrewe wette eerder as die universele moraliteit wat hulle moet aanvoel. Berkowitz verduidelik dat die reg geleë is in 'n '…mythical prehumen time.'[338] Die natuurreg is verwyderd uit die liniêre tyd van mans soos ek verduidelik het.[339]

Dit is om hierdie rede dat die vrou haar sfeer skep buite die tyd van mans. Die reg soos beskou deur die man/koning/regter skep geen ruimte vir verbeelding nie. Die vrou moet haar plek vind buite die tyd van mans en ook buite die regsbenadering van mans. Die natuurreg sal kan bestaan in die sikliese tyd van vroue. In hierdie sikliese tyd sal daar ook ruimte geskep kan word vir vroulike kreatiwiteit. Die vrou moet 'n sfeer vind waarin haar kreatiwiteit uitgeleef kan word, maar dit sal gevind word buite die liniêre tyd van die man en die reg. Daarom kan konvensionele regshervorming nie die

[335] Antigone by Sophocles vertaal deur Jebb RC http://classics.mit.edu/Sophocles/antigone.html (Ontsluit: 27/10/2013).
[336] Berkowitz (2005) 4.
[337] Berkowitz (2005) 6.
[338] Soos bo.
[339] Verwys na Kristeva, hoofstuk 2, bl 13-16



© University of Pretoria

antwoord wees tot die ontwikkeling van die vrou se sfeer waarin sy haar kreatiwiteit kan uitleef nie. Oorwegings moet onder andere gegee word aan ʼn alternatiewe tyd, anders as die tyd van die reg en die tyd van mans.

Berkowitz verduidelik dat hoe meer die regte beweeg na ʼn medium wat slegs verduidelik kan word deur moraliteit, hoe minder word die moraliteit wat regte definieer.[340] Die reg beweeg weg van sy natuurlike gesagsposisies en word slegs gebruik as instrument om ʼn einddoel te behaal. Hierdie proses lei tot die dood van die reg.[341] Die dood van die reg is dieselfde tipe dood wat Nietzsche teen waarsku soos beskryf in Constable se artikel. Die wetenskap het begin as die regverdiging vir die reg se optrede. Dog in die proses het regverdigheid verdwyn uit die reg en is dit vervang met die wetenskap[342]

Die keuse om te draai na die reg as grondslag vir ʼn kreatiewe sfeer is dus nie moontlik nie, aangesien die reg sy eie grondslag verloor het. In hierdie hoofstuk word die uitdrukking van grondslag/ fondament oorweeg en die feit dat vroue hulself bevind in ʼn ruimte sonder ʼn grondslag. Constable se verduideliking van die inkorporering van die verbeelding in die reg en Berkowitz se ontwikkeling (of redding van die regsinstink) dui daarop aan dat ʼn regsverbeelding ten volle in oorweging gebring moet word.

Soos ek vroeër aangedui het in die hoofstuk, is die rede vir die ontwikkeling van die derde, kreatiewe sfeer, die versekering dat elke vrou haar reg tot artistieke kreatiwiteit kan uitleef. Hierdie reg word uiteengesit in artikel 16(1)(c) van die Grondwet. ʼn Derde, kreatiewe sfeer bied ʼn uitdaging vir die Grondwet en konvensionele regshervorming. Carol Smart waarsku dat indien die vrou te veel van die reg se terme aanvaar, in die proses om dit uit te daag, daar te veel opgegee word van die vrou en haar feministiese uitdaging.[343] Die rede vir die verlies is die feit dat alle antwoorde op uitdagings van die reg, rondom die reg gesentreer is. Sodra daar ʼn tekortkoming of ʼn fout in die reg is, word daar na die reg gedraai om dit te

[340] Berkowitz (2005) 6.
[341] Berkowitz (2005) 7.
[342] Berkowitz (2005) 10.
[343] Smart (1989) 5.



© University of Pretoria

herstel. Smart stel voor dat die vrou eerder moet probeer om nie haar antwoorde te vind, deur na die reg te draai nie.[344]

Die vrou se tekortkoming aan 'n derde, kreatiewe sfeer sal nie reggestel kan word deur die reg nie, weens die feit dat die reg nie die vermoë het om vir elke vrou haar eie kreatiewe sfeer te gee nie. Die reg het sy beperkinge en dus moet die antwoord eerder gevind word in verbeelding.

Smart het ook soos Constable bevind dat die reg tot 'n wetenskap gereduseer word. Omdat die mensdom soveel vertroue in die wetenskap geplaas het as die absolute waarheid, is dit nie moontlik om te dink dat daar alternatiewe waarhede kan wees nie.[345] Die mens is so verblind deur die waarheid van die wetenskap dat die waarheid van geregtigheid nie 'n opsie is om te volg nie. Volgens Smart het die reg 'n fenomeen geword wat die sosiale orde verplaas het – dit is 'n sisteem wat gedistansieer is van die wêreld om die wêreld te reflekteer. [346] Dit is 'n sisteem wat slegs sy eie logika kan volg en hierdie is die rede hoekom die reg meer magtig word. Smart dui aan dat die reg beskou word as 'n fors wat vordering aandui in 'n liniêre tyd – '…a beacon to lead us out of the darkness.'[347]

Smart se beskrywng van die reg as 'n liniêre fors, kan in kontras geplaas word met Kristeva se beskrywing van die tyd van die vrou. [348] Die tyd van die reg, geskiedenis, sowel as die patriargie is dieselfde tyd – dit 'n tyd wat 'n begin en eindpunt het, 'n tyd wat deur natuur breek. Die tyd van vroue is 'n sikliese, biologiese tyd – 'n tyd wat die natuurlike vloei van natuur aanneem.

Smart moedig die vrou aan om aanhoudend die mag van die reg uit te daag sodat vroue gedefinieer kan word op hul eie eerder as die reg se terme. Deur die reg uit te daag, sal dit veroorsaak dat daar 'n verskuiwing in mag is.[349] Hierdie uitdaging van die reg moet gebeur vanuit die kantlyne. Vroue kan die meeste mag beoefen deur nie die reg se terme te aanvaar nie – hulle mag lê dus as 'n gemarginaliseerde groep. Die reg moet uitgedaag word vanuit die marge. Hierdie is dieselfde ruimtes waarin die vroue haar kreatiwiteit kan uitleef soos ek vroeër uitgewys het.[350]

---

[344] Soos bo.
[345] Smart (1989) 11; Van Marle (2012) 152.
[346] Smart (1989) 12.
[347] Soos bo.
[348] Sien Kristeva hoofstuk 2, bl 13-16.
[349] Smart (1989) 25.
[350] Sien Gupta hoofstuk 2 bl 40-41



© University of Pretoria

Die derde, kreatiewe sfeer is 'n alternatiewe konstruksie vir die reg op artistieke kreatiwiteit. Smart gebruik Mossman wat argumenteer dat die reg 'n manlike konstruksie is wat manlike logika en argumentering volg. Hierdie tipe logika ontken nie net enige ander tipe alternatiewe konstruksie nie, maar beskou dit self as die enigste, objektiewe en neutrale metode.[351] Daar is 'n gevaar daarin om die reg te probeer uitdaag en terselfdertyd die reg as die middelpunt te beskou van alle nuwe konstruksies.[352] In dieselfde proses waarin vroue die reg marginaliseer het, het hulle die reg ook aangeneem wat hulle beperk tot die siening wat hulle probeer uitdaag. Daar kan ook nie algemene beginsels opgestel word vir vroue nie omrede dit teen die beginsel van feminisme gaan om 'n universele beginsel te skep wat alle tipe vroue onder dieselfde kam skeer.[353] Smart is veral skepties oor Mackinnon se teorie van dominansie omdat dit feminisme reduseer tot 'n wetenskap.[354] Soos Constable die reg kritiseer omrede dit gereduseer is tot 'n wetenskap en 'n beleid, so kritiseer Smart radikale feminisme tot 'n wetenskap gereduseer is. Die gevaar lê daarin dat in beide gevalle , geregtigheid verlore gaan. Indien daar slegs een teorie in feminisme is wat as die objektiewe teorie beskou word, neem feminisme manlike kwaliteite aan. Soos die patriargie die reg beskou as die enigste objektiewe standaard – so sal feminisme ook net een teorie beskou as die enigste objektiewe standaard[355].

Karin van Marle onderskei tussen 'n teorie wat stem uit 'meerdere regsleer' (major jurisprudence) en 'n 'mindere regsleer' (minor jurisprudence).[356] Sy beveel aan dat feministiese regsleer eerder as 'n 'mindere regsleer' beskou moet word, weens die feit dat dit geen universele kenmerk aanneem nie.[357] Indien mens na die geskiedenis kyk van gemarginaliseerde groepe wat die reg uitgedaag het, dit wil sê daardie groepe wat vereenselwig kan word met 'n 'mindere regsleer', sal daar bevind word dat hierdie groepe die uniforme regsisteem baie meer uitgedaag het as daardie groepe wat die reg probeer uitdaag vanuit 'n 'meerdere regsleer' posisie.[358] Van Marle gebruik ook die idee van Michael Foucault van 'n 'ethics of discomfort' wat daarop aandui dat die mens nooit sal gemaklik

---

351 Mosmann( 1986) soos gebruik deur Smart (1989) 67.
352 Smart (1989) 68.
353 Smart (1989) 69.
354 Smart (1989) 71; Van Marle (2012) 155.
355 Van Marle (2012) 152.
356 Van Marle ( 2012) 157.
357 Goodrich (1996) 2 soos gebruik deur Van Marle (2012) 157.
358 Soos bo.



© University of Pretoria

wees met wie sy is nie.[359] Van Marle heg die idee aan Constable wat daarop dui dat die mens ongemaklik sal voel om nie die reg te definieer deur middel van beleid en wetenskap nie.

Smart stel voor dat feminisme in ommegang met die reg moet tree deur ander metodes wat nie regshervorming insluit nie.[360] Die reg is magtig en dit kan nie onuitgedaag bly nie, maar indien feminisme met die reg omgaan op die standaarde van regshervorming, gaan daar werklik geen ware uitdaging plaasvind nie . Die reg sal verander, maar onaangeraak bly, omdat dit steeds in die sfeer van die reg plaasvind.

### c. Regsverbeelding

Die konsep regsverbeelding word duidelik uiteengesit deur Antaki.[361] Antaki stel voor dat as rede(reason) behoort aan die ontnugterde of onbetowerende wêreld (disenchanted world), dan behoort verbeelding aan die betowerende wêreld (enchanted world). Antaki beskryf die betowerende wêreld as een waarin mens moontlik ontuis kan voel en dus met verskrikking benader word. Vir hom is verbeelding moontlik die enigste manier om mensdom en die reg te red van die eenvormigheid wat dit aanneem.

Antaki dui daarop aan dat kontemporêre regsteorieë in ŉ taal uitgedruk word wat geassosieër is met verbeelding.[362] Antaki gebruik die werk van James Boyd White en verduidelik dat die reg gesien moet word as ŉ taal.[363] Indien daar ŉ kuns aan die reg is, kan dit beskryf word as ŉ literêre kuns.[364] Die aktiwiteite wat regters en regspraktisyn beoefen is een waarin hulle verbeelding moet gebruik – dit behels die herbedink en herinterpretasie van die reg.

Idees en ideale van goddelikheid en regte kwyn onder die verskyning van rede, rasionaliteit en tegniek.[365] Deur die ontwikkeling van die westerse filosofie het rede die middelpunt van

---

[359] Foucault (2007) 126 soos gebruik deur Van Marle (2012) 157.
[360] Smart (1989) 164.
[361] Antaki (2012) 1.
[362] Antaki (2012) 2.
[363] White JB (1973) *The legal imagination* soos gebruik in Antaki (2012) 2.
[364] Soos bo.
[365] Soos bo.



© University of Pretoria

argumente geword. ʼn Voorbeeld hiervan is Hobbes se redenasie (soos geskryf in die *Leviathan*), dat rede niks meer is as ʼn berekening nie. Hierdie berekening word voorgestel deur die aftrek en optel van die mens se gedagtes.[366] Beide Constable en Antaki gebruik hierdie aanhaling van Oliver Holmes:

> When you get the dragon out of his cave on to the plain and in the daylight, you can count his teeth and claws, and see just what his strength is. But to get him out is only the first step. The next is either to kill him, or to tame him and make him a useful animal. For the rational study of law the black-letter man may be the man of the present, but the man of the future is the man of statistics and the master of economics.[367]

Hierdie aanhaling stel voor dat die reg slegs as ʼn instrument gebruik word wat ʼn doel dien. Met die verdwyning van verbeelding en die herlewing van beleid, is die doel van die reg nie noodwendig geregtigheid nie. Die paradoks van hierdie aanhaling is die feit dat die man wat die reg wil ‘tem’ tot ʼn instrument, terselfdertyd die mistieke eienskappe van die reg (die area waarmee die reg verbind is tot die verbeelding) bevestig deur na die reg te verwys as ʼn draak. [368] Antaki vra hoekom maak mens dan nie net die draak dood nie en sy antwoord hierop is dat die draak (die reg) in sy mistieke vorm, ʼn unieke krag het.[369] Diegene wat die reg wil tem, wil dieselfde krag wat die reg uitbeeld gebruik tot hulle voordeel.[370]

Die regsverbeelding moet in sy verskeie formate verduidelik word en die eerste daarvan is die teoretiese regsverbeelding wat indirek uiteengesit word in Dworkin se *Law’s Empire*.[371] Dworkin vergelyk die reg met ʼn kettingroman met die regters as die skrywers. Antaki wys uit dat Dworkin nie spesifiek die woorde ‘regsverbeelding’ gebruik nie, maar eerder ‘ kreatiewe interpretasie.’[372] In hierdie regsroman is elke burger daarvoor verantwoordelik om te

[366] Hobbes Leviathan (1994) soos gebruik deur Antaki (2012) 4 (‘Reason, in this sense, is nothing but reckoning (that is, adding and subtracting) of the consequences of general names agreed upon for the marking and signifying of our thoughts’).
[367] Toespraak gegee by Boston University School of Law deur Oliver Wendell Holmes (January 1897) Constable (1994) 551; Antaki (2012).
[368] Antaki (2012) 6.
[369] Soos bo.
[370] Soos bo.
[371] Antaki (2012) 8.
[372] Soos bo.



© University of Pretoria

verbeel hoe 'n utopiese of 'n alternatiewe gemeenskap se publieke verpligtinge is. Die idee is om die reg konstruktief en vooruitstrewend te hou, waarin 'n nuwe toekoms beter geïnterpreteer kan word. Dworkin lok die regters uit om die Herkuliaanse verbeelding toe te pas sodat alle beginsels van die reg regverdig verduidelik kan word. Deur die reg in so 'n mate soos literatuur te herskryf, uit te daag en te begryp gaan teen menslike rede en dus sal dit slegs moontlik wees deur die regsverbeelding.

Wanneer verbeelding uit die reg gehaal word deur kodifikasie, word die massas ontneem van hulle regte. Veral in terme van gemenereg of tradisionele reg lei die proses van kodifikasie die reg vanuit die huis tot in die howe. Groepe wat voorheen gemarginaliseer is word net verder na die kantlyn verskuif want hul natuurregtelike reg is opgeneem in 'n staatsbeleid.

Sodra verbeelding in empatie uitgedruk word – om jouself teenwoordig te maak binne die innerlike lewens van ander mense, word hierdie fenomeen sentraal tot progressiewe regsverbeelding.[373] Diegene wat voorstanders is van progressiewe regsverbeelding beskou die reg as 'n instrument waardeur gelykheid en respek vir ander menseregte verseker word. Deur verbeelding as empatie in die reg te gebruik, sal mens die reg kan red van rasionele, beleidsgebonde regsuitsprake.[374] Literatuur moet definitief gebruik word om die kapasiteit van die verbeelding te kultiveer om progressiewe regspraktyk en regsbeslissing te verseker. Die progressiewe verbeelding neig daarna om moreel van aard te wees. Beide die progressiewe regsverbeelding, sowel as die teoretiese regsverbeelding is beperk weens hulle vertroue in sistematisering en rasionalisering.[375]

Die volgende tipe verbeelding is die verbeelding wat geklassifiseer is as 'n uitvinding in terme van transformerende verbeelding.[376] Antaki beskryf die transformerende verbeelding as 'n

---

[373] Antaki (2012)9.
[374] Soos bo.
[375] Antaki (2012) 10.
[376] In die oorspronklike teks word daar verwys na 'Imagination as invention: The transformative legal imagination.' Daar is 'n ongemak met hierdie bewoording weens die feit dat die verbeelding as 'n uitvinding die idee van verbeelding beperk. Uitvindings word deur die intellektuele goederereg beperk deur middel van patente. Transformasie soos verduidelik deur Van Marle K 'Transformative constitutionalism as/and critique' (2009) 20:2 *Stellenbosch Law Review* 1-21 waarmee sy ommegang met die Klare K ' Legal culture and transformative constitutionalism' (1998)146 *South African Journal on Human Rights* 146 137 en die idee dat 'n



© University of Pretoria

sytak van ideologiese regsverbeelding.[377] In weerwil van is daar 'n kontemporêre neiging om die ideologiese regsverbeelding deel te maak van die sosiale samelewing. Antaki verwys na die werk van Thompson waarin hy verwys, dat sodra die samelewing erken dat ideologie deel is van die taal en die taal deel is van die samelewing, moet daar erken word dat die ideologie 'n geïntegreerde deel uitmaak van die samelewing. Die ideologie kan beskou word as die sosiale verbeelding en die manier hoe 'n gemeenskap saam sou wou lewe. Verbeelding word dus nie meer gesien as 'n ideologie wat apart van die samelewing moet staan nie.[378]Die laaste vorm van verbeelding is verbeelding deur aanvoeling en dit word moontlik gemaak deur 'n nostalgiese verbeelding. [379] Daar is waarde daarin om die reg te benader deur die verbeelding van elke regter en regspraktisyn. Die nostalgiese regsverbeelding beeld uit hoe regte – as dit as 'n kuns beoefen kan word deur verbeelding – intieme mededeling van die wêreld kan verseker. Antaki verwys na Boyd White en dui aan dat die reg, 'n tak van die retoriese is wat 'n gemeenskap stig en behou – dit alles deur die gebruik van taal en literatuur.[380] Die reg moet nie afgewater word tot 'n instrument wat slegs staatsbeleid onderhou nie. Dit moet eerder dien as 'n platform waar gesprekke gevoer kan word tussen mense, sodat 'ons' tot 'n gevolgtrekking kom van hoe die reg moet wees.[381]

Die terugkeer na die verbeelding sal nie merkbaar wees in resultate nie, maar dit sal n terugwaartse keer wees tot menslikheid.[382] Volgens Antaki gee alle goeie regters alreeds uitsprake gee waarin verbeelding betrokke is.[383] Hierdie terugkeer van die menslikheid

---

ontwikkelende reg as kritiek gebruik kan word deur middel van die herverbeelding, behels juis dat die reg nie as instrument beperk word nie.

[377] Antaki (2012) 11.

[378] Soos bo.

[379] Antaki (2012) 13.

[380] White JB *Justice as translation: An essay in cultural and legal criticism* (1990) soos verwys deur Antaki (2012) 13.

[381] White JB *Law as rhetoric, rhetoric as law: The arts of cultural and legal criticism* (1987) soos verwys deur Antaki (2012) 13.

[382] Antaki (2012) 13.

[383] 'n Voorbeeld van hierdie tipe verbeelding is die gebruik van ubuntu ( 'n filosofiese sytak wat gedefinieer kan word as 'n tipe van 'n Afrika verbeelding of ideologie) in uitsprake sedert 1994 soos *S v Makwanyane and Another* 1995 (6) BCLR 665 (CC); *Dikoko v Mokhatla* (CCT62/05) [2006] ZACC 10; 2006 (6) SA 235 (CC); 2007 (1) BCLR 1 (CC) (3 August 2006); *The Citizen 1978(Pty) Ltd and Other v McBride* (CCT 23/10) [2011] ZACC 11; 2011 (4) SA 191 (CC); 2011 (8) BCLR 816 (CC) (8 April 2011); *Everfresh Market Virginia (Pty) Ltd v Shoprite Checkers (Pty) Ltd* (CCT 105/10) [2011] ZACC 30; 2012 (1) SA 256 (CC); 2012 (3) BCLR 219 (CC) (17 November 2011); *Port Elizabeth Municipality v Various Occupiers* 2005 (1) SA 517 (CC) ; *Masethla v President of RSA* [2007] ZACC 20; 2008 (1) SA 566 (CC); *Union of Refugee Women v Private Security Industry Regulatory Authority* 2007 (4) SA 395 (CC); *Hoffmann v South African Airways* [2000] ZACC 17; 2001 (1) SA 1 (CC); *Barkhuizen v Napier* [2007] ZACC 5; 2007 (5) SA 323 (CC); *Bhe and Others v Magistrate Khayelitsha and Others* [2004] ZACC 17; 2005 (1) SA



© University of Pretoria

waarna Antaki verwys kan verder geïnterpreteer word met verwysing na die Grondwet van Suid-Afrika. Artikel 10 van die Grondwet verseker die reg tot menswaardigheid en omskryf dit in die volgende terme: Elkeen het ingebore waardigheid en die reg tot daardie waardigheid moet gerespekteer en beskerm word.[384] Menswaardigheid is ʼn kwaliteit wat deur die subjek self verseker moet word en wanneer verbeelding die mens nader bring aan sy/haar menslikheid, kom daar ook ʼn innerlike versekering van menswaardigheid tevore.

Die menswaardigheid van die vrou is geleë in vele aspekte van haar menslikheid en een aspek is kreatiwiteit. Die verbinding tussen die vrou en haar menslikheid sal slegs moontlik wees indien ʼn ruimte bestaan waarin sy kan ontwikkel. Vroeër in die hoofstuk het ek verwys na die 'imaginary domain'. Hierdie model dien as grondslag vir die ontwikkeling van hierdie ruimte. Hierdie model sal die vrou die moontlikheid gee om op haar terme erken te word, veral ten opsigte van haar kreatiwiteit.

### d. Verbeeldingryke ruimte

In hoofstuk twee het ek die tradisionele verskille tussen die private en publieke sfeer, sowel as die redes hoekom hierdie sfere verstrengel geraak het bespreek.[385] Die vrou is uit die private sfeer gehaal en in die publieke sfeer gesit, maar nie in een van hierdie twee sfere is dit vir haar moontlik om haar kreatiwiteit uit te leef nie. Sy kon nie fisies ʼn sfeer van haar eie kry nie. Weens oorbevolking en armoede is daar ʼn 'tekort' aan fisiese ruimtes en sfere waarin ʼn vrou haar kreatiwiteit sal kan bevorder. Dit is om hierdie rede dat ons die verbeelding as ʼn sfeer of ʼn ruimte van uitdrukking moet oorweeg.

Die term 'imaginary domain' is geskep deur Cornell.[386] Hierdie term is spesifiek geskep om gebeure soos aborsie, pornografie en seksuele teistering aan te spreek. Cornell verduidelik dat ʼn persoon slegs geïndividualiseer sal wees sodra daardie persoon op haar eie terme erken kan word. Die woord *per-sona* in Latyn beteken letterlik 'om te skyn'.[387] Dit wat sigbaar is, is die volle mens wat deur die masker skyn en vir ʼn persoon om deur die masker

580 (CC); *Afri-Forum and Another v Malema and Others* (20968/2010) [2011] ZAEQC 2; 2011 (6) SA 240 (EqC); [2011] 4 All SA 293 (EqC); 2011 (12) BCLR 1289 (EqC) (12 September 2011).

[384] Grondwet van Suid-Afrika 1996.

[385] Sien hoofstuk 2, bl 24-39.

[386] Cornell (1995) 4.

[387] Soos bo.



© University of Pretoria

te skyn, moet sy haarself verbeel dat sy ’n heel persoon is (selfs al weet sy, sy sal nooit heel kan wees of werklik gedifferensieer word van die masker nie).[388] Vir ’n vrou om waarlik as ’n persoon erken te word, moet daar ’n ruimte geskep word vir die hernuwing van die verbeelding gepaard met ’n herverbeelding van watter tipe persoon sy wil wees en hoe sy so kan word.[389] Volgens Cornell sal die verbeelding die enigste manier wees waarop vryheid verseker kan word – dit is die minimum vereistes vir ’n lewe geleef as individu en dus ook ’n lewe wat nie deur die reg verseker kan word nie.[390] Saam met die verbeelding, dring Cornell daarop aan dat self-respek die grondslag is waarop nuwe vryheid gebou word. Hierdie tipe vryheid wat op selfrespek geskoei is, rig die vryheid van die mens waarin sy haarself kan verander in ’n persoon.[391]

Cornell beskou nie vryheid as ’n menslike reg nie, eerder as ’n innerlike struikelblok waardeur elke mens moet worstel om haarself as ’n ‘persoon’ te kan aanskou.[392] In elke bestaansfeer is daar ’n letterlike en ’n psigiese ruimte van ‘wees.’ Die ‘imaginary domain’ erken dat die fisiese ruimte en die psigiese ruimte nie saam kan smelt nie. Die psigiese ruimte sal die vryheid van die persoon voorsien en dit is slegs moontlik deur verbeelding. Indien daar nie ’n hernuwing is van die vrou se verbeelding nie, sal sy nie vryheid kan ervaar nie.[393] Hierdie is dieselfde vryheid waarna ek vroeër verwys het met die bespreking van Kistner. Hierdie vryheid van die mens tot sy/ haar eie menswaardigheid sal ook die mens na die mensdom kan laat terugkeer.

Die proses om verbeelding te gebruik om die psigiese vryheid van ’n persoon te verseker, daag die vrou ook uit om die strukture en hiërargie van die gemeenskap te bevraagteken. Die reg is geskoei op die psigiese reëls van die patriargale sisteem wat daardie fisiese reëls in plek gestel het. Sodra die verbeelding herbedink en selfs as ’n alternatiewe opsie oorweeg word om ’n sfeer te skep waarin die vrou op haar terme erken word, word die grense verskuif van politiese lewe en regshervorming.[394] Cornell bevestig dat feministe en selfs vroue wat op die reg steun om hulle posisie in die samelewing te verander bewus moet

[388] Soos bo.
[389] Cornell (1995) 5.
[390] Soos bo.
[391] Cornell (1995) 9.
[392] Cornell (1995) 5.
[393] Cornell (1995) 8.
[394] Cornell (1995) 27.



© University of Pretoria

wees van die feit dat die reg ook baie beperkinge het.[395] Die reg het vroue beperk gehou tot die private sfeer en selfs met die ontwikkeling van vroueregte en die versekering van stemreg en gelykheid beperk die reg nog steeds die vrou. [396] Cornell dui aan dat feminisme dit polities moontlik maak om 'n nuwe wêreld te skep.

Ek stel ondersoek in na een van hierdie wêrelde: 'n Nuwe ruimte wat in die huidige sfeer kan ontwikkel. Soos ek voorheen uitgewys het is vroue se regte steeds beperk tot die huidige ruimte waarin ons verkeer. Een van daardie regte wat beperk is, is die reg tot vryheid van uitdrukking – spesifiek die vryheid van artistieke kreatiwiteit.[397] Die reg tot artistieke kreatiwiteit is beperk weens die feit dat vroue nie volgens hulle terme erken word as dit kom by vroulike kreatiewe skeppings nie.

My voorstel is dus die ontwikkeling van 'n derde sfeer, verwyderd van, en dog verstrengel in die publieke/private teenstelling/ onderskeid. Hierdie derde sfeer is geskoei op die model van die 'imaginary domain' en sal hier beskryf word as die kreatiewe sfeer.

### e. Ruimte sonder grondslag

'n Alternatiewe argument kan gemaak word vir die bevestiging van 'n derde, kreatiewe sfeer. Die teenargument sal aandui dat 'n mens nie 'n sfeer kan skep met geen grondslag nie. Hierdie grondslag kan as fisies of literêr beskryf word en 'n psigiese, verbeeldingsfeer gaan nie hierdie kenmerke aanneem nie. In daardie opsig wil ek die skepping van 'n ruimte vergelyk met versoening soos bespreek deur Louise du Toit.[398] Du Toit steun op Jeanette Winterson se interpretasie van die Griekse mite van Orion wat die godin Artemis verkrag het omdat sy vir haarself 'n tuiste gemaak het in die jagveld. [399]

Artemis wou 'n jagter wees (al is dit beskou as 'n manlike aktiwiteit) maar selfs vir 'n godin is dit 'n uitdagende rol. Artemis het haar pa se toestemming gekry en kon toe die vryheid beleef wat mans ervaar in hulle rol as jagters. Sy het vir haarself 'n informele woning gemaak

[395] Soos bo. Verwys ook na hoofstuk 2 waar daar aangedui word dat die reg manlik is en as 'n beginpunt ten minste daardie beperking inhou.
[396] Die Grondwet van die Republiek van Suid- Afrika 1996 artikel 3 (Burgerskap) en artikel 9 (Gelykheid).
[397] Artikel 16 (1) Vryheid van uitdrukking en Art 16(1)(c) Vryheid van artistiese kreatiwiteit.
[398] Du Toit (2007) 209.
[399] Winterson J(1989) *Sexing the cherry* soos gebruik deur Du Toit (2007).



© University of Pretoria

in die veld en saam met haar honde gebly. Sy het hierdie woning en lewe verkies bo die lewe waar haar identiteit gekoppel is aan ŉ man soos haar pa, broer of man en sy forseer is om vir húlle ŉ tuiste te skep. Orion ontdek haar tuiste en verkrag haar, omdat sy nie sy vrou wil word nie. Hy straf haar ook deur haar honde dood te maak en haar woning te vernietig omrede sy volgens ŉ 'manlike lewenstyl' geleef het. Na die verkragting is sy ontneem van die sekuriteit wat haar informele woning gebied het. Sy is onseker oor die balans tussen mans en vroue; maar tog is sy seker oor een ding: Artemis ontdek dat dit moontlik is… 'to hang in space supported by nothing at all.'[400] Volgens Du Toit hou hierdie einde baie moontlike interpretasies in. Sy stel twee moontlike interpretasies voor: Die eerste is die verwerping van die idee van die perfekte, tydlose, moederlike tuiste waaraan nostalgie vasklou. Die tweede interpretasie (hierdie interpretasie is veral relevant tot hierdie hoofstuk) is die idee of die droom daarvan om 'aan te hou' ( to hang on) sonder om enige iemand anders verantwoordelik te hou vir jou eie menswees of menswording.[401]

Dit sal slegs moontlik wees om ŉ self-onderhoudende sfeer te skep indien die vrou haar eie vrese oorwin en haar identiteit terugneem. Vir Du Toit is ŉ vrou wat verkrag word, geforseer om te erken dat sy sonder enigiets fisies of simbolies, haar verkragting sal oorleef. Uit hierdie konsep, kan mens verder uitbrei oor die vrou se subjektiwiteit en haar samehorigheid met ander vroue.[402] Du Toit beveel aan dat die leser die moontlikhede moet verbeel vir vroue om ŉ tipe subjektiwiteit te ontwikkel. Hierdie subjektiwiteit hoef nie beperk te wees tot die metafisika of die nihilistiese metafisika nie. Du Toit verwys na Derrida wat verwys na ŉ droom van waansin – ek sal daarna verwys as ŉ verbeeldingsruimte – wat ondersteun word deur ŉ 'space supported by nothing at all'.[403] Die moontlikheid wat dit oopmaak is die volgende: ŉ ruimte word in besit geneem wat die wording van ŉ eie mens en die afwesigheid van ŉ finale grondslag of ondersteuning beskerm.

[400] Du Toit (2007) 210.
[401] Soos bo.
[402] Du Toit vra of dit moontlik is om identiteit en subjektiwiteit van vroue te erken indien dit nie geskoei word op die tradisionele manlike identiteit en subjektiwiteit nie? Haar antwoord op hierdie vraag is dat mens nie hierdie vraag slegs kan verminder na ŉ vraag oor identiteit en subjektiwiteit in die algemeen nie, want veralgemening lei tot die bespreking oor ŉ nie-spesifieke seksualiteit en steun dus die mono-seksuele logika van die westerse metafisika. Soos bo.
[403] Soos bo.



© University of Pretoria

Du Toit se afleiding kan ook gebruik word ten opsigte van die vrou wat haar eie kreatiewe sfeer moet skep. In Suid-Afrika lewe baie vroue in huise wat met baie ander mense gedeel word en dus het elke vrou nie daardie ekstra kamer wat in haar kunskamer omskep kan word nie. Dog verrig sy elke dag kreatiewe skeppings vir haarself en daardie mense wat in haar huis bly. Ideologies verdien elke vrou 'n kamer van haar eie, maar hier beperk armoede en ander sosio –ekonomiese faktore haar ruimte. Hierdie tekort aan 'n ruimte is reeds geartikuleer deur Virginia Woolf in 1929. Ten spyte van die ontwikkeling van feminisme en die ontbloting van die reg as patriargale instrument en aanspraak om regte vir vroue, is daar steeds 'n tekort aan hierdie vroulike kreatiewe ruimte. Hierdie is 'n aanduiding dat die reg sy grense het en dat die ontwikkeling van die reg steeds baie beperk is. In die volgende gedeelte sal ek Woolf se vroulike ruimte bespreek.

### f. 'n Sfeer van haar eie

Virginia Woolf het aangedui in *A room of one's own* dat 'n vrou vyfhonderd pond 'n jaar moet verdien en 'n kamer van haar eie moet hê voor sy vir haarself 'n lewe kan maak as 'n skrywer. [404] Vroue is nie net beperk in hulle beroepskeuses nie, maar ook in die ruimtes wat hulle wou betree het. Die ruimte waarna Woolf verwys is 'n biblioteek. Sy beskryf hoe sy 'n biblioteek wil betree maar dat sy nie ingelaat kon word nie, want sy het nie 'n brief van voorstelling of 'n manlike metgesel van die universiteit af nie.[405] Binne-in 'n huis sal daar altyd 'n ruimte wees waar die vrou kan wees. In sekere gevalle sal dit 'n kamer wees waarin die patriargie haar aanspreek om in te wees en in ander gevalle sal sy self verkies om daarheen te gaan. Vir sommige vroue is dit die weefkamer, vir sommige is dit die sitkamer en vir ander – die kombuis. Vir die patriargie sal die kombuis die ruimte wees waarheen die vrou moet verskuif – dit is die plek waar sy kos kan maak vir haar man en haar kinders, dit is die kamer waaruit die res van die huis gereël moet word, kinders word daar grootgemaak en dogters word geleer om kos te maak om die siklus te voltooi waar hulle vir hulle gesinne sal sorg. Woolf verwys na die kos wat hulle eet by die universiteit en stel die volgende: Mens kan nie goed dink, of goed liefhê, of goed slaap as mens nie goed geëet het nie.[406]

[404] Woolf (1929) *A room of one's own* 2.
[405] Woolf (1929) 4.
[406] Woolf (1929) 9.



© University of Pretoria

Hierdie stelling dui daarop aan dat die kreatiwiteit wat aan die wêreld uitgedeel word se beginpunt altyd 'n ruimte sal wees van versorging en voeding. Dit dra by tot die argument dat vroue hulle eie kreatiewe sfeer moet verbeel. Die sfere of ruimtes wat hulle reeds betree en beheer is die fondasie vir die patriargie se kreatiwiteit. Vroue moet dus hierdie ruimte herbedink na 'n ruimte waaruit hulle kreatiewe voordeel kan trek. Sodra hulle hierdie tradisionele beperkende ruimte herbedink na een waarin kreatiwiteit sy oorsprong vind, sal hulle daardie kamer kry waarna Woolf verwys het. In Suid-Afrika speel klas en ras ook 'n rol. Die kolonisering van Suid-Afrika het gelei tot die feit dat swart vroue as huishulpe gebruik is en hierdie gebruik kom steeds in die meerderheid van Suid-Afrika voor. Die persone wat hierdie posisie ingeneem het is meestal swart en vroulik. Die gevolg daarvan is dat die kombuis 'n unieke ruimte geword het waar daar 'n interseksie van verskeie klasse en verskeie rasse bymekaar gekom het. Een interpretasie van Woolf se kamer is dat sy slegs vroue van sekere klas en ras ingedagte gehad het. My interpretasie van die kamer is dat dit wyer en alomvattend moet wees – dit is nie net 'n fisiese kamer nie, maar 'n sfeer. Dit is 'n sfeer wat nie beperk word tot die publieke of private sfeer nie, maar 'n derde sfeer waarin kreatiwiteit geskep kan word.

Woolf verduidelik dat fiksie skryf, baie soos die web van 'n spinnekop is.[407] Dit kom nie altyd voor of die web geheg is aan vier hoeke nie, maar sou die web verskuif na die kante toe word die hoeke duidelik sigbaar. Sy beskou die skryf van fiksie as dieselfde – fiksie kom voor asof dit geskryf is uit niks nie, maar in die agtergrond is daar materiële dinge soos kos, geld, gesondheid en 'n huis wat die omstandighede skep sodat fiksie geskryf kan word.[408] Daar kan 'n vergelyking getref word met Woolf se web en Du Toit se Artemis – die web kom voor uit niks uit nie en die ruimte wat Artemis vir haarself geskep is sonder 'n grondslag. Alhoewel die kuns van mans, materiële dinge verg om voort te kan bring, kon vroue altyd hulle kreatiwiteit uitoefen in 'n ruimte wat deur niks ondersteun word nie. Vroue het nie hulle eie geld gehad vir formele opleiding in 'n spesifieke veld nie (vandag in Suid-Afrika het hierdie posisie vir baie vroue nog nie veel verander nie ten spyte van sekere politieke en regshervorming), hulle het nie huise gehad wat hulle kon inrig om aan hulle kreatiewe behoeftes te voorsien nie en hulle is die geslag wat die kos moes maak vir die manlike

[407] Woolf (1929) 21.
[408] Soos bo.



© University of Pretoria

kunstenaar. In meeste gevalle moes hulle die muse ook wees. Tog in hulle besige kombuis is daar ŉ kreatiewe ruimte waarin vroue ŉ resep kon beproef, ŉ brief kon skryf vir ŉ vriendin of ŉ laslappie vir ŉ kombers maak terwyl sy vir die ketel wag om te kook. Vroue kon nog altyd hulle stories skryf, so in die lug, met verbeelding. Al verskil is dat hierdie kreatiewe werke nie erken is op dieselfde vlak as die kunswerke van mans nie.

Die oorspronklike kreatiewe vroue soos die Brönte susters, Jane Austen en Virginia Woolf het ook nie kinders gehad het nie en dit het daartoe gelei dat die vrou in ŉ kreatiewe sfeer, nie dieselfde tradisionele vrou kan wees met kinders in ŉ kombuis nie. [409] Soos kunsresensent Cyril Connolly dit gestel het: '…there is no more sombre enemy of good art than the pram in the hall.'[410] ŉ Derde, kreatiewe sfeer sal hierdie stereotipering van kreatiewe, kinderlose vroue laat verbrokkel want die kreatiewe sfeer sal juis ŉ sfeer wees waarin vroue hulself oor die algemeen bevind. Veral in Suid-Afrika is daar diverse sfere waarin vroue hulself vind – die middelklas, werkende ma wie se huis te vol is vir ŉ kunskamer, die arm vroue van informele nedersettings wat haar eie kinders en die kinders van haar oorlede suster in ŉ pondok met een kamer moet help grootmaak, asook die welgestelde vrou wat kan bekostig om ŉ tersiêre onderrig te ontvang in ŉ kreatiewe veld. Hierdie kreatiewe sfeer is geskep vir daardie vrou wat nie fisies plek in haar huis het vir die uitlewing van kreatiwiteit nie, maar sy beskou haar pot, haar brief of haar resep as ŉ unieke kreatiewe werk.

Woolf verwys na die memoir van Jane Austen, dat Austen geen aparte kamer gehad het waarin sy kon skryf nie.[411] Sy moes al haar skryfwerk doen in die gemeenskaplike sitkamer en is aanhoudend gepla met verskeie onbenullighede. Dog moes sy in die geheim skryf en seker maak dat geen gaste of huishulpe agterkom sy skryf nie en sy het haar manuskripte toegehou met ŉ stuk papier. Sy het nie formele opleiding gehad in literêre skryfkunste nie en haar opleiding is die analisering van karakters en emosies. Die derde, kreatiewe sfeer sou Austen die vrymoedigheid gegee het om te skryf sonder skaamte. Sy sou ŉ sfeer in haar verbeelding gehad het waarin sy meer as net haar manuskripte kon beskou as ŉ kreatiewe werk. Dit sou haar stikwerk, die resep wat sy uitdink sowel as die briewe wat sy aan vriende

[409] Gambotto-Burke A 'The gift of feminity' (2012) *Elle Magazine* 22-24.
[410] Soos bo.
[411] Austen-Leig JE 'Memoir of Jane Austen' soos aangehaal deur Woolf(1929) 33.



© University of Pretoria

skryf deel gemaak het van haar kreatiewe werke. Dit sou nie net vir Austen kreatiewe vrymoedigheid gee nie, maar ook vir haar huishulp – 'n vrou wat moontlik glad nie kon skryf of lees nie, maar wat vaardig daarin is om 'n kwilt te maak of om tradisionele liedere uit te dink.

Woolf stel dit as volg

> Literature is open to everybody. I refuse to allow you, Beadle though you are, to turn me off the grass. Lock up your libraries if you like; but there is no gate, no lock, no bolt, that you can set upon the freedom of my mind.[412]

Ongelukkig is die werklikheid dat literatuur nie so oop en vrylik beskikbaar is vir almal nie. Vryheid is wel moontlik. In 'n land soos Suid-Afrika waar demokrasie jonk en onervare is en gelykheid (veral ten opsigte van onderwys) oor alle ouderdomsgroepe nie volledig bereik is nie, is literatuur nie beskikbaar vir almal nie.[413] Dit is dalk fisies beskikbaar want jy sal nie uit 'n biblioteek uitgesluit word nie, maar as jy 'n ongeletterde persoon is, is geen literatuur werklik vir jou beskikbaar nie. Maar die vryheid wat jy het om te verbeel, selfs al is jy ongeletterd, kan niemand beperk nie. Die kreatiewe sfeer gee jou as vrou vryheid in jou verbeelding om kreatiewe objekte te skep soos Penelope wat die patriargie op sy kop gooi het. Die patriargale sisteem dikteer steeds wat aanvaarbaar is as kuns en kreatiwiteit net soos dit beheer uitgeoefen het oor die regstaal wat wetgewing skryf. Deel van regshervorming sal wees is om artikel 16(1)(c) van die Grondwet – vryheid van uitdrukking deur middel van die vryheid van artistiese kreatiwiteit – te interpreteer dat artistiese kreatiwiteit die informele, tradisionele en vroulike kreatiewe werke ook insluit. Hierdie interpretasie is wel nie moontlik sonder regsverbeelding nie en die voorkeur aan aspekte rakende beleid eerder as geregtigheid. Kreatiewe werke kan nie nog steeds deur die vergrootglas van die patriargie beoordeel word nie. Gelykheid (artikel 9 van die Grondwet) moet plaasvind onder daardie gemarginaliseerde kreatiewe skeppings wat in die kantlyn bly, want hulle skeppers is vroue sonder tersiêre opleiding.

---

[412] Woolf (1929) 37.

[413] *South Africa politics: A flawed democracy* (23 January 2012) Economist Intelligence Unit.



© University of Pretoria

Woolf vertel van 'n hipotetiese suster wat William Shakespeare gehad het – sy is net so talentvol soos hy, maar sy is nooit die kans gegun om haar talente uit te leef soos haar broer nie.[414] Sy is nie na 'n skool gestuur om Latyn te leer nie, want sy is meestal beperk tot haar huis en huishoudelike pligte. Tussendeur skryf sy ietsie hier en daar op 'n verlore stuk papier, maar sy steek dit weg vir haar ouers.[415] Haar ouers het vir haar 'n man gevind, maar sy het gerebelleer teen die troue en hardloop van die huis af weg. Sy is soos haar broer, geïnteresseerd in taal en het belanggestel in teater. Sy het by 'n teater gaan vra of sy toneel kan speel en die bestuurder het haar die deur gewys. Hy het haar egter jammer gekry en haar ingeneem. Sy het swanger geword by hom en dit het haar by 'n kruispad gebring: as sy die kind hou het sy geen toekoms in die teater nie en as sy die kind aborteer leef sy saam met selfverwyt. Hierdie kruispad het haar tot selfmoord gedryf.[416]. Woolf glo dat elke digteres wat nie 'n enkele woord kon skryf nie en by 'n kruispad gesterf het, voortleef in ander vroue.[417] Dit mag vroue wees wat elke aand skottelgoed is en na hulle gesinne se behoeftes omsien, maar daardie digteres leef steeds.[418] Met die kreatiewe sfeer kan daardie vroue hulle talent en kreatiewe kant uitleef.

### g. Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk het ek verduidelik wat die derde sfeer sou kon behels. Ek het begin met Kistner se derde ruimte wat vereis dat die mens verbeelding moet gebruik om die 'mens' weer sentraal te plaas in die geestes of te wel menswetenskappe. Kistner se artikel maak twee deure oop vir bespreking: eerstens kritiseer sy hoe navorsing slegs gedoen word in daardie velde wat wetenskap bestudeer. Die problem word vererger wanneer geesteswetenskaplike rigtings hulself verander in wetenskaplik rigtings soos wat gebeur het met die reg. Haar tweede argument is dat die verbeelding meer gebruik moet word om 'n derde ruimte te ondersoek. Hierdie argument het ek verder uitgebrei deur te bepaal watter voordele verbeelding vir die vrou inhou wat regshervorming nie kan toepas nie en wat 'n derde ruimte behels wat ontwikkel kan word tot 'n derde sfeer wat 'n kreatiewe sfeer vir die vrou kan wees.

[414] Woolf (1929) 24.
[415] Soos bo.
[416] Soos bo.
[417] Woolf (1929) 56.
[418] Soos bo.



© University of Pretoria

Kistner se eerste punt word gesteun deur Constable se ontleding van Nietzsche se teorie oor die verdwyning van die 'werklike wêreld' om plek te maak vir die 'skynbare wêreld'. Die teorie kan geïnterpreteer word as 'n voorspelling van die dood van die reg. Die reg het nie meer 'n universele geregtigheid het nie, maar is gereduseer tot beleid en syfers. Geregtigheid is 'n konsep wat die burger in die *polis* gehad het in die antieke tyd toe die publieke en private sfeer geskei is. Dit is ook 'n natuurregtelike konsep wat saam met die sikliese tyd van vroue beweeg het. Ek verbind Constable se argument met Berkowitz se verduideliking van die reg wat sonder verbeelding geword het as gevolg van die kodifikasie van die reg. Vir Berkowitz is die reg iets wat nie op ' n positivistiese manier benader kan word nie – die reg is geleë in 'n tyd buite die liniêre tyd van die patriargie en geskiedenis.

Indien die reg met verbeelding benader kon word om vir die vrou 'n kreatiewe sfeer te skep, sou mens na die reg kon draai vir 'n antwoord. Die tweede rede hoekom dit nie vir die vrou moontlik sal wees om na die reg te draai vir 'n oplossing nie, is die feit dat die reg die patriargie ondersteun om die vrou te onderdruk soos ek verduidelik het in die tweede hoofstuk.[419]

Om hierdie argument te ondersteun het ek Smart gebruik want sy beaam dat die vrou se denkwyse nie gesentreer moet wees rondom die reg wanneer sy 'n antwoord soek vir 'n regsprobleem nie. Haar redes daarvoor is dat die reg as 'n wetenskap benader word (hierdie argument ondersteun ook die siening van Constable) en daarom word die reg gesien as 'n absolute waarheid en standaard wat geen ander moontlike oplossings in ag sal neem wat nie voldoen aan die universele 'regstandaard' nie. Smart kritiseer ook Mackinnon se dominansie teorie, wat ek bespreek het as 'n kritiek op Carol Gilligan se 'ethics of care'.[420] In die vorige hoofstuk het ek Rose bespreek en haar kritiek teen die geologiese benadering van die vrou as die oorbodige mens. Die man is die standaard mens en enigiets meer as die man se lyf of kenmerke is die vrou. Daarom neem enige alternatiewe teorieë vroulike kenmerke aan, want dit word nie beskou as 'n universele standaard nie. Van Marle ondersteun Smart se kritiek en dui daarop aan dat feministiese teorie eerder moet poog om

[419] Ek argumenteer dat die reg nie 'n ondersteunende rol sou speel in die onderdrukking van die vrou, indien dit met verbeelding benader word nie. Die reg sal dus 'n universele geregtigheid aanneem waaronder vroue en mans se gelykheid en waardigheid verseker sou wees.
[420] Hoofstuk 2, bl 20-25.



© University of Pretoria

die patriargie uit te daag as ŉ 'mindere regsleer', as om ŉ universele teorie/ model aan te neem.

Wanneer die reg benader word as universeel gee dit ŉ eenvormigheid aan die reg – hierdie eenvormigheid is die reg sonder verbeelding. Soos Smart, dui Antaki ook aan dat die reg magtig is, maar dat dit beheer word deur die mens om soveel voordeel as moontlik vir die dominante sisteem in te hou. Ek het die verskeie regsverbeeldings bespreek en hulle vereiste dat die reg as letterkunde geïnterpreteer word.

Die tweede aspek van hierdie hoofstuk wat ek bespreek het is die idee van ŉ derde sfeer wat ŉ variasie is van Kistner se derde ruimte, en gebaseer is op die 'imaginary domain' van Cornell. My teorie van ŉ derde, kreatiewe sfeer deel kenmerke van die 'imaginary domain' soos dat beide ŉ psigiese ruimte is wat vryheid van die individue kan verseker en nie afhanklik is van ander mense nie. My teorie wil ek verder spesifiseer vir vroue weens die feit dat hulle ŉ fisiese tekort aan ŉ kreatiewe sfeer het. Vroue verkeer in ruimtes waaraan hulle gewoond is of beperk word, soos die tuiste en veral die kombuis. Sodra hulle intree in die derde, kreatiewe sfeer sal dit vir hulle moontlik wees om hulself te erken vir die kreatiewe werk wat hulle verrig, wat algemeen beskou word as daaglikse aktiwiteite.

Soos ek voorheen aangedui het met die storie van Artemis, het die vrou nie ŉ fisiese ruimte of grondslag nodig om haarself na hierdie kreatiewe sfeer te plaas nie, want sy verplaas haarself daarheen deur haar verbeelding.

Die derde, kreatiewe sfeer sou nie ŉ teorie wees wat tradisionele regshervorming voorgeskryf het nie, want die beleid en syfers agter die reg sou nie die geleentheid kon bied om ŉ derde, kreatiewe sfeer vir elke vrou te gee nie. Soos sfere geherinterpreteer kan word deur verbeelding, wil ek ook voorstel dat die reg geherinterpreteer moet word deur verbeelding. ŉ Derde, kreatiewe sfeer vorm nie deel van ŉ universele hoofstroom regsleer nie, dit sal eerder ŉ rebelse en onbekende teorie wees wat vir die vrou die moontlikheid gee om haarself kreatief uit te leef sonder om haarself te verskuif in ruimte. Soos die vrou in haar derde, kreatiewe sfeer besig is om vir haar familie kos voor te berei en resepte te beproef, of om kwiltwerk te doen bewaar sy identiteit en kultuur.



© University of Pretoria

Hierdie teorie sal uitdagend bly vir die regshervorming weens die feit dat die reg met al sy mag nie 'n soortgelyke teorie sal kan ontwikkel nie. Die reg sal dit self nie kan manipuleer om 'n soortgelyke sfeer te skep wat dieselfde erkenning en voordeel vir die vro5u inhou nie. Enige teorie en sfeer wat die reg sal ontwikkel sal die vrou wil beheer en die derde, kreatiewe sfeer is 'n sfeer wat die vrou beheer. Regshervorming se beleid en wetenskap sal die derde, kreatiewe sfeer beperk en reduseer tot syfers en fisiese ruimtes. Die derde, kreatiewe sfeer is 'n ruimte wat die vrou haar eie kan noem.



© University of Pretoria

## 5. Hoofstuk vyf: Gevolgtrekking

In hierdie skripsie het ek geargumenteer dat die vrou slegs erkenning sal kry vir haar kreatiewe werke mits sy dit toepas in 'n derde, kreatiewe sfeer. Die derde sfeer is 'n sfeer wat uit die verbeelding uit lewe sal kry, aangesien die reg beperkinge het wat dit nie moontlik maak vir die vrou om haar reg tot kreatiwiteit uit te leef soos dit gewaarborg is in artikel 16(1)(c) van die Grondwet.

In hoofstuk twee het ek 'n uiteensetting verskaf van die tyd en die sfere waarin die vrou haarself bevind. Die ontwikkeling van vroulike tyd het gepaard gegaan met die vrou se verplasing tussen die private en publieke sfeer. Die drie fases van vroulike tyd het ook drie strategieë aan hulle gekoppel – elke strategie bestaan uit 'n dualisme wat geseksualiseerd is. Weens die feit dat hierdie strategieë die manlike sy van die dualisme bevoordeel, is dit moontlik vir mans om vroue onderdruk te hou in die private sfeer. Die man se ommegang met die wêreld is anders as dié van 'n vrou – die vrou benader die wêreld met sorg, terwyl die man dit benader met 'logic of justice'.[421] Die verplasing van die vrou tussen sfere word benader deur ondersoek in te stel tussen die tradisionele verskille tussen die private en publieke sfeer en die verstrengeling van hierdie sfere. Dit kan slegs uiteengesit word indien die verskil tussen arbeid, werk en aksie uitgebeeld word en die geslagsrolle wat aan hulle gekoppel is. Arbeid is 'n herhalende proses wat geen eindproduk lewer nie – dit is 'n proses soos voortplanting en kan dus as vroulik beskou word. Werk is die produk wat 'n mens lewer en dit getuig van die permanente menslike bestaan in die wêreld. Werk het manlike eienskappe – dit saai verwoesting in die natuur met die doel om sy eie bestaan te verseker. Aksie is die proses van dinge in proses sit (soos die geboorte van 'n kind), maar dit moet 'n gehoor trek en bestaan dus voort in die publieke sfeer. Aksie het beide manlike en vroulike eienskappe. Die verdwyning van die tradisionele skeiding tussen die publieke en private sfeer kan toegeskryf word aan die feit dat die mensdom meer waarde vind in die werk van ander as in hulle spraak. Die sfere het aanvanklik aparte kenmerke gehad, maar het oorvleuel en verstrengel weens die feit dat uiteenlopende gemeenskappe gevorm het; en die feit dat ekonomie verskuif het vanuit die private sfeer na die publieke sfeer, met die doel om die verskillende gemeenskappe te onderhou. Rahel Varnhagen se salon word gebruik as

421 Gilligan (1982) 30.



© University of Pretoria

voorbeeld van hoe een ruimte beide private en publieke eienskappe gehad het. Buiten vir die feit dat private sfeer gekenmerk is ŉ vroulike sfeer, is dit ook die sfeer wat gebonde is aan kreatiwiteit. Die publieke sfeer is manlik en is gebonde aan uitvinding. Die vrou is haar eie muse – sy het nie soos ŉ man, ŉ muse nodig vir inspirasie nodig nie. Sy is haar eie inspirasie. Vroue beoefen hul kreatiwiteit in die kantlyne en is mededeelsaam daarmee. Mans glo daaraan om hulle werk onder kopiereg te beskerm, sodat die individu beskerm kan word. Vroue moet voortgaan om hulle kreatiwiteit in die kantlyne te beoefen weens die feit dat dit hulle kreatiewe werk sal beskerm teen die reëls en regulasies van die manlike kopiereg. Vroue leef vrylik hulle kreatiwiteit uit in die kantlyne.

In my derde hoofstuk het ek konsep van tuiste benader en watter impak dit kan hê indien die term herskryf kan word. Die herskryf van die tuiste sou slegs moontlik wees indien tuiste as ŉ werkwoord eerder as ŉ selfstandige naamwoord beskou word. Dit sal die tuiste ŉ plek maak wat nie stagnerende eienskappe het nie – eienskappe wat die patriargie aan die tuiste gegee het. Die tuiste moet ŉ ruimte wees waarin daar kreatiwiteit en transformasie plaasvind. Kultuur en identiteit word geskep en ontwikkel in ŉ ruimte waar vroulike kreatiwiteit beoefen word. Die identiteit van die vrou is nie beperk tot die tuiste nie, maar vorm ook deel van die landskap waarin sy verkeer. Die patriargie het die landskap so gedefinieer dat die natuur die vrou nie as ŉ neutrale wese beskou nie, maar as ŉ wese met oorbodige fisiese eienskappe. Vir die vrou is daar geen ruimte waarin sy kan wees waarin die patriargie haar nie reeds gedefinieer het nie en dus bestaan daar ŉ tekort aan ŉ alternatiewe ruimte vir haar om haar vroulike kreatiwiteit in uit te kan leef. Ek het verwys na twee vroue wat die beperkte ruimte wat die patriargie vir hulle voorgeskryf het, gebruik het om in ŉ kreatiewe sfeer te verander vir hulself. Penelope, die wewer het die tyd wat sy moes gebruik het om ŉ trourok vir haarself te weef, gebruik om ŉ ruimte vir haarself te skep buite die tyd van die patriargie. Suster Juana het die kombuis as ŉ inspirasie gebruik vir haar literêre kuns. Huishoudelike aktiwiteite dra meer waarde tot kultuur en identiteit as wat die tuiste doen – die kos wat voorberei word voorberei vanaf ŉ familieresep en word voorberei met ŉ sekere tradisie ingedagte. Die foto's wat opgehang word herinner aan familie en samesyn en het die vermoë om ŉ vreemde ruimte in ŉ tuiste te verander.



© University of Pretoria

In my finale hoofstuk gaan ek te werk met die die ontwikkeling van die derde kreatiewe sfeer. Dit is die derde sfeer vanweë die feit dat die publieke en private sfeer die eerste sfere was en nie meer in hulle tradisionele definisie bestaan nie. Patriargie het reeds beide van hierdie sfere gedefinieer vir die vrou en daarom is daar 'n tekort aan 'n nuwe sfeer waarin daar kreatiewe vroulike voordeel vir die vrou lê. Die rede vir verbeelding as die oplossing is weens die feit dat die reg (gepaard met ander vakgebiede in die geesteswetenskappe) gereduseer word tot 'n wetenskap. Die mens is ontbind van haar menslikheid en verbeelding is dus nodig om die mens te laat terugkeer na die menslikheid. Weens die feit dat daar 'n leemte in die reg is om die potensiaal van die artistieke kreatiwiteit van die vrou te verseker, moet die reg met verbeelding benader word om te verseker dat geregtigheid sal geskied. Die feit dat die vrou nie haar reg tot artistieke kreatiwiteit kan uitleef nie is 'n regsprobleem. Die probleem met regsprobleme is die feit dat daar na die reg gedraai word vir oplossings. Indien daar dominante teorieë gevorm word oor regsprobleme, veral in konteks van feministiese regsprobleme, dan benader feministe hul regsprobleme op dieselfde manier as wat die patriargie dit benader. Feministiese regsprobleme kan eerder vanuit 'n 'mindere regsleer' benader word om te verseker dat hierdie mindere, gemarginaliseerde regsprobleme die universele regsisteem meer uitdaag as die konvensionele metodes.[422] Die derde, kreatiewe sfeer is 'n verbeeldingsfeer en dit word geskoei op die model van die 'imaginary domain'.[423] Dit is 'n sfeer wat geskep was om te verseker dat elke persoon op haar eie terme erken kan word en sodoende die vryheid van die persoon verseker. Die voordeel van hierdie benadering is dat die vrou se kreatiewe sfeer net beperk is tot 'n fisiese ruimte nie, maar 'n ruimte in die verbeelding waarin haar kreatiwiteit op haar eie terme erken kan word.

422 Van Marle (2012) 152-157.
423 Cornell (1995) 4.



© University of Pretoria

## 6. Bibliografie

### a. Artikels

Antaki M 'The Turn to the Legal Imagination' (2012) 23:1 *Law Critique 1*

Bradley J 'On Teaching Women and Creativity: Speaking from the Margins' (1989) *Paper presented at the annual meeting of the National Women's Studies Association* June 14-18

Constable M 'Genealogy and Jurisprudence: Nietzsche, Nihilism and the Social Scientification of Law' (1994) 19:3 *Law and Social Enquiry* 551

Cornell D 'Musings - The Solace of Resonance' (2005) *Hypatia* 20

Gambotto-Burke A 'The Gift of Feminity' (2012) *Elle Magazine* 22

Gupta R 'Copyright v Copyleft: A Feminist Perspective on Marginalization Under Copyright Laws' (2011) *National University of Juridical Sciences Law Review* 65 January-March 6

Kistner U 'Unchaining the Human of the Humanities' (2012) 38:1 *Social Dynamics* March 15

Klare K ' Legal Culture and Constitutionalism' (1998) 146 *South African Journal of Human Rights*137

Kristeva J 'Women's Time' (1981) 7:1 *Signs* Autumn13

Van Marle K 'Transformative Constitutionalism As/And Critique (2009) 20:2 *Stellenbosch Law Review 1*

Van Marle K ' "We exist, but who are we?" Feminism and the Power of Sociological Law' (2012) 20:12 *Feminist Legal Studies* 149

Viljoen L 'Antjie Krog en Haar Literêre Moeders: Die Werking van 'n Vroulike Tradisie in die Afrikaanse Poësie' (20007) 44:2 *Tydskrif vir Letterkunde* 5

Weagel D 'Sor Juana Inés de la Cruz in Seventeenth-Century New Spain and Finding a Room of one's own' (2005) 7:1 *CLC Web: Comparative Literature and Culture* 1

Wolff E 'Oor die Estetika van Kos en Kookkuns' (2006) 25:4 *South African Journal of Philosophy* 291

### b. Boeke

Albertyn C 'Feminism and the Law' in Roederer C and Moellendorf D (eds) (2004) *Jurisprudence* Pretoria: Juta

Arendt H (1958) *The Human Condition* Chicago: University of Chicago Press

Arendt H, Weissberg L (ed) (1997) *Rahel Varnhagen: The Life of a Jewess* Maryland: Johns Hopkins University Pres

Benhabib S (2003) *The Reluctant Modernism of Hannah Arendt* Maryland: Rowman and Littlefield Publishers

Berkowitz R (2005) *The Gift of Science: Leibniz and the Modern Legal Tradition* Massachusetts: President and Fellows of Harvard College

Cavarero A (1995) *In Spite of Plate: A Feminist Rewriting of Ancient Philosophy* London and New York: Routledge



© University of Pretoria

Cornell D (1995) *The Imaginary Domain: Abortion, Pornography and Sexual Harassment* London and New York: Routledge
Du Toit L 'Feminism and the Ethics of Reconciliation' in Veitch S (ed) (2007) *Law and the Politics of Reconciliation* Hampshire: Ashgate Publishing Limited 185
Gilligan C (1982) *In a Different Voice: Psychological Theory and Women's Development* Massachusetts: Harvard University Press
Humm M (1995) *The Dictionary of Feminist Theory* The University of Michigan: Ohio State University Press
Krolokke C and Sorenson A (2006) *Gender Communication: Theories and Analyses: From Silence to Performance* Cailfornia: Sage Publications
MacKinnon C (1987) *A Feminism Unmodified: Discourse on Life and Law* Massachusetts: Harvard College
Ndebele N (2003) *The Cry of Winnie Mandela* Claremont: New Africa Books
Olsen F 'The Sex of Law' in Kairys D (ed) (1998)T*he Politics of Law: A Progressive Critique* (3rd edition) New York:Basic Books 691
Rose G (1993) *Feminism and Geography: The Limits of Geographical Knowledge* Minnesota: Blackwell Publishers
Rose G (2010) *Doing family Photography: The Domestic, the Public and the Politics of Sentiment* Farnham: Ashgate Publishing Limited
Smart C (1989) *Feminism and the Power of Law* London and New York: Routledge
Taub N and Schneider ME 'Women's Subordination and the Role of Law' in Kairys D (ed) (1998)T*he Politics of Law: A Progressive Critique* (3rd edition) New York:Basic Books 328
Woolf V (1929) *A Room of One's Own* New York: Broadview Press
Young IM (1997) *Intersecting Voices: Dilemmas of Gender, Political Philosophy and Policy* New Jersey: Princeton University Press

## c. Sake

Afri-Forum and Another v Malema and Others (20968/2010) [2011] ZAEQC 2; 2011 (6) SA 240 (EqC); [2011] 4 All SA 293 (EqC); 2011 (12) BCLR 1289 (EqC) (12 September 2011).
Barkhuizen v Napier [2007] ZACC 5; 2007 (5) SA 323 (CC)
Bhe and Others v Magistrate Khayelitsha and Others [2004] ZACC 17; 2005 (1) SA 580 (CC)
Dikoko v Mokhatla (CCT62/05) [2006] ZACC 10; 2006 (6) SA 235 (CC); 2007 (1) BCLR 1 (CC) (3 August 2006)
Everfresh Market Virginia (Pty) Ltd v Shoprite Checkers (Pty) Ltd (CCT 105/10) [2011] ZACC 30; 2012 (1) SA 256 (CC); 2012 (3) BCLR 219 (CC) (17 November 2011)
Hoffmann v South African Airways [2000] ZACC 17; 2001 (1) SA 1 (CC)
Incorporated Law Society v Wookey 1912 AD 623
Masethla v President of RSA [2007] ZACC 20; 2008 (1) SA 566 (CC)
Port Elizabeth Municipality v Various Occupiers 2005 (1) SA 517 (CC)
S v Makwanyane and Another 1995 (6) BCLR 665 (CC)



© University of Pretoria

The Citizen 1978(Pty) Ltd and Other v McBride (CCT 23/10) [2011] ZACC 11; 2011 (4) SA 191 (CC); 2011 (8) BCLR 816 (CC) (8 April 2011)
Union of Refugee Women v Private Security Industry Regulatory Authority 2007 (4) SA 395 (CC)

### d. Webwerwe

Economist Intelligence Unit *South Africa Politics: A Flawed Democracy* [Aanlyn] http://country.eiu.com/South%20Africa (Ontsluit: 27/10/2013)
Jebb RC *Antigone by Sophocles* [Aanlyn] http://classics.mit.edu/Sophocles/antigone.html (Ontsluit 27/10/2013)
Rampton M (2008) *The Three waves of Feminism* [Aanlyn] http://www.pacificu.edu/magazine_archives/2008/fall/echoes/feminism.cfm(Ontsluit: 27/10/2013) The Magazine of Pacific University Fall 2008
Statistics South Africa (2012) *Victims of Crime Survey 2011* [Aanlyn] http://www.statssa.gov.za/publications/P0341/P03412011.pdf(Ontsluit: 27/10/2013)

### e. Wetgewing

Grondwet van Suid-Afrika,108 van 1996
Kinderwet,28 van 2005
Women's Legal Practioner' Act, 7 van 1923



© University of Pretoria